 - die ononderbroke periode waarvoor die eiendom vir sodanige gebruik voor die opening van die betrokke dorpsregister aangewend was;
 - 'n skriftelike bevestiging deur 'n derde party van die beweerde gebruik van die grond op die datum van die betrokke dorpsregister, en
 - 'n Aktebesorgersertifikaat wat bevestig watter (indien enige) titelaktevoorwaardes op die grond ter sprake, van toepassing is.
- 2.4.5 Die bepalings van die Swartland Soneringskemaregulasies sal op alle aansoeke soos aan die Raad voorgelê vir die bepaling van die wettige gebruik van grond, van toepassing wees, asook op bepalings wat die Raad beoog om op sy eie inisiatief in terme van 2.4.1 en 2.4.3 te maak.
- 2.4.6 Met ingang van die datum wat die Raad 'n bepaling in terme van 2.4.5 maak, sal die grond betrokke beskou word gesoneer te wees in ooreenstemming met sodanige bepaling, en die soneringskaart moet aangepas word, indien nodig, om sodanige sonering te reflekteer.
- 2.5 Vooraansoek-konsultasie**
- 2.5.1 Addisioneel tot die vereistes soos gestel in enige ander wetgewing, geld die volgende prosedures met betrekking tot aansoeke vir afwykings, hersonering, onderverdeling en vergunningsgebruik.
- 2.5.2 'n Aansoeker vir goedkeuring van 'n afwyking, hersonering of onderverdeling in terme van hierdie Regulasies of vir 'n vergunningsgebruik of ander goedkeuring, mag die munisipale bestuurder nader vir vooraansoek-konsultasie, hetsy per telefoon, persoonlike ontmoeting of korrespondensie, om vas te stel watter wette, verordeninge, regulasies, beleid en ander voorskrifte ten opsigte van die beoogde aansoek van toepassing is.

BESLUTE & TOEPASSING

2.6 Prosedures vir besluite

- 2.6.1 Die Raad moet, wanneer 'n aansoek in terme van hierdie Regulasies oorweeg word, die volgende in ag neem:
- die wenslikheid van die voorgestelde grondgebruik, wat insluit die evaluering daarvan in die lig van die beginsels soos na verwys in hierdie Regulasies;
 - enige besware ontvang in reaksie op die advertering van die aansoek sowel as kommentare ontvang van ander owerheidsinstansies;
 - enige reaksie ontvang van die aansoeker op die besware en kommentare, en
 - enige goedgekeurde geïntegreerde ontwikkelingsraamwerk, sektorale plan of strukturplan wat op die aansoek of betrokke gebied van toepassing is.
- 2.6.2 Die munisipale bestuurder moet, binne 120 dae van die datum van die aansoek, die aansoeker, alle beswaarmakers en alle persone wie skriftelike kommentaar binne die voorgeskrewe tydperk gelewer het, in kennis stel van die Raad se besluit, op voorwaarde dat:
- sodanige periode met die skriftelike instemming van die aansoeker verleng mag word, en
 - enige tyd deur die aansoeker gebruik:
 - om op besware of kommentare soos deur die munisipale bestuurder aan die aansoeker voorsien, te reageer, of
 - om enige vereiste impakbepaling te voltooi en 'n verslag aan die munisipale bestuurder te voorsien, nie in ag geneem moet word nie.
- 2.6.3 Die munisipale bestuurder moet in sodanige kennisgewing die redes vir die Raad se besluit verskaf.
- 2.6.4 Indien enige skriftelike beswaar of kommentaar in die vorm van 'n petisie was, sal die skriftelike kennisgewing aan die persone soos bedoel in terme van 2.3.2(b) geag word as voldoende kennisgewing te wees vir doeleindes van hierdie Regulasies, met dien verstande dat:
- indien die petisielede nie aan die voorwaardes van afdeling 2.3.2(b) hierbo voldoen het nie, skriftelike kennisgewing aan enigeen van die persone wat sodanige petisie geteken het, beskou kan word as voldoende kennisgewing vir doeleindes van hierdie Skemaregulasies, en
 - indien die Raad dit 'n meer effektiewe manier ag om sy besluit rakende die aangeleentheid waarmee die petisie verband hou, publiserings in die pers van 'n kennisgewing waarin bevestig word dat die besluit op sodanige manier geneem is asook die plek waar en die ure waartydens besonderhede van die aangeleentheid beskikbaar sal wees vir inspeksie, as voldoende kennisgewing vir doeleindes van hierdie Regulasies beskou kan word.
- 2.6.5 Indien die Raad 'n aansoek toestaan waarteen daar 'n beswaar gedurende die tydperk gestipuleer, ontvang is, word sodanige goedkeuring opgeskort totdat die munisipale bestuurder skriftelik aan die aansoeker bevestig dat geen

appèl teen sodanige goedkeuring ontvang is nie, of in die geval waar 'n appèl wel ontvang is, dat die appèl deur die betrokke owerheid afgehandel is.

- 2.6.6 Indien geen appèl binne die voorgeskrewe periode ontvang is nie, moet die munisipale bestuurder die aansoeker dienooreenkomstig skriftelik in kennis stel binne 14 dae nadat sodanige periode verstryk het.
- 2.6.7 Elke kennisgewing in terme van 2.6.2 moet per geregistreerde pos aan die geadresseerde gestuur word en moet wys op die geadresseerde se reg tot appèl, indien van toepassing.

2.7 Voorwaardes van goedkeuring

- 2.7.1 Die Raad mag voorwaardes van goedkeuring onder hierdie Regulasies oplê, wat in ooreenstemming is met die vereistes van die Ordonnansie en wat bepalings kan insluit wat nie in hierdie Regulasies vervat is nie of wat meer of minder beperkend mag wees as die standaard-bepalings op die sone van toepassing.
- 2.7.2 Voorwaardes opgelê deur die Raad by goedkeuring het dieselfde krag en effek asof dit deel is van hierdie Regulasies.
- 2.7.3 Voorwaardes van goedkeuring opgelê onder die Dorpe-ordonnansie of die Ordonnansie bly van toepassing op die grond ter sprake in soverre die voorwaardes meer beperkend is as die bepalings van hierdie Regulasies, tensy gewysig volgens voorgeskrewe proses.
- 2.7.4 Die Raad mag voorwaardes van goedkeuring vir 'n vergunningsgebruik oplê wat:
- die vergunningsgebruikregte beperk tot 'n spesifieke eienaar of bewoner van die grond, en sodanige vergunning sal verstryk indien die betrokke eienaar of bewoner die grond ontruim;
 - die vergunningsgebruik beperk vir 'n voorgeskrewe tydperk, of
 - vereis dat die vergunningsgebruik ter sprake nie die potensiaal van daardie grond negatief sal beïnvloed ten opsigte van sy primêre gebruik in terme van hierdie Regulasies nie.
- 2.7.5 Die Raad mag slegs voorwaardes in terme van 2.7.4 oplê indien die vergunningsgebruik ter sprake:
- besondere vaardighede en ondervinding van die operateur vereis;
 - op 'n deurlopende grondslag gemonitor moet word om te verseker dat dit nie die aantreklikheid van die omliggende omgewing negatief sal beïnvloed nie, of
 - in skaal en impak beperk behoort te word.

2.8 Die Raad mag handelinge magtig en kondoneer

- 2.8.1 Wanneer 'n handeling in terme van hierdie Regulasies uitgevoer moet word op 'n spesifieke manier of teen 'n sekere tyd en sodanige handeling is nie sodanig hanteer nie, mag die Raad, indien dit tevrede is dat die manier waarop die handeling gedoen is, nie die regte van enige ander persoon materieel raak nie, die uitvoering van sodanige handeling magtig op sodanige manier of teen sodanige tyd soos vereis, en die handeling sal geag word as wettig uitgevoer te wees in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Regulasies.
- 2.8.2 Wanneer publieke kennisgewing in terme van hierdie Regulasies vereis word en die bepalings vir sodanige kennisgewing word nie ten volle aan voldoen nie, mag die Raad, indien dit tevrede is dat die nie-nakoming nie die regte van enige ander persoon materieel raak nie, die nie-nakoming kondoneer, en die handeling sal geag word as wettig gegewe in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Regulasies te wees.
- 2.8.3 Behalwe waar uitdruklik voorsiening gemaak word vir die teendeel in hierdie Regulasies, kan geen Raadsgoedkeuring, vrystelling, kennisgewing, bevel of aksie wat verband hou met die uitvoer van die bepalings van hierdie Regulasies, ongeldig wees of ter syde gestel word slegs weens gebreke in formaliteit nie.

2.9 Toepassing

- 2.9.1 Indien enige persoon van mening is dat enige bepaling van hierdie Regulasies of 'n voorwaarde van goedkeuring opgelê onder hierdie Regulasies, oortree is of word, mag sodanige persoon 'n skriftelike klag wat aksie vereis, by die munisipale bestuurder lê.
- 2.9.2 Waar daar, na die mening van die Raad, enige oortreding van hierdie Regulasies of 'n voorwaarde van goedkeuring voorkom, mag die Raad 'n skriftelike aanmaning op die beweerde oortreder dien en indien die beweerde oortreder nie die eienaar van die betrokke grond is nie, ook op die grondeienaar, om sodanige persoon of persone te verplig om die teenstrydigheid reg te stel.
- 2.9.3 'n Skriftelike aanmaning in terme van 2.9.2 moet die volgende inligting bevat:
- die volle besonderhede van die eienaar van die betrokke grond;
 - 'n gedetailleerde beskrywing van die beweerde oortreding;
 - die aanmaning waaraan voldoen moet word om die saak reg te stel;

- (d) die boetes betaalbaar in geval van 'n skuldigbevinding, en
 - (e) die datum gespesifiseer vir nakoming van die aanmaning.
- 2.9.4 'n Persoon op wie daar 'n aanmaning gedien word in terme van 2.9.2, moet aan sodanige aanmaning voldoen binne die tydperk gestipuleer, self al betwis hy of sy die bestaan van die teenstrydigheid, en indien daar nie voldoen word nie, mag die Raad 'n interdik of ander toepaslike regshulp in 'n Geregte Hof bekom.
- 2.9.5 Die Raad mag, wanneer 'n aanmaning in terme van 2.9.2 uitgereik word, enige goedkeuring soos gegee onder die Ordonnansie of hierdie Regulasies, ophef, afhangende van die uitslag van 'n appèl.
- 2.9.6 Indien die Raad 'n aanmaning uitgereik het rakende nie-nakoming van hierdie Regulasies of voorwaardes van goedkeuring opgelê onder hierdie Regulasies en die persone aan wie sodanige aanmaning uitgereik is in terme van 2.9.2, slaag nie daarin om presies te voldoen aan die voorskrifte nie, mag die Raad die tersaaklike goedkeuring terugtrek met 'n skriftelike kennisgewing aan die geaffekteerde partye.
- 2.9.7 Niks vervat in hierdie Regulasies en geen goedkeuring toegestaan onder hierdie Regulasies mag afbreuk doen aan of nakoming vrystel ten opsigte van:
- (a) enige van die Raad se verordeninge nie;
 - (b) enige reg waaroor die Raad beskik kragtens 'n serwituut of ooreenkoms nie ;
 - (c) enige bindende voorwaarde van goedkeuring in terme van hierdie Regulasies nie, of
 - (d) enige beperkende titelvoorwaarde nie.

ALGEMENE ADMINISTRASIE

2.10 Openbare ondersoek

Die munisipale bestuurder moet verseker dat 'n kopie van hierdie Regulasies, die soneringskaart en die register in die munisipale kantore beskikbaar is vir openbare bestudering en moet enige persoon die geleentheid bied om op redelike tye sodanige dokumente te bestudeer.

2.11 Geldigheid van inligting

Inligting rakende hierdie Regulasies of toelaatbare grondgebruike wat aan 'n persoon gegee word, sal slegs geldig wees indien dit op skrif is en deur 'n amptenaar soos deur die Raad gemagtig, onderteken is. Indien sulke inligting egter in konflik is met die voorskrifte van hierdie Regulasies, die soneringskaart of 'n goedkeuring toegestaan deur die Raad, sal dit ongeldig wees.

ARTIKEL 3: MAGTIGING

Swartland Soneringskemaregulasies is voorberei ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) en vervang enige ander Soneringskemaregulasies, hetsy afgekondig al dan nie, asook enige goedgekeurde wysigings van sodanige soneringskemas wat tot datum afgekondig is.

Swartland Soneringskemaregulasies tree in werking vanaf die datum van publikasie van die aanvaarding daarvan in die Provinsiale Koerant, vir of namens die munisipaliteit.

Indien enige bepaling in hierdie Soneringskemaregulasies deur 'n Geregte Hof ongeldig verklaar sou word, sal sodanige bepaling van die restant van die Soneringskemaregulasies geskei kan word en nie die geldigheid van die oorblywende bepalings van hierdie Soneringskemaregulasies raak nie.

ARTIKEL 4: GEBIED VAN DIE SWARTLAND SONERINGSKEMAREGULASIES

Die gebied waarop die Swartland Soneringskemaregulasies van toepassing is, is die regsgebied van die Munisipaliteit Swartland soos aangedui op die kaart gepubliseer in die Provinsiale Koerant as 'n bylae tot die kennisgewing van aanvaarding van hierdie Soneringskemaregulasies.

ARTIKEL 5: VERANTWOORDELIKE OWERHEID

Munisipaliteit Swartland is die owerheid verantwoordelik vir die toepassing en uitvoering van die bepalings van die Swartland Soneringskemaregulasies.

ARTIKEL 6:	WOORDOMSKRYWINGS
-------------------	-------------------------

In die Swartland Soneringskema-regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

A

aanhou van diere, die akkommodasie van diere op 'n deelydse basis;

aanvangsdatum, die datum van inwerkingtreding van hierdie Regulasies;

addisionele wooneenheid, 'n wooneenheid wat opgerig kan word op 'n landbou grondeenheid waar 'n toegelate woonhuis eers opgerig is, in 'n sone waar 'addisionele wooneenheid' 'n primêre of vergunningsgebruik is, met dien verstande dat:

- (i) die addisionele wooneenheid op dieselfde kadastrale eenheid opgerig word as die wooneenheid wat eerste daar opgerig is;
- (ii) die addisionele wooneenheid moet voldoen aan die ander tersaaklike vereistes wat in hierdie Regulasies voorgeskryf word;
- (iii) die addisionele wooneenheid 'n kleiner vloerruimte as die woonhuis wat eerste opgerig is, moet hê;
- (iv) in die Landbousone 1, 'n maksimum van een addisionele wooneenheid toegelaat kan word as die kadastrale eenheid nie groter as 10 ha is nie, of as dit groter as 10 ha is, dan 'n maksimum van 2, 3, 4 of 5 addisionele wooneenhede as die oppervlakte van die kadastrale eenheid groter as 10, 20, 30 of 40 ha onderskeidelik, is;

adverteer, met betrekking tot 'n aangeleentheid kragtens hierdie Regulasies, om 'n kennisgewing te beteken aan elke eienaar van grond wat na die mening van die munisipale bestuurder belang by die aangeleentheid het en wie se adres hy ken of kan verkry en, indien die genoemde munisipale bestuurder aldus besluit, om 'n kennisgewing in die Provinsiale Koerant en in die pers te publiseer waarin:

- (i) die plek waar en die ure waartydens besonderhede van die aangeleentheid ter insae beskikbaar sal wees, aangedui word, en
- (iii) vermeld word dat besware ingedien kan word by iemand in die kennisgewing aangedui voor 'n datum insgelyks aangedui, wat minstens 21 dae moet wees ná die datum waarop die kennisgewing aldus beteken word of aldus gepubliseer word, en het "**advertensie**", tensy anders aangedui, 'n ooreenstemmende betekenis;

advertensie, wanneer in die konteks van buitelugadvertering gebruik, enige sigbare voorstelling van 'n woord, naam, letter, figuur of voorwerp of 'n afkorting van 'n woord of naam, of enige teken of simbool of lig wat nie uitsluitlik bedoel is vir beligting of waarskuwing teen gevaar nie;

adverteringstruktuur, enige fisiese struktuur wat gebou is om 'n advertensie te vertoon;

afwyking, die betekenis wat in die Ordonnansie daaraan geheg word;

afwykende gebruik, die gebruik van grond wat wettig was voor die aanvangsdatum, maar wat nie voldoen aan die gebruik of die ontwikkelingsbestuurbeplanning neergelê in hierdie Regulasies nie, en bly dit 'n wettige gebruik solank geen veranderings wat bouplangoedkeuring vereis, aangebring word nie;

agtergrens, met betrekking tot 'n grondeenheid, elke grens daarvan, behalwe die straat- of sygrense, wat parallel met, of binne 45° van parallel met, 'n straatgrens van so 'n grondeenheid is en wat nie 'n straatgrens ontmoet nie, met dien verstande dat, in die geval van 'n pansteel-eiendom, die Raad moet bepaal watter grens indien enige, die agtergrens is;

aktiwiteitsas, 'n openbare straat, wat 'n bestaande of beplande openbare vervoerrote insluit, en aanliggende grond wat gebruik word of beoog word vir gebruik vir gemengde-gebruik ontwikkeling;

aktiwiteitskorridor, 'n gebied van algemene hoër-digtheid stedelike ontwikkeling wat gebruik word of geskik is vir verdigting, parallel aan en aan beide kante van 'n aktiwiteitsas, en sluit dit enige gepaardgaande hoër-orde vervoerroetes soos spoorlyne en deurpaaie in;

antenna, enige stelsel van drade, pale, stawe, weerkaatsende oppervlaktes, satellietskottel, TV-antenna of soortgelyke toestelle, wat gebruik word vir die versending of ontvangs van elektroniese kommunikasiesêne of elektromagnetiese golwe;

appèl, 'n aansoek na die bevoegde gesag vir die hersiening van 'n besluit;

aquakultuur, die kweek van water-fauna en flora in kunsmatig vervaardigde damme, ingeslote nette en houers in natuurlike mere en strome;

atrium, 'n bedekte binnehof wat uit 'n oop spatie binne 'n gebou bestaan vir een verdieping of meer in hoogte, maar wat geen vloere bevat wat die oop spatie binnedring nie; 'n atrium bevat 'n vloer en 'n dak of plafon;

B

balkon, 'n vloer wat uitsteek buite die gebou op 'n vlak hoër as die grondvloer, toegemaak slegs deur lae mure of reëlings of deur stutmure van vertrekke teenaan die vloer wat uitsteek, en sluit dit 'n dak, indien enige, oor sodanige vloer en pilare wat die dak ondersteun, in;

bed-en-ontbyt bedryf, 'n woonhuis of tweede wooneenheid waarin die bewoner van die wooneenheid losies en maaltye teen vergoeding verskaf aan deurreisende gaste wat elders 'n permanente woonplek het, met dien verstande dat:

- (i) die hoofgebruik van die betrokke wooneenheid vir bewoning deur 'n enkel gesin behoue sal bly, en
- (ii) die eiendom aan die vereistes van toepassing op 'n bed-en-ontbyt bedryf, voldoen;

begraafplaas, 'n plek waar afgestorwenes begrawe word, en mag dit geboue insluit wat vir die godsdienstige, administratiewe en klerklike gebruike wat daarmee geassosieer word, benodig word, maar sluit dit nie 'n krematorium in nie;

begrafnisondererneming, 'n perseel waar afgestorwenes voorberei word om begrawe of veras te word, en sluit dit fasiliteite wat vir verbandhoudende aktiwiteite, administrasie en godsdienstige funksies gebruik word, in;

beheergebied, wanneer dit in die konteks van buitenshuise advertering gebruik word, 'n gebied waar advertensiebeheer toegepas moet word, soos maksimum-, gedeeltelike of minimum-beheer, in ooreenstemming met die visuele sensitiwiteit van die gebied en die verkeersveiligheidstoestand;

beroepsbeoefening, dieselfde as “tuisberoep”;

bestaande gebruik, die gebruik, soos bepaal deur die Raad in terme van toepaslike wetgewing, of wat in werklikheid en wetlik op grond of in 'n struktuur of gebou of deel daarvan na die Raad se mening uitgeoefen word, en het “**bestaande gebou**” dieselfde betekenis;

bewaringsgebruik, die gebruik en/of onderhoud van grond in sy natuurlike staat met die doel om die biofisiese eienskappe van die grond, insluitend die flora en fauna wat op die grond voorkom, te bewaar;

bewaringswaardig, wanneer in die konteks van 'n erfenisgebied gebruik word, die graad van kulturele of historiese belang van 'n plek en die relatiewe waarde daarvan vir bewaring, soos deur die Raad bepaal;

bewaringswaardige boom, 'n beskermde boom soos gelys ingevolge Artikel 12 van die Nasionale Bosbou Wet, 1998 (Wet 84 van 1998), dus 'n boom hoër as 6m, met 'n stam-omtrek van meer as 1,5m gemeet 1m van die grond af, en wat nie verklaar is as 'n indringerspesie vir die Wes-Kaap onder Artikel 2(3) van die Wet op Bewaring van Landbou-Hulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), nie;

bewoner, enige persoon wat 'n gebou, 'n struktuur of grond fisies bewoon, of 'n persoon wat daarvoor verantwoordelik is of dit bestuur, en sluit dit die agent van enige persoon wat nie aanwesig is in die gebied nie of ten opsigte van wie dit onbekend is waar hy of sy is, in;

biosfeer-reservaat, gebiede van land-, kus- of marine-ekosisteme, of 'n kombinasie daarvan, wat internasionaal erken word binne die raamwerk van die Mens en Biosfeer Program van die Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kultuurorganisasie van die Verenigde Nasies (UNESCO);

biostreek, 'n geografiese gebied wat een hele of verskeie gevestigde ekosisteme bevat en deur bepaalde landvorme, plantbedekking, geskiedenis en menslike kultuur gekarakteriseer word;

bootlanseer fasiliteit, 'n perseel vanwaar bote te water gelaat word asook uitgehaal word en sluit 'n kaai en sleepheining in;

bouerswerf, 'n perseel wat gebruik word vir die opberg van materiaal en apparaat wat:

- (i) benodig word vir of normaalweg gebruik word vir konstruksie werk;
- (ii) verkry is van strukture wat afgebreek is of van uitgrawings van grond, of
 - (iii) benodig word of normaalweg gebruik word vir grondverbeterings, soos die opberg van materiaal wat gebruik word vir die bou van paaie, vir die installering van noodsaaklike dienste, of vir enige ander konstruksiewerk (byvoorbeeld sand of stene) vir publieke of private doeleindes;

boulyn, 'n denkbeeldige lyn op 'n grondeenheid wat die afstand van 'n bepaalde grens van die grondeenheid definieer, waarbinne die oprigting van geboue of ander strukture of gedeeltes daarvan, uitgesonderd 'n grensomheining, verbied word;

brandstof vulstasie, dieselfde as diensstasie;

bruto digtheid, 'n maatstaf van die aantal wooneenhede in 'n bepaalde gebied, en word dit vir die doel van hierdie regulasies soos volg bereken:

$$\begin{array}{l} \text{Bruto digtheid} \\ \text{van wooneenhede} \\ \text{per hektaar} \end{array} = \frac{\text{Totale aantal wooneenhede in 'n bepaalde gebied}}{\text{Oppervlakte van die bepaalde gebied in hektaar}}$$

bruto parkeerruimte, 'n oppervlakte wat een parkeerplek plus sirkulasie- en landskaperingsruimte vir een parkeerplek insluit;

bruto verhuurbare ruimte, die totale vloerruimte wat ontwerp is, of sodanig is, om gebruik en beheer te word deur huurders, gemeet van die middellyn van die gesamentlike afskortings tot by die binnekant van die afgewerkte oppervlakte van die buitemure, maar sluit dit toilette, hyserskagte, diensgange, vertikale indringings van verdiepings, onderdak-parkering en laaisones uit;

buitegebou, 'n struktuur, hetsy los van of vas aan die hoofeenheid, wat ontwerp is om normaalweg aangewend te word vir die huisvesting, die stoor van motorvoertuie of vir opbergingsdoeleindes in soverre hierdie gebruike gewoonlik en redelikerwys in verband met die hoofstruktuur nodig is, maar sluit dit nie addisionele wooneenhede in nie;

buitelug-ontspanningsfasiliteit, 'n gebied waar ontspanningsgeleenthede voorsien word hoofsaaklik in die buitelug, soos die volgende maar nie daartoe beperk nie: opelug-konserte en miniatuur gholf- en rolskaatsbane, gewoonlik vir kommersiële gewin;

buitenhuisse advertering, die handeling of proses van in kennisstelling, waarskuwing, inlig, bekendmaking of enige ander handeling van oordra van inligting op 'n visuele manier en wat in die buitelug plaasvind;

C

crèche, 'n fasiliteit vir bewaring van jong kinders in die afwesigheid van hul ouers, en mag daar na meer kinders omgesien word as wat toegelaat word by 'n dagsorgsentrum;

D

dagsorgsentrum, die gebruik van 'n gedeelte van 'n woonhuis of buitegebou deur die bewoner om dagsorg, voorskoolse sorg of speelgroep- of ander naskoolse sorgdienste vir kinders te voorsien met dien verstande dat:

- (i) nie meer as 20 kinders te enige tyd geregistreer sal wees of op die betrokke grondeenheid teenwoordig mag wees nie;
 - (ii) die diens primêr van 'n dagsorg- of opvoedkundige aard sal wees en nie medies nie;
 - (iii) die diens nie aangebied word buite die ure 06h00 tot 18h00 nie, en
 - (iv) die oorheersende gebruik van die wooneenheid die akkommodasie van 'n enkele gesin sal bly;
- met dien verstande voorts dat 'n kindersorgdiens vir 5 of minder kinders beskou mag word as 'n tuisberoep, en 'n kindersorgdiens vir meer as 20 kinders beskou moet word as 'n crèche of onderrigplek;

dakoorsang, 'n gedeelte van 'n dak wat verby die aansig van 'n gebou steek, en sluit dit geute in;

dak-basisstasie, 'n selfoon-basisstasie waar antenas vas is aan die dak of kant van 'n bestaande gebou; met dien verstande dat enige antenna-steunpunt of toerustingkamer wat nie deel van die gebou is nie, nie meer as 2,5m in hoogte bokant die top van die gebou mag uitsteek nie;

dBA, die fisiese eenheid wat gebruik word om geraaspeil te beskryf, wat gemeet moet word in ooreenstemming met aanvaarde wetenskaplike beginsels, soos bepaal in die Regulasies Insake Geraasbeheer, afgekondig in terme van NEMA;

Deeltitelwet, die Deeltitelwet, 1986 (Wet 95 van 1986);

dekking, die totale oppervlakte van 'n grondeenheid wat beslaan mag word deur geboue, uitgedruk as 'n persentasie van die netto erfoppervlakte van sodanige grondeenheid, en sluit dit in:

mure en geboue;

- (a) vaste dakke;
- (b) trappe, treëttjies, landingsplatforms (uitgesluit ingangplatforms en -treëttjies), galerye, gange en soortgelyke eienskappe, hetsy intern of ekstern, en
- (c) afdakke, verandahs, portale, balkonne, terrasse en soortgelyke eienskappe, met dien verstande dat die volgende gedeeltes van geboue nie ingereken sal word by die berekening van dekking nie:
 - (i) stoepe, ingangstrappe en ingangplatforms;
 - (ii) kroonlyste, koorsteenborswerings, priële, blombakke, waterpype, aflooppype en kleiner dekoratiewe eienskappe wat nie meer as 500 mm van die muur van die gebou uitsteek nie;

- (iii) dakoorhange wat nie meer as 1m van die muur van die gebou uitsteek nie, en
- (iv) 'n kelder, met dien verstande dat die kelder se plafon nie bokant die afgewerkte grondvlak uitsteek nie;

departementshoof, die hoof van die department waaraan, of die persoon aan wie, die administrasie van hierdie Soneringskema regulasies opgedra word;

diensbedryf, 'n bedryf wat:

- (i) primêr op dienslewering aan die plaaslike gemeenskap ingestel is, en
- (ii) waarskynlik nie 'n bron van steurnis vir die omliggende grondeenhede sal wees nie, en
- (iii) hoogstens tien mense in diens het, en
- (iv) in die geval van brand waarskynlik nie buitensporige ontbranding sal veroorsaak, giftige gasse sal vrystel, of ontploffings sal veroorsaak nie, en
- (v) 'n bouerswerf en soortgelyke bedrywe kan insluit asook wasserye, bakkerye, melkdepot's en soortgelyke gebruike, maar
- (vi) nie 'n abattoir, 'n steenmakery, rioolwerke, 'n diensstasie of 'n openbare garage insluit nie;

diensstasie, 'n perseel vir die kleinhandel-voorsiening van brandstof, en sluit dit handeldryf in motorvoertuie, olie, bande of motoronderdele, en die herstel, opknop of was van motorvoertuie in, maar sluit dit nie spuitverfwerk, duikklop, grofsmetwerk of bakbou in nie, met dien verstande dat enige gedeelte van 'n winkel- of sakeperseel wat geriewe bevat vir die kleinhandel-voorsiening van brandstof vir gebruik in motorvoertuie, as 'n diensstasie geag word, en het "**petrol vulstasie**" dieselfde betekenis;

diensteooreenkoms, 'n geskrewe ooreenkoms wat tussen 'n ontwikkelaar van grond en die Raad aangegaan word, in terme waarvan die onderskeie verantwoordelikhede van die twee partye met betrekking tot die beplanning, ontwerp, voorsiening, installasie, finansiering en onderhoud van interne en eksterne ingenieursdienste en die standaard daarvan, bepaal word;

dierehospitaal, 'n plek waar diere behandel en versorg word, en het "**dierekliniek**" dieselfde betekenis;

distrikverspreiderpad, 'n openbare pad of straat wat deur die Raad as 'n distrikverspreiderpad of straat verklaar is op die grondslag dat dit as 'n belangrike verspreider van verkeer in 'n gebied of distrik funksioneer;

dobbelary fasiliteit, 'n perseel vir dobbelary waar daar gedobbel word of weddenskappe aangegaan word en waar die moontlikheid bestaan om 'n geldelike vergoeding te ontvang;

dorpbehuising en **dorpbehuisingkema**, 'n behuisingontwikkeling wat 'n ry of groep gekoppelde en/of aaneengeskakelde wooneenhede is en wat beplan, ontwerp en gebou is as 'n harmonieuse argitektoniese eenheid, waarvan elke wooneenheid 'n grondvloer het, en wat kadastraal onderverdeel kan word;

dorpbehuisingperseel, 'n grondeenheid of meer as een grondeenheid met 'n totale grootte van minstens 2000m², waarop 'n dorpbehuisingkema opgerig is of opgerig staan te word;

Dorpe-ordonnansie, die Dorpe-Ordonnansie, 1934 (Ord. 33 van 1934) en sluit dit alle regulasies daarkragtens gemaak, in;

dorpshuis, 'n wooneenheid wat deel vorm van 'n dorpbehuisingkema;

drankwinkel, 'n perseel waar hoofsaaklik alkoholiese drank in die kleinhandel vir buiteverbruik verkoop word, en sluit dit 'n buiteverbruik fasiliteit wat onder dieselfde bestuur as 'n gelisensieerde hotel is, in;

dubbelverdieping, die verdieping bokant die grondvloer. Dit beteken dieselfde as "**eerste verdieping**";

dubbelwoonhuis, 'n gebou wat opgerig word vir residensiële doeleindes en ontwerp is as 'n enkele argitektoniese entiteit, wat twee wooneenhede op een grondeenheid bevat;

E

ECA, beteken die Omgewingsbewaringswet, 1989 (Wet 73 van 1989)

eerste verdieping, die verdieping bokant die grondvloer. Dit beteken dieselfde as "**dubbelverdieping**";

eienaar, met betrekking tot grond, die persoon of entiteit in wie se naam die grond in 'n aktekantoor geregistreer is, en mag dit die houër van 'n geregistreerde serwituutreg of -huur, of so 'n persoon se opvolger in titel, insluit;

eiendom, grond tesame met alle geboue en strukture daarop;

ekosisteem, 'n selfonderhoudende en selfregulerende gemeenskap van organismes en die interaksie tussen sulke organismes met mekaar en met hul omgewing;

erf, beteken dieselfde as 'n grondeenheid;

erfenisbewaringsgebied, 'n gebied vir dié doel deur die Raad, in terme van hierdie Regulasies, aangewys;

Erfenis-hulpbronne Wet, die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 1999 (Wet 25 van 1999);

F

fasiliteit vir die versorging van verswaktes, 'n fasiliteit wat kort en langtermyn versorging bied vir persone met kroniese siektes en gestremdhede met as doel om die kwaliteit lewe van pasiënte en hul families, wie probleme geassosieer met lewensgevaarlike siektes, te verbeter deur die voorkoming en verligting van lyding en sluit versorging van ouer persone, persone wie ly aan diabetes, kardio-vaskulêre siektes, beroerte, ongeluk slagoffers, HIV/ AIDS en ander, in;

G

gastehuis, 'n woonhuis wat gebruik word vir die verhuur van individuele kamers vir residensiële akkommodasie, met of sonder maaltye, en wat die beperkings van 'n bed-en-ontbyt bedryf oorskry, met dien verstande dat:

- (i) die eiendom behou word in 'n vorm wat maklik weer deur 'n gesin as enkelwoonhuis gebruik sal kan word, en
- (ii) alle fasiliteite en voorsiening van maaltye alleenlik aan bona fide loseerders gebied sal word;

geassosieerd, wanneer gebruik word in die konteks van 'n gassosieerde gebruik of doel, 'n gebruik, doel, gebou of aktiwiteit wat bykomstig en ondergeskik is tot die wettige dominante gebruik van die grond, en het "*geassosieer*" 'n ooreenstemmende betekenis;

gebou, sonder om enigsins die gewone betekenis daarvan te beperk, sluit die volgende in:

- (i) enige struktuur met 'n dak;
- (ii) enige eksterne trappe, treetjies of landingsplatforms van 'n gebou en enige galery, afdak, balkon, stoep, verandah, buiteportaal of soortgelyke eienskap van 'n gebou;
- (iii) enige mure of relings wat enige eienskap waarna in (ii) verwys word, omsluit, en
- (iv) enige ander gedeelte van 'n gebou;

gebruik, addisioneel tot sy gewone betekenis, sluit toegelate gebruik of voorneme om te gebruik, in;

gebruiksone, daardie gedeelte van hierdie Soneringskema-regulasies wat op die soneringskaart aangedui word deur middel van 'n spesifieke notering of omlýning of op enige ander onderskeidende manier, om die toegelate gebruik van die grond te identifiseer;

gebruiksreg, met betrekking tot grond, die reg om die grond te gebruik in ooreenstemming met die sonering daarvan insluitend enige wettige afwyking of vergunningsgebruik;

geïntegreerde ontwikkelingsraamwerk, 'n ontwikkelingsraamwerk wat te make het met die integrasie van verskillende strategieë en sektorale planne in verband met ontwikkeling, soos ruimtelike, ekonomiese, sosiale, infrastruktuur-, behuising-, institusionele, fiskale, grondhervorming, vervoer-, omgewings- of waterplanne, om die optimale toekenning van beperkte hulpbronne in 'n spesifieke geografiese gebied te bewerkstellig, en mag dit 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan soos gedefinieer deur die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000), insluit;

geïntegreerde ontwikkelingsplan, 'n plan soos beoog by artikel 25 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000);

gekoppel, met betrekking tot die omskrywings van dorpbehuising en groepbehuising, om verbind te wees deur middel van 'n groep-/ dorp huis grensmuur of motorhuis;

gelisensieerde hotel, 'n gebou wat ontwerp is om te voldoen aan die vereistes van 'n hotel soos bepaal in die Wet op Hotelle, 1965 (Wet 70 van 1965), maar sluit dit nie 'n buiteverbruikfasiliteit in nie;

gemeenskaplike grens, met betrekking tot 'n grondeenheid, 'n gemeenskaplike grens met 'n aangrensende grondeenheid en sluit dit nie 'n straatgrens in nie;

gemiddelde diepte, met betrekking tot 'n grondeenheid:

- (i) die gemiddelde loodregte afstand tussen 'n openbare straat of pad en die punte waar die sygrense die agtergrens ontmoet, of
- (ii) in die geval van 'n hoekperseel, die gemiddelde loodregte afstand tussen die openbare straat of pad en die punt waar die sygrense ontmoet, of
- (iii) in die geval van 'n pansteelperseel of 'n baie oneweredige grondeenheid, die gemiddelde diepte soos deur die Raad bepaal;

gemiddelde wydte, met betrekking tot 'n grondeenheid:

- (i) die gemiddelde van die lengte van die straatgrens en die agtergrens, of
- (ii) in die geval van 'n hoekperseel, die gemiddelde van die lengte van die kortste straatgrens of die teenoorgestelde sygrens, of
- (iii) in die geval van 'n pansteelperseel of 'n baie oneweredige grondeenheid, die gemiddelde wydte soos deur die Raad bepaal;

geproklameerde pad, 'n pad as sulks verklaar in terme van die Paaie Ordonnansie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976) of enige ander tersaaklike wetgewing;

geraaspeil, die aflesing op 'n integrerende impulsklankpeilmeter, geneem in ooreenstemming met aanvaarde wetenskaplike beginsels, soos beskryf in die regulasies insake geraasbeheer, afgekondig in terme van NEMA;

geraassteurnis, enige klank wat, na die mening van die Raad, onredelike steurnis veroorsaak of mag veroorsaak, of wat die gemak of rus en vrede van 'n persoon of persone in die omgewing kan versteur;

gesin,

- (i) 'n enkel persoon wat 'n onafhanklike huishouding onderhou, of
- (ii) twee of meer persone wat verwant of getroud is en 'n gemeenskaplike huishouding onderhou, of
- (iii) hoogstens vyf nie-verwante persone wat 'n gemeenskaplike huishouding onderhou;

gesondheidsorgfasiliteit, 'n perseel wat gebruik word vir die versorging van mense in 'n mediese, sosiale of maatskaplike fasiliteit, of vir die administrasie daarvan, en sluit dit 'n hospitaal, kliniek of huis vir bejaardes, hulpbehoewendes of fisies gestremde persone in, maar sluit dit nie 'n korrektiewe instelling of tronk in nie;

godsdiensige leier se woning, 'n gebou wat ontwerp is as 'n gesamentlike argitektoniese entiteit, wat een wooneenheid op die grondeenheid bevat;

gradiëntlyn, 'n denkbeeldige lyn wat die hoogste en laagste natuurlike grondvlak direk aangrensend aan 'n gebou met mekaar verbind;

grens, met betrekking tot 'n grondeenheid, een van die kadastrale lyne wat sodanige grondeenheid van 'n ander grondeenheid of van 'n openbare straat of pad skei;

groepbehuising en groepbehuisingskema, 'n groep aparte en/of gekoppelde wooneenhede wat beplan, ontwerp en gebou is as 'n harmonieuse argitektoniese eenheid, wat rondom of binne 'n gemeenskaplike oopruimte gerangskik is op 'n gevarieerde en geordende wyse, waarvan elke wooneenheid 'n grondverdieping het en waarvan die wooneenhede kadastraal onderverdeel mag word;

groepbehuisingperseel, een of meer grondeenhede met 'n grootte van minstens 1000m² waarop 'n groepbehuisingskema opgerig mag word;

groephuis, 'n wooneenheid wat deel vorm van 'n groepbehuisingskema;

grond, grond met of sonder verbetering, insluitend grond bedek met water;

grondeenheid, 'n gedeelte grond wat by 'n aktekantoor geregistreer is of geregistreer kan word;

grondgebruikbepaling, 'n ontwikkelingsmaatreël en sluit in maatreëls, beperkings, bepalinge of vereistes wat bepaal tot welke mate gebruik of ontwikkeling van grond toegelaat sal word, en het "**ontwikkelingsbestuurbeplanning**" dieselfde betekenis;

grondgebruikbeplanning, die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir die Wes-Kaap en sluit die verordeninge daarkragtig gemaak, in;

grondverdieping, die laagste verdieping van 'n gebou, waarvan die basis die grondvloer is, maar wat nie 'n kelderverdieping is nie en het "grondvloer" dieselfde betekenis;

grondvlak, dieselfde as "**natuurlike grondvlak**";

grondvloer, die laagste vloer van die laagste verdieping van 'n gebou, maar wat nie 'n kelderverdieping is nie en het "**grondverdieping**" dieselfde betekenis;

H

helling, die graad van afwyking van 'n oppervlakte van die horisontale vlak, uitgedruk as 'n verhouding en as volg bereken vir die doel van hierdie Regulasies:

$$\text{Helling} = (1 \text{ in}) \frac{\text{Vertikale styging}}{\text{Horisontale afstand}}$$

herberg, 'n fasiliteit, nie groter as 450m², vloerruimte, enkelverdieping, of 350m² grondvloer, dubbelverdieping, wat as tydelike verblyf vir deurreisende gaste gebruik word, waar akkommodasie en maaltye verskaf word, en mag dit geassosieerde konferensie- en ontspanningsfasiliteite wat ondergeskik aan en aanvullend tot die dominante gebruik van die perseel as herberg is, insluit, sowel as 'n perseel wat gelisensieerd is om drank te verkoop vir verbruik op die perseel, maar sluit dit nie 'n buiteverbruik fasiliteit in nie;

hernubare energie struktuur, enige wind, water of organiese stowwe turbine of son-voltêre apparaat, of groepering daarvan wat wind, water, organiese stowwe en sonbestraling opvang en omskakel in energie vir kommersiële gewin ongeag of dit in die elektrisiteitsnetwerk invoer of nie en sluit in enige bybehorende strukture of enige navorsingsfasiliteit of struktuur wat moontlik mag lei tot die opwekking van energie op 'n kommersiële basis;

herosnering, wysiging van die Soneringkema-regulasies in terme van die Ordonnansie om 'n verandering van sonering toe te laat op 'n spesifieke grondeenheid of deel daarvan of op grondeenhede;

herwinningsaanleg, 'n fasiliteit vir die herprosesering van gebruikte of afval materiale vir verdere gebruik as produk of rou materiaal;

heuvelagtige terrein, 'n terrein wat 'n helling van 1 in 5 of groter het;

hierdie Regulasies, die Swartland Soneringkema-regulasies soos deur die provinsiale Minister verantwoordelik vir ontwikkelingsbeplanning goedgekeur;

hinderbedryf, 'n aanstootlike, giftige of potensieel skadelike bedryf, gebruik of aktiwiteit wat, as gevolg van dampe, afskeidings, reuke, vibrasie, geraas, afvalprodukte, die tipe materiaal wat gebruik word, die prosesse wat aangewend word, of ander oorsake, deur die Raad geag word as 'n potensieel bron van gevaar, ergernis of aanstootlikheid vir die algemene publiek of persone in die omliggende gebied te wees;

hoofpad, 'n openbare straat wat verklaar is as 'n hoofpad in terme van artikel 4 van die Paaie Ordonnansie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976);

hoogte, van 'n gebou, 'n vertikale afmeting van die gebou van die gradiëntlyn tot die hoogste punt van die gebou gemeet in meters of in die aantal verdiepings, met dien verstande dat:

- (i) die hoogtebeperking wat na verdiepings verwys, nie van toepassing is op dakke, koepels, skoorstene, skoorsteenpype, maste of antennes nie, en
- (ii) hysbak- of roltrapmotorkamers, satellietkottels, ventilasieskagte, watertenks en lugversorgingstelsels en -toerusting, op die dak van 'n gebou, as 'n verdieping geag sal word, behalwe as dit in die dak ingesluit word of verberg word agter borsweringmuurtjies wat nie 2m in hoogte oorskry nie, in welke geval hulle beskou sal word as deel van die boonste verdieping;

hoogte van die sypaadjie,

- (i) die hoogte by die agterkant van 'n sypaadjie/ voetgangerweg waar dit binne 'n padreserwe gebou is, of
- (ii) die hoogte soos deur die Raad bepaal waar die sypaadjie/ voetgangerweg nie binne 'n padreserwe gebou is of gebou gaan word nie, en

het dit dieselfde betekenis as "**vlak van die voetgangerweg**",

hoogwatermerk, die hoogwatermerk soos gedefinieer in die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935);

hospitaal, 'n instelling wat as 'n geïntegreerde kompleks ontwerp is vir die diagnose, versorging en behandeling van menslike siektes, en sluit dit binnenshuise fasiliteite vir pasiënte in;

hotel, 'n perseel wat as tydelike verblyf vir deurreisende gaste gebruik word, waar akkommodasie en maaltye verskaf word, en mag dit geassosieerde konferensie- en ontspanningsfasiliteite wat ondergeskik aan en aanvullend tot die dominante gebruik van die perseel as hotel is, insluit, sowel as 'n perseel wat gelisensieerd is om drank te verkoop vir verbruik op die perseel, maar sluit dit nie 'n buiteverbruik fasiliteit in nie;

huiseienaarsvereniging, 'n vereniging met regsbevoegdheid soos beoog by artikel 29 van die Ordonnansie;

huistaverne, 'n perseel vir die bedryf van 'n onderneming van 'n woonhuis of buitegebou af, deur die bewoner van die betrokke woonhuis, vir die verkoop van alkoholiese drank, en mag dit die verbruik van alkoholiese drank deur klante op die eiendom insluit, met dien verstande dat die dominante gebruik van die betrokke woonhuis, bewoning deur 'n enkel gesin sal bly;

huiswinkel, 'n perseel vir die bedryf van kleinhandel van 'n woonhuis of buitegebou af, deur die bewoner van die betrokke woonhuis met dien verstande dat die dominante gebruik van die betrokke woonhuis vir akkommodasie van 'n enkel gesin sal bly;

hulpbronnwywerheid, het dieselfde betekenis as "**ontginningsnywerheid**";

I

IKNIBB, beteken Internasionale Kommissie op Nie-geïoniseerde Bestralingsbeskerming;

informele handel, die wettige verkoop van produkte in gebiede wat spesifiek vir dié doel deur die Raad afgebaken is, soos byvoorbeeld markte en afgebakende gebiede in die sakekern;

ingangstreëttjies en landingsplatforms, treëttjies en landingsplatforms na 'n gebou, insluitend lae mure en reëlings, indien sulke treëttjies en landingsplatforms nie binne die stutmure van die gebou geleë is nie;

ingenieursdienste, infrastruktuur vir die voorsiening van water en elektrisiteit, riolering-infrastruktuur, stormwaterafvoer-infrastruktuur, strate, paaie en voetgangerweë, insluitend alle dienste en toerusting wat daarmee verband hou;

inrigting, 'n gebou of deel van 'n gebou wat aangewend word of bedoel is om aangewend te word as 'n maatskaplike of welsynsinrigting of vir die administrasie daarvan, en omvat dit 'n hospitaal, kliniek, apteek, ouetehuis, tehuis vir behoeftiges of gestremdes, rehalitasiesentrum, verbeterskool of plek van aanhouding, hetsy kommersieel of liefdadig van aard, maar omvat dit nie 'n tronk nie;

intensiewe veeboerdery, die aanhou, voer en teel van diere, insluitend pluimvee en seediëre waaronder oesters en perlemoen, op 'n intensiewe grondslag;

K

kadastrale lyn, 'n lyn wat die amptelike grens van 'n grondeenheid verteenwoordig soos in die Akteskantoor geregistreer of as 'n aantekening op 'n diagram of algemene plan goedgekeur deur die Landmeter-Generaal;

kampeerterrrein, 'n grondeenheid of deel daarvan waar tente en karavane aangewend word om besoekers te akkommodeer, en sluit dit ablusie-, kook-, braai- en ander geriewe vir gebruik deur sulke besoekers in;

kantoorpark, 'n groep kantoorgeboue wat ontwerp en gebou is as 'n harmonieuse argitektoniese eenheid, gerangskik in 'n ordelike manier binne 'n gelandskapeerde omgewing, en sluit dit gemeenskaplike gebruik en bestuur van fasiliteite soos paaie, dienste, toegangskontrole of gemeenskaplike eiendom in;

kantore, 'n vertrek of stel vertrekke of 'n gebou wat aangewend word om 'n administratiewe funksie te verrig of 'n bedryf te beoefen wat hoofsaaklik administratiewe, klerklike, finansiële of professionele dienste behels, en omvat dit 'n poskantoor, 'n landdroskantoor of professionele gebruik;

kelder, dié deel van 'n gebou waarvan die afgewerkte vloerhoogte minstens 2 meter onder, of die plafon hoogstens 1 meter bokant, 'n hoogte halfpad tussen die hoogste en laagste natuurlike hoogtes van grond wat onmiddellik aan die gebou grens, is;

kliniek, 'n instelling waar pasiënte mediese behandeling of medies-verwante advies ontvang, en kan dit 'n mediese sentrum, 'n buitepasiënte-sentrum of 'n gesondheidsentrum met geassosieerde gebruike insluit, met dien verstande dat die kliniek nie inbly-fasiliteite vir meer as twintig persone, personeel en pasiënte ingeslote, bevat nie;

kommersiële antenna, 'n fasiliteit, insluitend 'n hoë mas, vir die geleiding en/of ontvangs van elektromagnetiese golwe, en sluit dit 'n televisiestasie, 'n radiostasie en 'n sellulêre kommunikasie-toring in;

kommersiële troeteldierhokke, troeteldierhokdienste vir honde, katte en soortgelyke diere, en sluit dit kommersiële telingfasiliteite, losieshokke, troeteldier-motelle en honde-opleidingsentra in;

kompostering, die skep en verkoop van kunsmis wat toegelaat word om te ontstaan uit die opberging en spesiale behandeling van organiese reste;

konferensiefasiliteit, 'n plek van samekoms wat ook maaltye voorsien, wat normaalweg 'n bykomende aktiwiteit is tot 'n primêre funksie soos 'n hotel, gastehuis of restaurant en waar die boubeperkings dieselfde as dié vir die primêre funksie sal wees, behalwe dat addisionele parkering vereis mag word;

korrektiewe instelling, 'n gebou, in private of openbare besit, waar kinders gehuisves en opgelei word op bevel van 'n hof, en sluit dit 'n verbeterskool, plek van aanhouding of nywerheidskool in maar nie 'n tronk nie;

krematorium, 'n gebou waar dooies veras word, en sluit dit fasiliteite vir geassosieerde godsdienstige en administratiewe funksies in;

kweekhuis, 'n struktuur waarvan die sye hoofsaaklik van deursigtige materiaal soos glas, perspex of plastiek vervaardig is, met die doel dat delikate plante gekweek word of dat groei van plante versnel word in beheerde omgewingsomstandighede;

kwekery, 'n bedryf vir die verkoop van plante, tuinbouprodukte en tuinbutoerusting;

L

laaisone, 'n gebied van minstens 4,5m x 7,5m, wat duidelik afgebaken is vir die op- en aflaaie van goedere van kommersiële voertuie, en wat voertuigtoegang tot 'n openbare straat tot bevrediging van die Raad moet hê;

landbou, die gebruik van grond vir die verbouing van gewasse en ander plante of die aanhou en teel van diere insluitend seediere met inbegrip van oesters en perlemoen, of die bedryf van 'n wildplaas, insluitend die gebruik van die natuurlike veld of grond op 'n intensiewe basis, en omvat dit slegs daardie aktiwiteite en geboue, insluitend akkommodasiegeboue, wat redelikerwys verband hou met die hoof boerdery-aktiwiteite van die plaas, maar omvat dit nie 'n landbouwywerheid nie;

landboudorp, 'n private nedersetting van beperkte grootte, opgerig en bestuur as 'n wettige onderneming wat in 'n landelike gebied geleë is en waar woonreg beperk word tot bona fide landelike werkers van die plase en bosbou- of bewaringsareas in die omgewing en hul gesinne, en wat 'n vennootskap tussen grondeienaars, arbeid en die staat verteenwoordig;

landbouwywerheid, 'n bedryf of onderneming vir die verwerking en prosessering van landbouprodukte wat op so 'n plaaseenheid of elders gekweek word en verwerk moet word as gevolg van sodanige landbouprodukte se aard, bederfbaarheid en kneusbaarheid, en sluit dit onder meer wynkelders en plaaspakskure in maar nie diensbedrywe nie;

landmetersertifikaat, 'n sertifikaat uitgereik deur 'n professionele landmeter;

landskapering, die plant of plasing van plante vir doeleindes van beskerming, bewaring en bevordering van die estetiese voorkoms, natuurskoon, karakter en waarde van grond asook die bevordering van openbare gesondheid en veiligheid deur die vermindering van geraasbesoedeling, stormwater-afloop, lugbesoedeling, visuele besoedeling en ligrefleksie;

landskaperingsplan, 'n plan wat gedetailleerde landskaperingsvoorstelle aantoon, insluitend sypaadjies, plaveisel, plante, waterelemente, ontspanningsgebiede, ingenieursdienste en enige ander soortgelyke grondgebruike;

lokale teken, dieselfde as "*permanente teken*";

losering, slaapkamerakkommodasie wat beskikbaar gemaak word teen betaling, en die dienste wat normaalweg met sulke akkommodasie geassosieer word;

loseerder, 'n persoon wat huur betaal in ruil vir slaapkamerakkommodasie binne 'n ander persoon se wooneenheid;

losieshuis, 'n gebou, waar losies voorsien word met of sonder maaltye, saam met die buitegeboue wat normaalweg daarmee saam gebruik word, en sluit dit 'n ouetehuis, 'n gebou waarin kamers verhuur word vir woondoeleindes en 'n residensiële klub in, maar sluit dit nie 'n woonhuis, groepbehuising, 'n dubbelwoning, 'n inrigting, 'n plek van onderrig, 'n hotel, 'n bed-en-ontbyt bedryf of woonstelsel in nie;

lugregte of **ondergrondse regte**, regte tot ontwikkeling, in 'n afgebakende gebied bo of onder 'n openbare straat, spoorlyn of ander vervoergebruik, vir bepaalde doeleindes;

lykhuis, 'n plek, veral 'n begrafnis onderneming, waar lyke gehou word voor ter aarde bestelling of verassing;

M

maksimum vloerruimte, die grootste totale vloerruimte wat vir 'n gebou of meer as een gebou met al sy of hul verdiepings op 'n grondeenheid toelaatbaar is, welke vloerruimte bereken word deur vermenigvuldiging van die vloerfaktor met die netto-erfoppervlakte van die grondeenheid of daardie deel van die grondeenheid wat binne 'n betrokke sone geleë is; met dien verstande dat waar 'n grondeenheid binne twee of meer sones geleë is waarop verskillende vloerfaktore van toepassing is, die maksimum vloerruimte vir die hele perseel die totaal is van die maksimum vloerruimte vir elke deel van die perseel;

mediese spreekkamers, 'n perseel wat nie 'n hospitaal of kliniek is nie en wat gebruik word vir mensverwante mediese en verwante konsultasies, ondersoek en behandelings, maar sluit dit nie inwoonfasiliteite in nie;

mezzanine, 'n intermediêre of tussenliggende vloer in 'n gebou tussen die grondvloer en die eerste vloer, en wat vir doeleindes van hoogtemeting getel word as 'n verdieping;

Minerale en Petroleum Ontwikkelingswet, 200 (Wet 28 van 2002), behels die wet wat die uitreik van permitte en lisensies beheer;

mobiele woning, 'n vervoerbare fabriekvervaardigde struktuur met die nodige dienste-aansluitings, wat sodanig ontwerp is dat dit as 'n permanente woning gebruik kan word;

motorafdak, 'n struktuur, vir die stoor van motorvoertuie, met 'n dak, en waarvan die ingang en ten minste een ander sy oop is;

motorhuis, 'n gebou vir die stoor van motorvoertuie, maar sluit dit nie motorherstelwerke of 'n diensstasie in nie;

motorvoertuig, 'n voertuig wat ontwerp of bedoel is om voortgedryf te word deur 'n interne ontbrandings- of elektriese enjin, en sluit dit 'n motorfiets, sleepwa of woonwa in maar nie 'n voertuig wat uitsluitlik op spoorstawe loop nie;

motorwassery, 'n gebou of struktuur wat toegerus is met die doel om motorvoertuie te was;

munisipaliteit, dieselfde as die Raad;

munisipale bestuurder, die munisipale bestuurder van die Raad, of 'n amptenaar wat ingevolge gedelegeerde bevoegdhede optree, belas met die verantwoordelikheid om hierdie Regulasies te administreer;

muur van herinnering, 'n plek waar menslike as geplaas en gedenkplate aangebring word, of net gedenkplate vir die dode aangebring word, en ruimte ter herinnering aan die dode geskep word;

mynbou, 'n bedryf vir die uithaal van grondstowwe uit die aarde, hetsy deur bogrondse of ondergrondse verwyderingsmetodes, en sluit dit die uithaal van klip, kalksteen, sand, klei, kaolien, ertse, minerale, gas en edelgesteentes asook klipbrekery in maar is dit nie beperk daartoe nie;

N

Nasionale Bouwet, die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977);

Nasionale Grondwet, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

natuurlike grondvlak, die hoogte van die grondoppervlak op 'n grondeenheid:

- (a) in die onveranderde staat daarvan, of
- (b) in 'n toestand waar die grond met die Raad se toestemming gelykmaak is vir die doel van ontwikkeling, met dien verstande dat:
 - (i) enige gelykmaak van grond vir die doel van ontwikkeling gelykmatig moet ineenkamel met die bestaande vlakke van aangrensende grondeenhede;
 - (ii) waar grond uitgegrawe is, die uitgrawingsvlak geag word die natuurlike vlak van die grond te wees;
 - (iii) waar dit nie moontlik is om die natuurlike vlak van die grond te bepaal nie as gevolg van onreëlmatighede of verstourings van die grond, die Raad vir doeleindes van die toepassing van hierdie Regulasies, 'n vlak moet bepaal, en
 - (iv) waar grond uitgegrawe is en die grond wat uitgegrawe is, gebruik word om die bouterrein uit te brei (uitgrawe en opvul), die Raad vir doeleindes van die toepassing van hierdie Regulasies, 'n vlak moet bepaal;

natuurreservaat, 'n nasionale park, of 'n ander natuurpark wat deur 'n openbare owerheid besit word, of ingevolge wetgewing as sodanig verklaar is, en in privaat besit bly, wat bestaan uit grond wat aangewend word as 'n wildpark of reservaat vir fauna en flora in hul natuurlike habitat, en wat verbandhoudende, grootte-verwante en impak-verwante akkommodasiefasiliteite vir toeriste of vakansiegangers insluit;

NEMA, die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);

netto-digtheid, die digtheid van 'n gespesifiseerde gebied, bereken deurdat die grond wat gereserveer word vir aanvullende gebruike, soos oopruimtes, strate, skole en sakegebruik, afgetrek word van die totale oppervlakte, tot bevrediging van die Raad, en die hoeveelheid residensiële eenhede wat daar is of waarvoor beplan word gedeel deur die oorblywende oppervlakte;

netto-erfoppervlakte, die totale oppervlakte van 'n grondeenheid, uitgesluit alle grond wat vir openbare doeleindes gesoneer of benodig word, soos strate, paaie en padverbredings;

nutsgebruik, 'n gebruik of 'n infrastrukturelement wat benodig word om ingenieurs- of verwante dienste te verskaf vir die behoorlike funksionering van stedelike ontwikkeling, en sluit dit water-reservoirs, watersuiweringswerke, elektriese substasies en transmissielyste, riool-pompstasies en suiweringswerke in, maar sluit dit paaie, parkering en ander vervoergebruike uit;

nywerheid, 'n perseel wat na die mening van die Raad gebruik word as 'n fabriek, waarin:

- (i) 'n artikel of gedeelte van 'n artikel gemaak, vervaardig, geproduseer, gebou, aanmekaargesit, saamgestel, gedruk, versier, geprosesseer, behandel, aangepas, herstel, opgeknop, herbou, verander, geverf (ingesluit spuitverfwerk), gepoleer, afgewerk, skoongemaak, gekleur, gewas, opgebreek, uitmekaargehaal, gesorteer, gepak, verkoel, gevries of in 'n koelstoor gestoor word, of
 - (ii) vee (insluitend pluimvee) geslag word, of
 - (iii) elektrisiteit gegeneer word vir die gebruik in prosesse waarna in (i) en (ii) hierbo verwys word,
- met dien verstande dat *nywerheid* 'n kantoor, opsigterskwartiere of ander gebruike wat ondergeskik en aanvullend is tot die gebruik van grond as 'n fabriek, insluit maar nie 'n hinderbedryf of risiko-aktiwiteite insluit nie;

nywerheidskorf, 'n gebou of 'n kompleks van eenvormig-ontwerpte geboue, wat bestaan uit 'n mengsel van kleinhandel- en vervaardigingsaktiwiteite en op 'n ordelike manier rondom gemeenskaplike gebiede gerangskik is, en wat gemeenskaplike parkering en toegange mag insluit;

O

omgewing, die samevoeging van voorwerpe, toestande en invloede in die direkte omgewing wat die lewe en gewoontes van mense, of enige ander organismes of versameling van organismes, beïnvloed;

omgewingsbestuursplan, 'n bedryfsplan wat mitigasie-, rehabilitasie- en moniteringsmaatreëls daarstel en koördineer om die implimentering van 'n voorstel en deurlopende instandhouding ná implimentering te monitor;

omgewingsimpakbeoordeling, 'n verslag aangaande die impak van gespesifiseerde voorgestelde aktiwiteite op die omgewing, welke verslag moet voldoen aan die vereistes soos deur NEMA neergelê;

onderliggende sone, daardie sone wat die basiese grondgebruik en grondgebruikbepalings vir grond in terme van hierdie Regulasies bepaal, voor die toepassing van enige oorlegsone;

onderverdeel en **onderverdeling**, met betrekking tot grond, om grond onder te verdeel hetsy deur middel van:

- (i) opmeting;
- (ii) die toekenning, met die oog op afsonderlike registrasie van grondeenhede, van onverdeelde gedeeltes daarvan op enige wyse, of
- (iii) die voorbereiding daarvan vir sodanige onderverdeling;

onderverdelingsgebied, grond wat gesoneer is as onderverdelingsgebied of alternatiewelik grond wat gesoneer is op 'n manier wat onderverdeling sal toelaat soos beoog in artikel 22(1)(a) van die Ordonnansie;

onderverdelingsplan, 'n plan wat die voorgeskrewe inligting ten opsigte van beoogde onderverdeling weergee, insluitend, maar sonder dat dit beperk word tot, die relatiewe plasing van die voorgestelde onderverdeelde grondeenhede, openbare plekke en openbare strate op 'n grondeenheid wat onderverdeel staan te word;

ontginningsnywerheid, die proses van ontginning, myn, herwinning of uitgrawe van rou materiale uit die grond, insluitend gruis, sand en klip en sluit dit geboue en bedrywighede asook verbrekingstoerusting in wat daarmee geassosieer word, en het dit dieselfde betekenis as "*hulpbronnywerheid*";

ontwikkel, met betrekking tot grond, om die grond voor te berei of te ontwikkel vir bewoning of gebruik, hetsy deur opvulling, dreinerings of gelykmaak van gebiede; die verwydering van plantegroei, die installering van ingenieursdienste, die onderverdeling van grond of die oprig, verandering of uitbreiding van geboue en strukture op grond, en het "ontwikkeling" 'n ooreenstemmende betekenis met betrekking tot grond;

ontwikkelingsbestuurbepaling, sien "*grondgebruikbepaling*";

ontwikkelingsraamwerk, 'n plan of geskrewe strategie wat deur die Raad en, indien van toepassing, die Provinsiale Regering goedgekeur is;

oordwinkel, 'n winkel, in 'n vakansie-oord, waarvan die vloeroppervlakte hoogstens 500m², insluitend opbergruimte, beslaan;

oorheersende gebruik, die oorheersende of hoof-gebruik van grond, en mag dit bestaan uit die toegelate primêre of vergunningsgebruike wat geld ten opsigte van die grond;

oorlegstone, 'n kategorie sonering wat van toepassing is op bepaalde grond, wat addisionele ontwikkelingsbestuurbepalings vir sodanige grond bepaal, bykomend tot die onderliggende soneringvereistes, en mag dit parameters insluit wat verband hou met vergunningsgebruikbeperkings, onderverdeling, stadsvernuwing, omgewingsbewaring of enige ander grondgebruikdoel, soos in hierdie Regulasies uiteengesit, met dien verstande dat 'n oorlegsonering verdere grondgebruikbepalings in 'n bepaalde gebied of sone, wat meer of minder beperkend mag wees as vir die grond wat nie deur die oorlegstone gedek word nie, mag byvoeg, en dat "oorlegsonering" 'n ooreenstemmende betekenis het;

oorskrydingsooreenkoms, 'n ooreenkoms tussen 'n eienaar en die Raad met betrekking tot die oorskryding van gedeeltes van 'n gebou of struktuur van die eienaar se eiendom op of oor die Raad se eiendom, dienste of apparatuur;

openbare behuising, wooneenhede wat gebou word met fondse wat deur 'n Staatsdepartement of die Provinsiale Regering bewillig word;

openbare garage, 'n handelsaak waar motorvoertuie teen vergoeding van brandstof voorsien word, en sluit dit handel in motorvoertuie, olie, bande, motoronderdele, die herstel of opknop van motorvoertuie, 'n restaurant of kafee, spuitverfwerk, duikklopperij, grofsmidwerk of bakbou in;

openbare oopruimte, grond wat in besit van die Raad is of gaan kom, nie op langtermyn verhuur word of gaan word nie en aangewend word of gaan word vir die publiek as 'n oopruimte, park, tuin, piekniekplek, speelterrein, plein of bewaringsgebied;

openbare owerheid, 'n staatsdepartement, 'n munisipaliteit of 'n departement van die Provinsiale Regering;

openbare pad of openbare straat, enige grond, aangedui op 'n goedgekeurde plan, diagram of kaart, waarvan die eienaarskap by die Raad of 'n ander openbare owerheid in terme van toepaslike wetgewing berus, en wat gereserveer is vir voertuig- en voetgangergebruik;

openbare parkering, grond wat vir die algemene publiek toeganklik is vir parkeerdoeleindes met of sonder 'n fooi;

openbare plek, grond soos op 'n goedgekeurde plan, diagram of kaart aangedui, waarvan eienaarskap by die Raad of 'n ander openbare owerheid berus;

openbare steurnis, enige handeling, versuim of omstandigheid wat na die mening van die Raad aanstoot gee, skadelik is of 'n gesondheidsgevaar inhou, of wat wesenslik met die gewone gemak, gerief en rus en vrede van die publiek inmeng, of wat die veiligheid van die publiek nadelig beïnvloed, met betrekking tot:

- (i) die redelikheid van die aktiwiteite ter sprake in die betrokke gebied, en die impak ten gevolge van die aktiwiteite, en
- (ii) enige geraasvlakke soos in 'n oorlegstone, van toepassing op die betrokke grond, aangedui word;

oprigting, met betrekking tot 'n gebou of struktuur, die volgende:

- (i) die bou van 'n nuwe gebou of struktuur;
- (ii) die verandering of omskakeling van of aanbouing aan 'n gebou of struktuur, en
- (iii) die heroprigting van 'n gebou of struktuur wat in geheel of gedeeltelik gesloop is, en het "oprig" 'n ooreenstemmende betekenis;

Ordonnansie, die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir die Wes-Kaap of enige grondgebruikwetgewing wat dit vervang;

owerheidsgebruik, 'n gebruik wat deur of namens 'n openbare owerheid beoefen word en waarvan die eienskappe sodanig is dat dit nie onder ander gebruike in hierdie Regulasies geklassifiseer of omskryf kan word nie, en sluit dit 'n gebruik in wat beoefen word deur:

- (i) die staat, soos militêre opleidingsentrums en -installasies, polisiestasies, korrektiewe inrigtings of tronke;
- (ii) die Provinsiale Regering, soos padstasies of padkampe;
- (iii) die Raad, soos brandweerdienste, rioolplase, stortingsterreine, opgaardamme, komposteringsterreine, watersuiweringswerke of 'n munisipale kantoor met geassosieerde gebruike soos inslaapperiewe vir personeel wat vereis word om op bystand te wees vir noodgevalle, of
- (iv) 'n openbare nutsmaatskappy, soos 'n telekommunikasiefasiliteit;

P

pad, 'n openbare of privaat- straat of pad;

pakhuis, 'n perseel, gebou of vertrek wat primêr gebruik word vir die opberg van goedere, behalwe goedere wat aanstootlik of gevaarlik is, en omvat eiendom wat hoofsaaklik vir groothandel- en kleinhandelbesigheid asook 'n diensbedryf gebruik word;

pakket van planne, die hiërargie van planne soos in terme van hierdie Regulasies aangedui;

pansteel, 'n vernoude gedeelte van 'n grondeenheid wat toegang tot 'n straat verleen;

parkeerplek, 'n oppervlakte van minstens 5m x 2,5m vir haaks parkering en 6m x 2,8m vir parallelle parkering wat duidelik omlin en afgebaken is vir die parkering van een motorvoertuig en wat tot bevrediging van die Raad toeganklik is;

pastorie, 'n woonhuis vir die huisvesting van 'n geestelike leier wat voltyds in diens is van 'n organisasie wat godsdienste bedryf in 'n aanbiddingsplek, insluitend die huisvesting van die geestelike leier se gesin, en sluit dit 'n klooster in;

patio, 'n geplaveide daklose gebied aanliggend tot 'n gebou en wat daartoe of aan 'n opelug-binnehof behoort;

petrol vulstasie, het dieselfde betekenis as “**dienstasie**”;

petroport, 'n fasiliteit met direkte toegang van 'n snelweg, verbypad of hoof-vervoerrote, wat rus-, diens- en brandstoffasiliteite vir ligte motorvoertuie en/of vir swaardiens, langafstandvragmotors en ander langafstandvoertuigverkeer voorsien, en sluit dit fasiliteite vir noodvoertuig-wegsleepdienste, in;

plaasstal, 'n gebou of struktuur op 'n plaas met 'n vloer ruimte van hoogstens 100m², met inbegrip van opberggeriewe, vanwaar 'n boer produkte wat op sy plaas geproduseer en verwerk word, verkoop, hetsy aan sy werknemers of aan die algemene publiek;

plaaswinkel, 'n gebou of struktuur op 'n plaas met 'n vloer ruimte van hoogstens 500m², met inbegrip van opberggeriewe, vanwaar 'n boer goedere verkoop, hetsy aan sy werknemers of aan die algemene publiek en kan 'n restaurant insluit;

plekgebonde teken, 'n teken wat op 'n spesifieke terrein, perseel of gebou vertoon word en wat na 'n aktiwiteit, produk, diens of attraksie wat op daardie perseel of terrein of binne-in die gebou, aangebied of voorsien word, verwys, en het dit dieselfde betekenis as “**lokale teken**”;

plek van aanbidding, 'n kerk, sinagoge, moskee, tempel, kapel of ander plek vir die beoefening van 'n geloof of godsdienste, en sluit dit enige gebou, met inbegrip van 'n wooneenheid wat daarmee verband hou, in, maar nie 'n lykbesorgingslokaal, begraafplaas of krematorium met gepaardgaande kapel nie;

plek van onderrig, 'n bewaarskool, pre-primêre skool, laerskool, hoërskool, kollege, tegniese instituut, universiteit, navorsingsinstelling, klooster, openbare biblioteek, openbare kunsgalery, museum of ander lokaal wat vir onderrigdoeleindes aangewend word, en sluit dit 'n koshuis wat daarby hoort in, maar nie 'n gebou of grondeenheid wat in geheel of hoofsaaklik as 'n gesertifiseerde verbeteringskool of nywerheidskool of as 'n inrigting aangewend word nie;

plek van samekoms, 'n openbare saal, 'n saal vir openbare of sosiale funksies, 'n musieksaal, 'n konsertsaal of 'n vertoonsaal wat nie direk verband hou met 'n handelonderneming, stadsaal of burgersentrum nie;

plek van vermaak, 'n teater, bioskoop, danssaal, vermaaklikheidsplek, sportsentrum, biljartsaal, speletjie-arkade, skaatsbaan of dergelike plek en mag 'n dobbelary fasiliteit insluit;

portaal, 'n dak (wat nie die vloer of balkon is nie) wat bokant 'n deuropening aan die buitekant van 'n gebou uitsteek, en wat 'n bedekte ingang vir so 'n gebou vorm, met inbegrip van enige geplaveide gebied daaronder en enige lae muurtjies of reëlins wat sodanige geplaveide gebied afskerm asook enige pilare wat sodanige dak stut;

priel, 'n daklose horisontale, of naastenby horisontale rooster of raamwerk, ten opsigte waarvan die oppervlakte van die horisontale projeksie van die soliede gedeeltes nie 25% van die totale oppervlakte oorskry nie;

Premier, die Premier van die Wes-Kaap Provinsie;

primêre gebruik, met betrekking tot grond of geboue, enige gebruik wat in hierdie Regulasies as 'n primêre gebruik aangedui word, synde 'n gebruik wat toelaatbaar is sonder dat die Raad se toestemming nodig is;

primêre verspreiderpad, 'n openbare straat wat deur die Raad as 'n primêre verspreiderpad verklaar is;

privaat oopruimte, grond wat in privaatbesit is of sal wees met bewaringswaardige status, of munisipale grond wat op lang termyn verhuur word met of sonder toegangskontrole, wat hoofsaaklik aangewend word as 'n private terrein vir buitelug-sport, -speel, -rus of -ontspanning of as 'n park, tuin of speelgebied of vir natuurbewaring;

privaat pad, grond gereserveer vir die deurgang of parkering van motorvoertuie, wat privaat besit word en nie deur die Raad of enige openbare owerheid nie;

privaat parking, grond of 'n gebou of deel van 'n gebou wat onder beheer van 'n privaat individu of instansie is, wat uitsluitlik vir parkeerdoeleindes aangewend word en normaalweg nie toeganklik vir die algemene publiek is behalwe teen betaling nie;

professionele gebruik, daardie tipe gebruik wat normaalweg en redelikerwys geassosieer word met beroepslui soos geneeshere, tandartse, prokureurs, argitekte, ingenieurs en stadsbeplanners, waar dienslewering, in teenstelling met handeldryf, een van die onderskeidende faktore is;

publiseer in die pers, om 'n kennisgewing in sodanige koerant of koerante te publiseer soos die munisipale bestuurder van tyd tot tyd mag bepaal, of in die Provinsiale Koerant of in beide 'n koerant of koerante soos hierin beoog en die Provinsiale Koerant, en het "**publisering in die pers**" 'n ooreenstemmende betekenis;

R

Raad, die Raad van die munisipaliteit in wie se jurisdiksiegebied hierdie Regulasies van toepassing is, en sluit dit 'n Raadskomitee, of die munisipale bestuurder of 'n ander amptenaar in, waar sodanige komitee of amptenaar gedelegeerde bevoegdhede ontvang het om namens die Raad oor 'n saak te beslis;

register, die dokument wat deur die Raad bygehou word in verband met alle afwykings, vergunningsgebruike, terreinontwikkelingsplanne, voorwaardes wat verband hou met gebruiksregte of spesiale-sone grondgebruikbepalings;

rehabilitasiesentrum, 'n perseel of deel daarvan wat aangewend word of bedoel is om aangewend te word as 'n inrigting waar mense of diere fisies of geestelik gerehabiliteer word;

reklamebord, enige skerm of bord groter as 4,5m, ondersteun deur 'n losstaande struktuur, wat gebruik word of gebruik sal word vir die opsit, vertoning en uitstalling van 'n advertensie, wat ook algemeen bekend staan as 'n advertensiebord, en waarvan die hoof funksie is om produkte, aktiwiteite en dienste te adverteer wat nie plekgebonde is nie;

renbaan, 'n plek waar wedrenne, rally's en veldrenne, ingesluit quadfietse, go-karts, motorfietse, motorbote asook rendiere (bv. perde- en honde), plaasvind en omvat ook die toets van nuwe voer- en vaartuie;

restaurant, 'n kommersiële onderneming waar maaltye en vloeibare verversings voorberei word en bedien word aan kliënte wat betaal vir die verbruik daarvan op die perseel, en sluit dit gelisensieerde voorsiening van alkoholiese drank vir verbruik op die perseel in;

risiko-aktiwiteit, 'n onderneming waar die materiaal wat hanteer word of die prosesse wat uitgevoer word, vlugtige ontbranding kan veroorsaak of giftige gasse kan afgee of ontploffings kan veroorsaak, en sluit dit aktiwiteite wat verband hou met gevaarlike en onveilige stowwe wat deur nasionale wetgewing beheer word, in;

ryskool, 'n plek of onderneming vir die huur van perde en vir perdry-onderrig teen betaling, en sluit dit die versorging en stal van sodanige perde in;

S

sakeperseel, 'n gebou of eiendom vanwaar sake bedryf word, en sluit dit 'n winkel, supermark, restaurant, kantoor, finansiële instelling en geboue vir dergelike gebruike in, maar nie 'n plek van samekoms, plek van vermaak, inrigting, diensstasie, openbare garage, nywerheid, nywerheidskorf, hinderbedryf, risiko-aktiwiteit, volwassevermaaklikheidsbedryf of drankwinkel nie;

satellietskottelantenna, 'n apparaat wat in staat is om satelliet-kommunikasie te kan ontvang en te versend;

sekondêre gebruik, 'n vergunningsgebruik wat deur die Raad, in terme van hierdie Regulasies, aangedui is as 'n sekondêre gebruik ten einde aan te toon dat dit waarskynlik relatief vinnig ondersteun en goedgekeur sal word, met dien verstande dat dit aan 'n goedgekeurde beplanningsbeleid, wat 'n aanvaarbare openbare proses deurloop het, voldoen;

sektorale plan, 'n geskrewe strategie of plan wat hoofsaaklik handel met een van die sektore of elemente of spesifieke onderwerpe wat deel vorm van 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan, en wat byvoorbeeld 'n ekonomiese, grondhervormings-, omgewings-, behuisings-, water-, dienste- of vervoerplan kan wees;

sellulêre telekommunikasie infrastruktuur, een of meer van die volgende, sonder om daartoe beperk te wees:

- (i) 'n antenna of ondersteunende struktuur insluitend enige soliede- of tralie-struktuur, maspaal, enkelpaal, ankertoring, traliewerk toring, alleenstaande toring of enige struktuur ontwerp en hoofsaaklik gebruik ter ondersteuning van die antenna;
- (ii) antennastrukture insluitend enige stelsel van drade, pale, stawe of soortgelyke toestelle, wat gebruik word vir die geleiding of die ontvangs van elektromagnetiese golwe, geheg aan 'n gebou of mas, en sluit dit kables tussen die toerustingkamer en die antenna, in;

- (iii) 'n basisstasieterein insluitend die grond, antenna ondersteuningstrukture, en alle verbandhoudende infrastruktuur soos die antenna, mikrogolfskottel, toerustingkamer en toegangspad;
- (iv) 'n toerustingkamer insluitend 'n struktuur om die sellulêre telekommunikasietoerusting wat met die antenna-ondersteuningstruktuur of antenna verband hou, te huisves, wat 'n aparte gebou wat uitsluitlik vir die apparaat gebruik word, of dit 'n voorafvervaardigde houer of kamer of kamers binne 'n gebou wat 'n ander primêre gebruik het, mag wees, en
- (v) mikrogolfskottels insluitend enige toestel wat 'n weerkaatsende oppervlak het wat solied, oop, maasnet- of staafgevorm is in die vorm van 'n vlak skottel, keël, horing of andersins, en wat gebruik word om elektromagnetiese golwe te gelei of te ontvang;

Skemaregulasies, die betekenis wat in die Ordonnansie daaraan geheg word;

skrootwerf, 'n gebou of grond wat aangewend word vir een of meer van die volgende doeleindes:

- (i) die opberg, stort of versameling van rommel of afvalmateriaal of artikels waarvan die waarde hoofsaaklik of geheel en al afhang van die materiaal waaruit dit vervaardig is;
- (ii) die aftakeling van tweedehandse voertuie of masjinerie met die doel om onderdele of materiaal daaruit te herwin, en
- (iii) die opberg of verkoop van tweedehandse onderdele, pype, pale, staal, draad, timmerhout, buitebande, bakstene, hours of ander artikels wat geskik is om in die opelug gelaat te word sonder dat enige ernstige skade daaraan veroorsaak word;

skuiling, 'n eenheid van akkommodasie wat vir menslike bewoning bedoel is, gebou van materiaal wat nie noodwendig voldoen aan die standaard van duursaamheid soos deur die Nasionale Bouregulasies vereis nie;

slagpale, 'n plek waar diere, insluitend pluimvee of seediere, geslag word en voorberei word vir verspreiding na slaghuise en voedselmarkte;

sone, wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word, grond wat vir 'n bepaalde sonering toegewys is, ongeag of dit uit een of meer grondeenhede of gedeeltes van grondeenhede bestaan;

soneer, wanneer dit as 'n werkwoord met betrekking tot grond gebruik word, om grond vir 'n bepaalde sonering aan te wys;

sonering, wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word, 'n kategorie van riglyne wat die ontwikkeling van grond reguleer en wat die doel waarvoor die grond gebruik mag word en die grondgebruik of ontwikkelingsbestuurbepalings wat van toepassing is op die gemelde kategorie van riglyne, soos deur die Soneringskemaregulasies bepaal word, uiteensit;

soneringskaart, 'n goedgekeurde kaart of goedgekeurde kaart wat die sones en grondeenhede geleë in die Raad se jurisdiksiegebied, aantoon;

soneringskema, beteken Soneringskemaregulasies wat ingevolge die Ordonnansie goedgekeur is en die soneringskaart en register;

soneringskemaregulasies, dieselfde as "**hierdie Regulasies**";

spesiale gebied, 'n gebied van historiese, kulturele of ekologiese betekenis, of 'n biosfeersone, waarop, bo en behalwe die soneringsbeperkings, addisionele riglyne vir beheer oor bewaring en ontwikkeling, toegepas moet word;

spesiale gebruik, 'n gebruik wat sodanig is, of ten opsigte waarvan die grondgebruikbepalings sodanig is, dat daar nie in hierdie Regulasies daarvoor voorsiening gemaak word nie, wat ten volle omskryf word, en ten opsigte waarvan die grondgebruikparameters ten volle omskryf word, by wyse van voorwaardes van goedkeuring of by wyse van bepalings wat op die spesiale sone van toepassing is, en sluit dit bewaringsgebruik in;

staatsinstelling, 'n staatsinstelling soos gedefinieer in artikel 239 van die Nasionale Grondwet;

stadsrand, 'n afgebakende lyn wat kadastrale grense mag volg al dan nie, tesame met 'n interverwante beleid, wat dien om die buiterand van stedelike uitbreiding te bepaal, te rig en te beheer;

stedelike bewaring, die ontwikkeling of onderhouding van die beboude omgewing op 'n voorgeskrewe wyse, gerig op die maksimalisering van die historiese, estetiese of sosiale eienskappe daarvan en die verhoging van die waarde van die gebied, vir beide huidige asook toekomstige gebruik;

Stelselwet, die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000);

steurende geraas, die omringende geraaspeil wat 'n betrokke sone se klankpeil oorskry of, indien geen sonepeil bepaal is nie, 'n geraaspeil wat die omgewing se klankpeil by dieselfde metingspunt met 7dBA of meer, oorskry, met dien verstande dat die vasstelling van die omgewing se klankpeil bepaal moet word in ooreenstemming met aanvaarde wetenskaplike beginsels soos neergelê in die Regulasies Insake Geraasbeheer afgekondig in terme van NEMA;

stoep, 'n onbedekte geplaveide gebied of vloeroppervlak wat uitsteek, buitekant en onmiddellik-aangrensend aan 'n gebou, op of onder die vlak van die grondvloer daarvan, en sluit dit enige lae mure of reëlings rondom sulke geplaveide gebiede of vloere, in;

stortingsterrein, 'n plek waar huishoudelike, kommersiële of industriële afvalprodukte op 'n wettige wyse geberg, verwerk, behandel of mee weggedoen word en sluit sanitêre storting in;

straat, in die konteks van bepalings met betrekking tot straatboulyne, terugsetlyne, straatgrense, straathoeke, van die straat af parking, perseeltoegang of laaivereistes, ook 'n openbare straat en 'n privaat pad;

straatgrens, die gemeenskaplike grens van 'n grondeenheid met 'n straat; met dien verstande dat waar 'n gedeelte van 'n perseel of grondeenheid kragtens die Soneringskema-regulasies of enige ander wet vir die doel van 'n nuwe straat of straatverbreding gereserveer is, die straatgrens van die perseel of grondeenheid die grens van sodanige voorgestelde nuwe straat of voorgestelde straatverbreding is;

struktuur, sonder om die gewone betekenis op enige wyse te beperk, ook enige gebou, skuiling, muur, draad, pilaar, preeel, stoep, landingsplatform, terras, teken, dekoratiewe argitektoniese eienskappe, swembad, brandstofpomp en ondergrondse tenk asook enige gedeelte van 'n struktuur;

struktuurplan, 'n plan goedgekeur in terme van artikel 4(6) of 4(10) van die Ordonnansie;

supermark, 'n kleinhandelsaak met 'n netto kleinhandelvloerruimte van nie minder as 350m² nie, wat aangewend word vir verkope op 'n grondslag van selfbediening en waar die ware wat te koop aangebied word, in een of meer van die volgende kategorieë val:

- (i) voedselware;
- (ii) toiletware;
- (iii) huishoudelike reinigers;
- (iv) klerasie;
- (v) wynverkope, of
- (vi) huis- en tuintoerusting;

sygrens, 'n grens van 'n grondeenheid wat nie die straatgrens of die agtergrens is nie;

sygaardjie, 'n voetpad langs 'n straat wat in hoogte kan verskil en normaalweg van die voertuie geskei word met 'n randsteen. 'n Strook plantegroei, gras, struik of bome of 'n kombinasie daarvan mag tussen die voetgangers en voertuie voorkom;

T

telekommunikasie-infrastruktuur, beteken:

- (i) enige deel van die infrastruktuur van 'n telekommunikasienetwerk vir radio/ draadlose kommunikasie insluitend stem-, data en video-telekommunikasie wat antennes kan insluit;
- (ii) enige ondersteuningstruktuur, toerustingkamer, radiotoerusting en optiese kommunikasietoerusting (laser of infrarooi) wat voorsien word deur die operateurs van sellulêre netwerke of enige ander telekommunikasievoorsieners;
- (iii) alle verbandhoudende strukture wat benodig word vir die bedryf van telekommunikasie-infrastruktuur met dien verstande dat vesel-optiese installasies en punt tot punt koper (kabel)-installasies uitgesluit word van hierdie definisie;

teikensone, die sonering van 'n relatiewe klein gedeelte van 'n grondeenheid wat verskil van die sonering van die groter gedeelte van die grondeenheid;

terras, 'n gebied waartoe die inwoners van 'n gebou toegang het, geskep op 'n plat dak oor 'n gedeelte van 'n verdieping, soos teweeggebring deur die terugset van 'n gedeelte van die gebou bokant sodanige verdieping;

terreinontwikkelingsplan, 'n plan wat besonderhede van voorgestelde ontwikkeling aantoon, insluitend:

- (i) bestaande biofisiese karaktereieenskappe van die terrein;
- (ii) die uitleg van die terrein, wat die gebruik van die verskillende gedeeltes daarvan aantoon;
- (iii) die plasing, gebruik en omvang van geboue;
- (iv) sketsplanne en aansigte met betrekking tot voorgestelde strukture, insluitend inligting oor hul eksterne voorkoms of buite-aansig;
- (v) die belyning en algemene spesifikasies van voertuigtoegang, paaie, parkeergebiede en voetgangerweë;
- (vi) die ligging en omvang van private, openbare en gemeenskaplike ruimtes;
- (vii) tipiese detail inligting oor die omheining of grensmure rondom die buitengrens van die terrein asook binne die terrein;
- (viii) elektrisiteitsvoorsiening en eksterne beligtingvoorstelle;
- (ix) voorsiening vir die wegdoen van stormwater, riool en afval;

- (x) watertoevoer;
- (xi) detail van eksterne tekens en naamborde;
- (xii) algemene landskaperingsvoorstelle insluitend plantegroei om te bewaar, te verwyder en te plant, eksterne plaveiing en maatreëls om buitelig-gebiede te stabiliseer waar nodig;
- (xiii) die fasering van ontwikkeling;
- (xiv) die voorgestelde ontwikkeling in verhouding tot bestaande en afgewerkte grondvlakke, insluitend uitgrawings en snyding-en-vulling;
- (xv) statistiese inligting oor die omvang van die voorgestelde ontwikkeling, vloerruimte-toewysings en -groottes asook die voorsiening van parkering, en
- (xvi) enige ander detail-inligting soos redelikerwys deur die Raad vereis mag word;

terugset, die lyn wat 'n gebied, gemeet van die middellyn van 'n bepaalde openbare straat, afbaken, waarbinne geen gebou of ander struktuur, insluitend 'n grensomheining, opgerig mag word nie;

titel, met betrekking tot besit- of verblyfreg, die besit van grond, en sluit dit alle vorm van eienaarskap wat in 'n titelakte opgeneem kan word, in;

toegangspoort, 'n prominente toegang tot of uitgang vanuit 'n stedelike gebied of 'n spesifieke gedeelte van 'n stedelike gebied, wat oor mensgemaakte of natuurlike eienskappe beskik en 'n sterk gevoel van aankoms of vertrek skep;

toegangstreëttjies en portale, treëttjies en portale vir 'n gebou, met inbegrip van lae mure en reëlings, indien sulke treëttjies en portale nie binne die stutmure van die gebou geleë is nie;

toeristefasiliteite, geriewe vir toeriste of besoekers, soos lesingsale, restaurante, geskenkwinkels, ruskamers of ontspanningsfasiliteite, maar sluit nie 'n hotel en oornagakkommodasie in nie;

toerustingkamer, 'n gebou vir die akkommodering van kommunikasietoerusting wat verband hou met telekommunikasie infrastruktuur – dit kan 'n aparte gebou wat uitsluitlik vir die toerusting gebruik word, wees of dit kan 'n houer of 'n kamer binne 'n gebou wees;

totale vloerruimte, met betrekking tot 'n gebou, die som van die vloerruimte van al die verdiepings van so 'n gebou, met inbegrip van kelderverdiepings;

tuinbou, die kweek van plante en swamme op 'n intensiewe skaal, insluitend die kweek van plante en swamme onder dak of in 'n kweekhuis, asook die verkoop van selfgekweekte plante en swamme op 'n grondeenheid;

transmissietoring, enige steunstruktuur en verbandhoudende infrastruktuur van meer as 3m in hoogte, wat gebruik word vir die transmissie en/of ontvangs van elektromagnetiese golwe, en sluit telekommunikasie-, sellulêre telekommunikasie-, radio-, televisie- en sateliet-transmissie in, en beteken dieselfde as **“vrystaande basis-telekommunikasiestasie”**;

tuisberoep, die beoefening van 'n beroep of ambag, of die bedryf van 'n onderneming vanaf 'n wooneenheid, deur die bewoner van die betrokke wooneenheid en sy of hul assistente, met dien verstande dat die dominante gebruik van die betrokke wooneenheid, woonakkommodasie vir 'n enkel gesin sal bly en dat die bepalinge van toepassing op tuisberoep in hierdie regulasies, nagekom word;

tweede wooneenheid, 'n wooneenheid wat opgerig kan word met die vergunning van die Raad op 'n grondeenheid waar 'n woonhuis, toegelaat as 'n primêre gebruik, reeds opgerig is, met dien verstande dat:

- (i) hierdie regulasie die Raad toelaat om 'n vergunning vir 'n tweede wooneenheid in die betrokke sone toe te staan;
- (ii) die tweede wooneenheid op dieselfde kadastrale eenheid as die woonhuis opgerig moet word;
- (iii) die tweede wooneenheid 'n kleiner vloerruimte as die woonhuis moet hê;
- (iv) die tweede wooneenheid voldoen aan die ander tersaaklike vereistes wat in hierdie Regulasies voorgeskryf word;
- (v) deeltitel eienaarskap toegelaat sal word vir die woonhuis asook die tweede wooneenheid onderworpe daaraan dat beide wooneenhede direkte toegang tot 'n publieke pad sal hê asook direkte aansluitings tot die munisipale infrastruktuur.

U

uitsigroete, 'n openbare pad of straat wat as 'n natuurskoonroete deur die Raad verklaar is ter erkenning van die hoë visuele aantreklikheid langs daardie openbare pad of straat, met inbegrip van agtergrond-vistas van berge, oop landskap, kuslyn of stedelike landskap;

uitsigroetekorridor, alle grond binne 200m aan beide kante van 'n uitsigroete loodreg gemeet van die middellyn van die padreserwe;

V

vakansie-akkommodasie, 'n harmonieus-ontwerpte en -geboude vakansie-ontwikkeling wat vir vakansie- en ontspanningsdoeleindes gebruik word, hetsy in openbare of private besit, wat:

- (i) uit 'n enkele onderneming bestaan waar akkommodasie slegs by wyse van korttermyn-verhuring of tyddeling verskaf word;
- (ii) verbandhoudende personeel-akkommodasie en die voorsiening van kampeerterreine mag insluit;
- (iii) 'n restaurant en binneshuise en buitenshuise ontspanningsgeriewe mag insluit, en
- (iv) nie 'n hotel of motel insluit nie;

vakansiehuisvesting, 'n harmonieus ontwerpte en geboude vakansie- en/ of ontspanningsontwikkeling met 'n informele gegroepeerde uitleg wat die voorsiening van 'n kampeertrein en grond vir mobiele wonings of wooneenhede kan insluit en afsonderlik vervreem kan word deur middel van tyddeling, deeltitelverdeling, die verkoop van blokaandeel of kadastrale onderverdeling;

verandah, 'n bedekte gebied, wat nie deel is van 'n agterplaas of parkeergebied is nie, of 'n vloer wat na buite uitsteek asook onmiddellik-aangrensend aan 'n gebou is op dieselfde vlak of laer as die vlak van die grondvloer daarvan, en sluit dit beide sodanige oppervlaktes van die vloer en dak of ander bougedeelte wat dit bedek, in, sowel as enige lae mure of reëlins rondom so 'n geplaveide gebied of vloer;

verdieping, daardie gedeelte van 'n gebou ingesluit tussen die vloervlak van enige vloer en die vloervlak van die volgende vloer daarbo, of, as daar geen vloer bo-op is nie, die plafon, met dien verstande dat:

- (i) 'n kelder nie 'n verdieping uitmaak nie;
- (ii) 'n dak, of koepel wat deel vorm van 'n dak, nie 'n aparte verdieping sal uitmaak nie behalwe as die spasie binne die dak of koepel ontwerp is, of gebruik word, vir menslike bewoning in welke geval dit as 'n verdieping geag sal word, en
- (iii) enige verdieping wat hoër is as 3m maar gelyk aan of minder as 6m in hoogte is, vir die doel van hoogtemeting, as twee (2) verdiepings geag sal word en elke addisionele 3m in hoogte of gedeelte daarvan, as 'n bykomende verdieping geag sal word;

vergaderplek, 'n openbare saal, saal vir sosiale geleentheid, musieksaal, konsertsaal of vertoonsaal wat nie direk verband hou met 'n handelonderneming nie, of 'n stadsaal of burgersentrum

vergunning, spesiale toestemming toegestaan deur die Raad, ná deeglike oorweging van alle relevante feite en nadat 'n redelike en wettige proses gevolg is, in terme waarvan 'n spesifieke tipe van grondgebruik of aktiwiteit toegelaat word, bykomend tot die primêre gebruiksregte van toepassing op die betrokke grond;

vergunningsgebruik, 'n bykomende gebruiksreg of 'n verandering van 'n grondgebruikbepaling wat in terme van die bepalings in 'n bepaalde sone, slegs met die toestemming van die Raad toegelaat word;

verkeersimpakbeoordeling, 'n studie oor die aanvraag vir verkeersritte wat opgewek word deur 'n voorgestelde ontwikkeling in verhouding tot die bestaande en beplande padstelsel, waar die ontwikkeling meer as 275 ritte opwek of die daaglikse ritte die bestaande verkeersvlakke met meer as 20% verhoog;

verkeersimpakstelling, 'n stelling oor die aanvraag vir verkeersritte wat opgewek word deur 'n voorgestelde ontwikkeling in verhouding tot die bestaande en beplande padstelsel, waar die ontwikkeling minder as 275 ritte opwek of die daaglikse ritte die bestaande verkeersvlakke met minder as 20% verhoog;

vertoon, met betrekking tot 'n teken, ook, sonder om die gewone betekenis op enige wyse te beperk, die oprigting van enige struktuur ter ondersteuning van sodanige teken;

vertoonsentrum, 'n perseel waar uitstallings, sosiale funksies, markte sowel as opleiding kan plaasvind en sluit in verwante fasiliteite en geriewe asook infrastruktuur waaronder parkering;

vervangingskema, 'n soneringskemaregulasies wat enige ander soneringskemaregulasies of gedeelte daarvan vervang;

vervoergebruik, 'n onderneming waarvan die grondslag die voorsiening van 'n vervoerdiens is, en sluit dit sowel openbare as privaat vervoerfasiliteite, soos lughawens, vliegvelde, treinstasies, busdepot's, taxi-staanplekke, openbarevervoer-wisselingsplekke en verbandhoudende gebruike in;

vier-by-vier roete (4x4 roete), 'n reeks paaie, spore en roetes, ontwerp vir gebruik deur boendoe voertuie as 'n ontspannings- of avontuurfasiliteit, en sluit dit geboue wat normaalweg nodig word vir die administrasie en instandhouding daarvan in maar nie vakansie-akkommodasie of toeristefasiliteite nie;

vlak van die voetgangerweg,

- (i) die hoogte by die agterkant van 'n sypaadjie/ voetgangerweg waar dit binne 'n padreserwe gebou is, of

- (ii) die hoogte soos deur die Raad bepaal waar die sypaadjie/ voetgangerweg nie binne 'n padreserwe gebou is of gebou gaan word nie, en het dieselfde betekenis as "**hoogte van die sypaadjie**";

vloed, 'n algemene en tydelike toestand van gedeeltelike of algehele oorstroming van grondgebiede as gevolg van 'n stortvloed van 'n watermassa;

vloedvlak, die vlak van die vloedwater wat gemiddeld elke 100 jaar voorkom (ook genoem 'n 1 in 100 jaar vloed), en beteken dit dieselfde as "**basisvloed**";

vloedweg, die kanaal, rivier of ander waterweg en aangrensende grondgebiede, wat vry gehou moet word van strukture en ander hindernisse ten einde die bodenvloed weg te voer sonder 'n styging van die oppervlak watervlak;

vloer, die binne-, laer oppervlak van 'n kamer, garage of kelder, en sluit dit 'n terras of atrium waartoe die bewoners van die gebou toegang het, in;

vloerfaktor, die faktor (uitgedruk as 'n gedeelte van 1) wat voorgeskryf word vir die berekening van die maksimum vloerruimte van 'n gebou of geboue toelaatbaar op 'n grondeenheid. As die vloerfaktor bekend is, kan die maksimum vloerruimte bereken word deur vermenigvuldiging van die vloerfaktor met die netto-erfoppervlakte;

vloerruimte, met betrekking tot 'n gebou, die oppervlakte van 'n vloer wat bedek word met 'n betonblad, dak of uitstek, met dien verstande dat:

- (i) enige oppervlakte, met inbegrip van 'n kelder verdieping, wat uitsluitlik vir die parkering of laai van voertuie gereserveer word, uitgesluit word;
- (ii) eksterne toegangstrappe en landingsdekke, enige stoep en enige oppervlakte wat vir buite-brandtrappe benodig word, uitgesluit word;
- (iii) 'n projeksie, insluitend 'n projeksie van dakoorhange en 'n projeksie wat as sonskerm of argitektoniese eienskap dien en wat nie 1m van die buitemuur of soortgelyke ondersteuning oorskry nie, uitgesluit word;
- (iv) enige onbedekte binnehof, ligskag of ander onbedekte skag wat 'n oppervlakte groter as 10m² beslaan, uitgesluit word;
- (v) enige arkade, met 'n minimum-breedte van 2m, wat te alle tye deurgang deur die betrokke gebou verleen van openbare parkering, 'n openbare straat, 'n sypaadjie of 'n openbare oopruimte af na ander openbare parkering of 'n ander openbare straat, sypaadjie of openbare oopruimte en wat te alle tye vir die publiek oop is, asook enige ander oordekte loopvlak waarvan die dak lig deurlaat, uitgesluit word;
- (vi) enige bedekte geplaveide oppervlakte buite en direk aanliggend tot die gebou op of onder die grondvloervlak, waar die geplaveide gebied deel uitmaak van 'n voorhof, werf, eksterne binneplaa, voetganger-sypaadjie, parkeer gebied of voertuigtoegang, uitgesluit word;
- (vii) onderworpe aan (viii) hieronder, enige balkonne, terrasse, trappe, trapskagte, verandas, gemeenskaplike ingange en gemeenskaplike gange wat met 'n dak oordek is, ingesluit sal word, en
- (viii) enige trap-, hyser- of ander skagte of atriums, in die geval van meerverdiepinggeboue, slegs eenmalig bereken sal word,

met dien verstande dat vloerruimte gemeet word van die buitekant van die buitemure of soortgelyke ondersteuning van sulke geboue, en dat waar die geboue uit meer as een verdieping bestaan, die totale vloerruimte die som van die vloerruimte van al die verdiepings ingesluit kelder verdiepings sal wees;

vloerruimteverhouding, dieselfde as "**vloerfaktor**";

voedselprosessering, die vervaardiging van voedselprodukte deur die verwerking van akkerbou- en veeteeltprodukte asook van reeds-bestaande voedsel;

voertuigtoegang- en uitgang, 'n motorvoertuig ingang of uitgang of 'n gekombineerde toegang en uitgang vanaf 'n grondgedeelte tot by 'n openbare pad;

voetgangerweg, sien ook "**vlak van die voetgangerweg**" asook "**hoogte van die sypaadjie**";

volwassevermaakbedryf, 'n onderneming waar films, foto's, boeke of tydskrifte teen vergoeding verhuur of verkoop word of lewendige optredes teen vergoeding plaasvind met die klem op die vertoon of beskrywing van pornografiese of erotiese seksuele aktiwiteite of menslike geslagsdele en sluit dit 'n gesellinagentskap en 'n masseersalon in, behalwe 'n masseerbedryf waar massering vir mediese of sport-doeleindes deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of soortgelyke professionele persoon beoefen word;

vrystaande basis-telekommunikasiestasie, 'n vrystaande ondersteuningstruktuur op die grond of wat aan die grond geanker is en wat gebruik word vir die akkommodering van telekommunikasie-infrastruktuur vir die versending of ontvangs van elektroniese kommunikasiesignale en kan 'n toegangspad na sodanige fasiliteit insluit, en het dieselfde betekenis as "**transmissietoring**";

W

Wet op Advertering langs en Toebou van Paaie, die Wet op Advertering langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940);

Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), bevorder gekoördineerde omgewingsbeplanning en die gebruik van die Republiek se hulpbronne en maak vir daardie doeleindes voorsiening vir die beheer van die sonering en onderverdeling van grond vir nywerheidsdoeleindes; vir die reservering van grond vir spesifieke gebruike; vir die vestiging van beheerareas; vir beperkings op die onderverdeling en gebruik van grond in beheerareas; vir die saamstel en goedkeuring van gidsplanne en vir die beperkings op die gebruik van grond vir spesifieke doeleindes tensy gereserveer vir gebruik vir sulke doeleindes en vir ander verwante aangeleenthede;

Wet op Informele Dorpstigting, die Wet op Informele Dorpstigting, 1991 (Wet 113 van 1991);

Wet op Padvervoer, Wet nr. 14 van 1977, beheer spesifieke vorme van padvervoer asook kwessies daaraan gekoppel;

winkel, 'n perseel wat gebruik word vir die kleinhandelverkoop van goedere en dienste, individueel of in relatief klein hoeveelhede aan die publiek en sluit dit 'n kleinhandelsaak in waar goedere wat in sodanige handelsaak verkoop word, vervaardig of herstel word, met dien verstande dat die vloeroppervlakte wat verband hou met sodanige vervaardiging en herstel nie meer as een-derde van die vloerspasie van die winkel beslaan nie, en met dien verstande voorts dat "winkel" nie 'n nywerheid, diensbedryf, openbare garage, vulstasie, restaurant, volwassevermaakbedryf, drankwinkel of nywerheidskorf insluit nie, en indien sodanige gebruike op dieselfde grondeenheid as 'n winkel voorkom, dit as aparte gebruike beskou sal word onderworpe aan die betrokke aparte grondgebruikbepalings;

wooneenheid, 'n self-onderhoudende intertoeganklike groep kamers met nie meer as een kombuis nie, wat as woonplek en die huisvesting van 'n enkele gesin gebruik word, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik daarmee saam gebruik word;

woongebou, 'n gebou, uitgesonderd 'n woonhuis, 'n groephuis, 'n dorps huis of woonstelle, vir bewoning deur mense, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik saam daarmee gebruik word, en sluit dit 'n losieshuis, woonkamers, 'n gelisensieerde hotel uitgesonderd 'n buiteverbruikfasiliteit, 'n ouetehuis, 'n kinders huis en 'n koshuis in, maar nie geboue wat, hetsy by wyse van insluiting of uitsluiting, in die omskrywing van "onderrigplek" of "inrigting" vermeld word nie;

woonhuis, 'n gebou wat slegs een wooneenheid bevat;

woonstelle, 'n gebou bestaande uit meer as een verdieping wat twee of meer wooneenhede vir bewoning deur mense bevat, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik daarmee verband hou, maar sluit dit dubbelwoonhuise of groephuisse uit, met dien verstande dat in daardie sones waar woonstelle toelaatbaar is, een wooneenheid sonder Raadsvergunning toelaatbaar is in 'n gebou goedgekeur vir ander doeleindes as woonstelle;

woonwa, enige voertuig wat permanent ingerig is vir gebruik deur mense vir woon- of slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie en wat gereidelik beweeg kan word;

woonwapark, 'n grondeenheid of deel daarvan waar tente of woonwaens vir korttermyn vakansie-akkommodasie voor beplan is en geakkommodeer kan word, en sluit dit ablusie-, kook- en ander geriewe vir gebruik deur die bewoners van die woonwaens, in;

wynkelder, 'n plek waar wyn gemaak word, en mag dit 'n verkoops punt vir wynverkope aan die algemene publiek sowel as 'n wynproe-area, insluit, en

wynwinkel, 'n plek waar verpakte drank verkoop word vir verbruik van die perseel af.

ARTIKEL 7: SONERING**(A) Sonering volgens aanwending**

Notasies op die soneringskaart het ten doel om grondgebruikregte aan te toon en nie grondbesit nie. Grond wat aan 'n openbare owerheid behoort, word slegs by die owerheidsone ingedeel indien die aanwending daarvan sodanig is dat geen ander sone in Tabel B toepaslik is nie.

Indien enige ander sone in Tabel B wel toepaslik is, word die grond vir daardie doeleinde aangedui ongeag die feit dat dit in besit van 'n openbare owerheid is.

(B) Algemene doelstelling met sonering

Die algemene doel met hierdie soneringskema regulasies is:

- (a) om toepaslike nasionale, provinsiale en munisipale beplannings- en ontwikkelingsbeginsels, soos van tyd tot tyd goedgekeur, te bevorder asook te implimenteer, en
- (b) om gebruiksregte te bepaal, om stedelike groei, ontwikkeling en benutting van grond te bestuur, sowel as om die natuurlike en kulturele omgewing te bewaar, met die doel om:
- ❖ gekoördineerde en harmonieuse ontwikkeling van die munisipale gebied te bewerkstellig op 'n manier wat die mees effektiewe bevordering van openbare gesondheid, veiligheid, goeie orde, gerief, voordeel en algemene welstand ten opsigte van die inwoners van die munisipale gebied tot gevolg sal hê;
 - ❖ geïntegreerde en volhoubare ontwikkeling te bevorder;
 - ❖ die kwaliteit van die stedelike omgewing te verhoog;
 - ❖ belangrike natuurlike en kulturele hulpbronne te beskerm;
 - ❖ 'n gemeenskaplik ondersteunde mengsel van grondgebruike wat op 'n ordelike manier bestuur word, te bevorder;
 - ❖ geleenthede vir bekostigbare en toepaslike behuising in gebiede naby aan werksplekke te bevorder;
 - ❖ stedelike groei te bevorder en stedelike spreid te beperk, en
 - ❖ die fisiese voorkoms van die natuurlike en beboude omgewing te bestuur en te beheer.
- (C) **Komponente van die soneringskema regulasies**
Hierdie soneringskema regulasies bestaan uit drie komponente: die soneringskema regulasies, die soneringskaart in soverre die skema gekarteer is, en die register in soverre daar items vir die register soos bv. afwykings bestaan.
- (D) **Sonering van grond as gespesifiseerde gebruiksones**
Die grond wat op die soneringskaart aangewys word, soos in kolom 2 of 3 van Tabel A aangedui, is gesoneer vir die onderskeie doeleindes in kolom 1 van Tabel A vermeld en mag, behoudens andersluidende bepalinge van die Ordonnansie en hierdie Regulasies, nie vir enige ander doel aangewend word nie.

TABEL A

KEY / SLEUTEL:		
ZONING / SONERING	NOTATION / NOTASIE	COLOUR / KLEUR
Residential Zone 1: Low Density Residenslêre Sone 1: Lae Digtheid	Yellow / Geel	
Residential Zone 2: Medium Density Residenslêre Sone 2: Medium Digtheid	Yellow / Geel	
Residential Zone 3: High Density Residenslêre Sone 3: Hoë Digtheid	Yellow / Geel	
Residential Zone 4: Incremental Housing Residenslêre Sone 4: Inkrementele Behuising	Yellow / Geel	
General Residential Zone 1: Group Housing Algemene Residenslêre Sone 1: Groepbehuising	Orange / Oranje	
General Residential Zone 2: Town Housing Algemene Residenslêre Sone 2: Dorpsbehuising	Orange with black hatching Oranje met swart skuinslyn arsering	
General Residential Zone 3: Flats Algemene Residenslêre Sone 3: Woonstelle	Orange with black cross hatching Oranje met swart kruislyn arsering	
Business Zone 1: General Business Sakesone 1: Algemene Sake	Blue / Blou	
Business Zone 2: Neighbourhood Business Sakesone 2: Woonbuurtsakesone	Blue with black cross hatching Blou met swart kruislyn arsering	
Business Zone 3: Service Station Sakesone 3: Dienstasie	Blue with black hatching Blou met swart skuinslyn arsering	
Business Zone 4: Petroport Sakesone 4: Petroport	White with blue outline Wit met bloulyn omboorsel	
Industrial Zone 1: Light Industry Nywerheidsone 1: Ligte Nywerheid	Purple with black hatching Pers met swart skuinslyn arsering	
Industrial Zone 2: General Industry Nywerheidsone 2: Algemene Nywerheid	Purple / Pers	
Industrial Zone 3: Risk Industry Nywerheidsone 3: Risiko Nywerheid	Purple with black cross hatching Pers met swart kruislyn arsering	
Industrial Zone 4: Extractive Industry Nywerheidsone 4: Ontginningsnywerheid	White with purple outline Wit met perslyn omboorsel	
Community Zone 1: Education Gemeenskapsone 1: Opvoeding	Light Blue with black letter E Ligblou met swart letter E	E
Community Zone 2: Place of Worship Gemeenskapsone 2: Aanbidding	Grey with black cross Grys met swart kruis	+
Community Zone 3: Institution Gemeenskapsone 3: Inrigting	Grey with black hatching Grys met swart skuinslyn arsering	
Authority Zone 1: Government Owerheidsone 1: Staat	Red / Rooi	
Transport Zone 1: Transport usage Vervoersone 1: Vervoergebruik	Light brown with black hatching Ligbruin met swart skuinslyn arsering	
Transport Zone 2: Roads Vervoersone 2: Paale	Light Brown / Ligbruin	
Transport Zone 3: Parking Vervoersone 3: Parkering	Light Brown with black letter P Ligbruin met swart letter P	P
Open Space Zone 1: Public Open Space Oopruimte Sone 1: Openbare Oopruimte	Dark Green / Donkergroen	
Open Space Zone 2: Private Open Space Oopruimte Sone 2: Privaat Oopruimte	Light Green / Liggroen	
Open Space Zone 3: Nature Reserve Oopruimte Sone 3: Natuurreservaat	Light green with black hatching Liggroen met swart skuinslyn arsering	
Open Space Zone 4: Cemetery Oopruimte Sone 4: Begraafplaas	Light Green with black letter C Liggroen met swart letter C	C
Resort Zone Oordone	Pink / Plenk	
Leisure Accommodation Ontspanningsverblyf	Pink with black cross hatching Plenk met swart kruislyn arsering	
Agricultural Zone 1: Agriculture Landbouone 1: Landbou	Green with thick black hatching Groen met dik swart skuinslyn arsering	
Agricultural Zone 2: Agricultural Processing Landbouone 2: Landbou Nywerheid	Green with thick purple hatching Groen met dik pers skuinslyn arsering	
Rural Zone 1: Smallholdings Landelike Sone 1: Kleinhoewes	Light green with thick yellow hatching Liggroen met dik geel skuinslyn arsering	
Undetermined Zone Onbepaalde Sone	Dark brown / Donkerbruin	
Special Zone Spesiale Sone	White with Light Blue outline Wit met ligblou omboorsel	
Subdivisional Area Onderverdelingsgebied	White with red outline Wit met rooi omboorsel	

(E) Oprigting van geboue en aanwending van grond in gespesifiseerde gebruiksones

Die doeleindes, genoem primêre gebruike, waarvoor grond aangewend mag word in die onderskeie sones in kolom 1 van Tabel B aangedui, word in kolom 2 van Tabel B vermeld. Die doeleindes, genoem vergunningsgebruike, waarvoor grond met die toestemming van die Raad aangewend mag word in die onderskeie sones in kolom 1 van Tabel B aangedui, word in kolom 3 van Tabel B vermeld. Enige gebruik wat nie in kolom 2 of 3 voorkom nie, mag, behoudens andersluidende bepalings van die Ordonnansie en hierdie Regulasies, nie in die betrokke sone toegelaat word nie.

In die geval van grond wat voor 1 Julie 1986 ongesoneerd was en waarvan die grondgebruik onderworpe is aan titelvoorwaardes, word die aanwending daarvan vir die doel van sonering soos beoog by artikel 14(1) van die Ordonnansie, geag die gebruik te wees wat ingevolge titelvoorwaardes wat deur die Premier opgelê is, toegelaat word, of, indien meer as een gebruik aldus toegelaat word, een van sodanige gebruike soos deur die Raad bepaal.

Daar moet op gelet word dat die geboue en gebruike wat ingevolge Tabel B toegelaat word of met Raadstoestemming goedgekeur kan word, onderworpe kan wees aan afwykings, wat die reg verbonde aan 'n grondeenheid in effek meer of minder beperk kan maak as wat blyk uit die notasie op die kaart. In sodanige gevalle moet die relevante inligting met betrekking tot die grondeenheid aangeteken word in die register wat vir hierdie doel bygehou word [sien 7(C) hierbo].

TABEL B		
<i>SONERING</i>	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
RESIDENSIEEL		
Enkelresidensiële Sone 1: Lae digtheid.	Woonhuis.	Tweede wooneenheid, Dubbelwoonhuis, Bed & Ontbyt bedryf, Dagsorgsentrum, Plek van onderrig, Plek van aanbidding, Tuisberoep.
Enkelresidensiële Sone 2: Medium digtheid.	Woonhuis.	Tweede wooneenheid, Bed & Ontbyt bedryf, Dagsorgsentrum, Gastehuis, Huiswinkel, Huistaverne, Tuisberoep.
Enkelresidensiële Sone 3: Hoë digtheid. Landgoedbehuising.	Woonhuis, Privaat oopruimte.	Groepbehuising, Dorpbehuising, Woonstelle, Hotel, Restaurant, Plek van samekoms, Tuisberoep.
Enkelresidensiële Sone 4: Inkrementele behuising.	Woonhuis, Tweede wooneenheid, Bed & Ontbyt bedryf, Skuiling.	Dubbelwoonhuis, Dagsorgsentrum, Plek van Onderrig, Huistaverne, Huiswinkel, Tuisberoep.
ALGEMEEN RESIDENSIEEL	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Algemene Residensiële Sone 1: Groepbehuising.	Groepbehuising, Woonhuis.	Tuisberoep.
Algemene Residensiële Sone 2: Dorpsbehuising.	Dorpbehuising, Woonhuis.	Woonstelle, Tuisberoep.
Algemene Residensiële Sone 3: Woonstelle.	Woonstelle, Gastehuis, Losieshuis, Woonhuis, Groepbehuising, Dorpbehuising.	Winkel, Herberg, Inrigting, Plek van onderrig, Plek van samekoms, Tuisberoep, Transmissietoring, Dak-basisstasie.
SAKE	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Sakesone 1: Algemene sake.	Sakeperseel, Woonstelle, Kantore, Kantoopark, Restaurant, Diensbedryf, Openbare parkering, Dierehospitaal, Kwekery, Transmissietoring, Dak-basisstasie, Wynwinkel.	Diensstasie, Hotel, Begrafnisonderneming, Motorwassery, Woongebou, Plek van samekoms, Plek van vermaak, Volwasse vermaakbedryf, Inrigting, Drankwinkel.
Sakesone 2: Woonbuurtsake.	Sakeperseel, Woonstelle, Openbare parkering, Transmissietoring, Dak-basisstasie, Wynwinkel.	Kantore, Plek van samekoms, Plek van vermaak, Restaurant, Drankwinkel, Diensbedryf, Motorwassery, Kwekery, Herberg.
Sakesone 3: Diensstasie.	Diensstasie, Motorwassery, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Winkel, Sakeperseel, Restaurant, Wynwinkel.
Sakesone 4: Petroport.	Petroport, Winkel, Restaurant, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Openbare garage, Toeristefasiliteit, Vakansie-akkommodasie, Herberg, Wynwinkel.

NYWERHEID	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Nywerheidsone 1: Ligte nywerheid.	Diensbedryf, Nywerheidskorf, Pakhuis, Motor-wassery, Restaurant, Diensstasie, Openbare parking, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Nywerheid, Openbare Garage, Winkel, Drankwinkel, Kantore, Kantoorpark, Volwas-se vermaakbedryf.
Nywerheidsone 2: Algemene nywerheid.	Nywerheid, Diensbedryf, Pakhuis, Vervoer-gebruik, Motorwassery, Restaurant, Openbare parking, Nywerheidskorf, Diensstasie, Openbare garage, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Winkel, Drankwinkel, Plek van onderrig, Plek van aanbidding, Plek van samekoms, Volwasse vermaakbedryf, Begrafnis onderneming, Stortingsterrein, Skrootwerf, Herwinningsaanleg.
Nywerheidsone 3: Risiko-nywerheid.	Hinderbedryf, Risiko-aktiwiteit, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Nywerheid, Diensbedryf, Pakhuis, Skrootwerf, Vervoergebruik, Winkel, Diensstasie, Stortingsterrein, Krematorium, Openbare parking, Slagpale, Herwinnings-aanleg.
Nywerheidsone 4: Ontginningsnywerheid.	Mynbou, Transmissietoring, Dakbasisstasie.	Nywerheid, Risiko-aktiwiteit.
GEMEENSKAP	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Gemeenskapsone 1: Opvoeding.	Plek van onderrig.	Konferensiefasiliteit, Plek van samekoms, Plek van aanbidding, Inrigting, Transmissietoring, Dak-basisstasie.
Gemeenskapsone 2: Aanbidding.	Plek van aanbidding, Godsdienstige leier se woning, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Plek van samekoms, Plek van onderrig, Begraafplaas, Muur van herinnering, Inrigting.
Gemeenskapsone 3: Inrigting.	Inrigting.	Plek van samekoms, Plek van onderrig, Transmissietoring, Dak-basisstasie.
OWERHEID	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Owerheidsone 1: Staat.	Owerheidsgebruik, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Enige gebruik deur die Raad bepaal.
VERVOER	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Vervoersone 1: Vervoergebruik.	Vervoergebruik, Openbare parking, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Winkel, Kantore, Hotel, Restaurant, Drankwinkel, Pakhuis, Nywerheid, Diensbedryf, Diensstasie, Plek van samekoms, Plek van vermaak, Inrigting.
Vervoersone 2: Paaie.	Openbare straat, Privaat pad, Openbare parking, Privaat parking.	Enige gebruik deur die Raad bepaal.
Vervoersone 3: Parkering.	Openbare parking, Privaat parking, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Winkel, Sakeperseel, Diensstasie.
OOPRUIMTE	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Oopruimte Sone 1: Openbare oopruimte.	Openbare oopruimte, Bewaringsgebruik, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Begraafplaas, Muur van herinnering, Kampeertreine, Bootlanseer fasiliteit, Renbaan.
Oopruimte Sone 2: Privaat oopruimte.	Privaat oopruimte, Bewaringsgebruik, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Begraafplaas, Muur van herinnering, Kampeertreine, 4X4 roete, Bootlanseer fasiliteit, Renbaan.
Oopruimte Sone 3: Natuureservaat.	Natuureservaat, Bewaringsgebruik.	Toeristefasiliteit, Vakansie-akkommodasie, 4x4 roete, Transmissietoring, Dak-basisstasie, Bootlanseer fasiliteit.
Oopruimte Sone 4: Begraafplaas.	Begraafplaas, Muur van herinnering, Privaat oopruimte, Bewaringsgebruik.	Krematorium, Plek van aanbidding, Begrafnisonderneming.
OORD	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Oordsone.	Vakansie-akkommodasie, Herberg, Bewaringsgebruik, Privaat oopruimte.	Toeristefasiliteit, Oordwinkel, Konferensie fasiliteit, Transmissietoring, Dak-basisstasie, Bootlanseer fasiliteit.
Ontspanningsverblyf.	Vakansie-huisvesting, Vakansie-akkommodasie, Privaat oopruimte, Bewaringsgebruik.	Herberg, Toeristefasiliteit, Oordwinkel, Transmissietoring, Dak-basisstasie, Bootlanseer fasiliteit.
LANDBOU	<i>Primêre gebruike</i>	<i>Vergunningsgebruike</i>
Landbousone 1: Landbou.	Landbou, Plasstal.	Addisionele wooneenheid, Gastehuis,

		Toeristefasiliteit, Plaaswinkel, Akwakultuur, Tuinbou, Intensiewe veeboerdery, Kwekery, Ryskool, Diensbedryf, Mynbou, 4x4 roete, Kommersiële troeteldierhokke, Bed & Ontbyt bedryf, Bewaringsgebruik, Landboudorp, Kompostering, Renbaan, Bootlanseer fasiliteit, Konferensie fasiliteit, Vertoonsentrum, Transmissietoring, Dak-basisstasie, Hernubare energie struktuur.
Landbousone 2: Landbouwywerheid.	Landbouwywerheid, Transmissietoring, Dak-basisstasie.	Woonhuis, Toeristefasiliteit, Plaasstal, Kwekery, Intensiewe veeboerdery, Tuinbou, Kompostering.
Landbousone 3: Kleinhoewes.	Landbou.	Addisionele wooneenheid, Plaasstal, Bed & Ontbyt bedryf, Toeristefasiliteit, Ryskool, Kwekery, Intensiewe veeboerdery, Tuinbou, Kommersiële troeteldierhokke, Kompos-tering, Voedsel prosessering, Tuisberoep. Transmissietoring, Dak-basisstasie.
ONBEPAALD	Primêre gebruike	Vergunningsgebruike
Onbepaalde Sone.	Geen.	Geen.
SPESIAAL	Primêre gebruike	Vergunningsgebruike
Spesiale Sone.	Spesiale gebruik.	Enige gebruik deur die Raad bepaal, Transmissietoring, Dak-basisstasie
ONDERVERDELINGSGBIED	Primêre gebruike	Vergunningsgebruike
Onderverdelingsgebied Sone.	Alle sonerings soos omskryf.	Soos van toepassing op onderskeie sonerings.

HOOFSTUK 1: RESIDENSIËLE SONES

Algemene Beleidstelling:

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die residensiële sones, behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde struktuurplan of 'n ontwikkelingsraamwerk;

- (i) Residensiële sones is bedoel om gebiede te voorsien vir enkelgesin-wooneenhede met verskillende digthede en om die karakter en aard van residensiële gebiede te beskerm. Die algemene doel met die residensiële sones is om 'n gemaklike, gesonde, veilige en aangename leefomgewing daar te stel en om die stabiliteit van residensiële buurte te bevorder deur die beskerming van die buurte se karakter. Daar bestaan egter geleenthede onder beheerde omstandighede vir werks-geleenthede tuis asook lae-intensiteit gemengde gebruik-ontwikkeling wat normaalweg geassosieer word met residensiële gebruike, onderhewig aan die Raad se goedkeuring;
- (ii) Geleenthede word onder Residensiële Sone 3 geskep vir innoverende ontwerp-oplossings en perseel-spesifieke grondgebruikbepalings om verskillende leefstyle, soos residensiële gholflandgoedere, marinas en perdry-landgoedere, moontlik te maak;
- (iii) Ter erkenning aan behuisingsagterstande en huidige sosio-ekonomiese realiteite, word daar onder Residensiële Sone 4 voorsiening gemaak vir informele behuising in spesifieke gebiede. In sulke gebiede word bou- en beplanningstandaarde verslap, maar steeds met die doel om dié gebiede so gou doenlik tot 'n aanvaarbare standaard op te gradeer. Wanneer hierdie standaard bereik word, moet die betrokke grond hersoneer word na Residensiële Sone 2.

Residensiële Sone 1: Lae digtheid (R1)

Digtheid: Maksimum 8 eenhede per hektaar bruto.

Kleurnotasie: Geel.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om lae tot medium digte residensiële ontwikkeling op relatiewe groot erwe te voorsien en om die kwaliteit en karakter van sulke gebiede te beskerm. Bepaalde werkverskaffing en addisionele akkommodasie-geleenthede is moontlik as primêre en vergunningsgebruike, op voorwaarde dat die dominante gebruik van die grond residensiële bly en die impak van sulke gebruike nie die omliggende residensiële omgewing negatief beïnvloed nie.

1.1 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** woonhuis.
- (b) **Vergunningsgebruik:** tweede wooneenheid, dubbelwoonhuis, bed-en-ontbyt bedryf, dagsorgsentrum, plek van onderrig, plek van aanbidding, tuisberoep.
- (c) **Addisionele gebruikse:** Die bewoner van 'n woonhuis mag kamers in die woonhuis verhuur, onderhewig aan paragraaf 1.1.5.

1.1.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Dekking**
Onderhewig aan die bepaling van paragraaf 1.1.4 (g) is:
 - (i) die maksimum dekking vir erwe met 'n netto erf oppervlakte van minder as of gelyk aan 1000m² is 50%, en
 - (ii) die maksimum dekking vir erwe met 'n netto erfoppervlakte groter as 1000m², 500m², met dien verstande dat indien die Raad oortuig is daarvan dat daar geen wesenlike negatiewe impak sal wees nie, die dekking van 500m² vir 'n grondeenheid groter as 1000m² in oppervlakte verhoog kan word mits sodanige dekking nie 40% oorskry nie.
- (b) **Hoogte**
 - (i) Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
 - (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak-gebou, of 8m, in die geval van 'n spitsdak-gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak-gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry.
- (c) **Boulyne**
 - (i) **Straatboulyn**
Die straatboulyn word soos volg bepaal:
Waar die grondeenheid se gemiddelde diepte,
 - nie 20m oorskry nie, is die straatboulyn 3m, of
 - 20m oorskry of die straatgrens op 'n 'n openbare pad is, is die straatboulyn 4m.
 - (ii) **Syboulyn**
Die syboulyn is 1,5m, onderhewig aan die bepalinge soos van toepassing op alle sones.
 - (iii) **Agterboulyn**
Die agterboulyn is 2m, onderhewig aan die algemene bepalinge soos van toepassing op alle sones.
 - (iv) **Motorhuise en motorafdakke**
Motorhuise en motorafdakke kan onder die omstandighede omskryf in die algemene bepalinge, soos van toepassing op alle sones, opgerig word.
 - (v) **Oorskryding van boulyne**
'n Dakoorhang kan die voorgeskrewe straat- of syboulyn met hoogstens 0,75m oorskry, en die Raad kan die oprigting van 'n buitegebou of tweede wooneenheid wat 'n syboulyn oorskry, goedkeur, onderworpe daaraan:
 - (i) dat aan die straatboulyn voldoen word;
 - (ii) dat sodanige gebou nie 'n hoogte van een verdieping mag oorskry nie;
 - (iii) dat geen deure of vensters in enige muur van sodanige gebou wat op die betrokke sygrens front, toegelaat mag word nie, en
 - (iv) dat 'n ander toegang as deur 'n gebou, minstens 1m breed, van 'n straat na elke ander onbeboude gedeelte van die betrokke grondeenheid, uitgesonderd 'n binnehof, voorsien word.

1.1.2 Onderverdeling- en digtheidstandaarde

Die volgende onderverdeling- en digtheidbepalinge is van toepassing:

- (a) **Minimum onderverdelingsgrootte**
 - (i) Die soneringskaart mag gebiede in hierdie sone aandui waar 'n minimum onderverdelingsgrootte per grondeenheid gespesifiseer word;

- (ii) Waar 'n minimum onderverdelingsgrootte gespesifiseer word in terme van (a)(i) hierbo, mag die netto-erfoppervlakte van erwe geskep deur 'n nuwe onderverdeling of enige restant wat as enkelresidensiële sone 1 gesoneer moet word, nie minder as die gespesifiseerde minimum grootte wees nie.

(b) Maksimum digtheid

- (i) Die soneringskaart mag gebiede binne die sone aandui waar 'n maksimum digtheid per grondeenheid, gebied of buurt gespesifiseer word;
- (ii) Waar 'n maksimum digtheid gespesifiseer word in terme van (b)(i) hierbo, mag die bruto-digtheid van die ontwikkeling op 'n grondeenheid, of in 'n gebied of buurt nie die maksimum digtheid soos gespesifiseer, oorskry nie.

1.1.3 Tuisberoep

Die volgende bepalings sal van toepassing wees waar 'n gedeelte van 'n woonhuis of wooneenheid gebruik word vir die doel van 'n tuisberoep:

- (a) die dominante gebruik van die woonhuis of wooneenheid moet vir bewoning deur 'n enkel-gesin, wees;
- (b) geen gedeelte van so 'n woonhuis en geen tuisberoep, mag gebruik word vir die doel van 'n hindernisbedryf, 'n risiko-aktiwiteit of die verkoop van alkoholiese drank nie;
- (c) geen goedere wat te koop aangebied word, mag in die openbaar uitgestal word nie en geen eksterne tekens van 'n tuisberoep mag sigbaar wees van die straat nie, behalwe 'n reklamebord in ooreenstemming met (d);
- (d) geen reklamebord mag vertoon word ander dan een onverligte teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken mag nie 2000cm² in oppervlak oorskry nie en mag slegs die naam, telefoonnommer en profesie of beroep van die bewoner aandui;
- (e) op-perseel-parkering moet tot bevrediging van die Raad voorsien word;
- (f) die ruimte wat toegewy word aan 'n aktiwiteit wat verband hou met 'n tuisberoep mag nie meer as 25% van die totale vloeroppervlak van die woonhuis op die eiendom of 50m², wat ook al die mees beperkendste is, beslaan nie;
- (g) geen produkte, goedere, of voorraad wat verband hou met die tuisberoep mag op die grondeenheid buite 'n gebou gestoor word nie;
- (h) nie meer as vier persone in totaal mag in die tuisberoep-aktiwiteite op 'n grondeenheid betrokke wees nie, insluitend die huisbewoner of -bewoners en enige assistente;
- (i) nie meer as een handelsvoertuig met 'n bruto gewig van meer as 10 000 kg, mag vir die tuisberoep gebruik word nie, met dien verstande dat 'n voertuig wat uitsluitlik deur die bewoner vir persoonlike gebruik aangewend word, nie geag sal word 'n handelsvoertuig te wees nie;
- (j) die handelsure van die tuisberoep mag nie buite die ure 07h30 tot 17h30 strek nie, en
- (k) enige nuwe struktuur, of veranderinge aan die bestaande woonhuis of buitegeboue, moet in ooreenstemming wees met die residensiële karakter van die betrokke gebied.

1.1.4 Tweede wooneenheid, dubbelwoonhuis

Met die toestaan van 'n vergunningsgebruik vir 'n tweede wooneenheid of dubbelwoonhuis, kan die Raad, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende voorwaardes oplê:

- (a) die totale vloeroppervlakte van 'n tweede wooneenheid mag nie 120m² oorskry nie, terwyl die totale vloeroppervlakte van 'n wooneenheid in 'n dubbelwoonhuis nie onderworpe is aan dié beperking nie;
- (b) 'n tweede wooneenheid moet in dieselfde argitektoniese styl en met dieselfde materiaal, afwerkings en kleure as die primêre woonhuis opgerig word;
- (c) 'n tweede wooneenheid mag nie hoër wees as een verdieping nie;
- (d) beide wooneenhede in 'n dubbelwoonhuis moet ontwerp word om die indruk van een groot woonhuis te gee, en beide eenhede mag 'n grondvloer hê of een eenheid mag op die grondvloer en die ander op die eerste vloer wees;
- (e) die Raad kan minimum erfgrottes en maksimum digtheidsverhoudings voorskryf vir bepaalde gebiede, as 'n vereiste by die toestaan van 'n tweede wooneenheid of dubbelwoonhuis as vergunningsgebruik;
- (f) 'n tweede wooneenheid en die wooneenhede in 'n dubbelwoonhuis mag afsonderlik vervreem word in terme van die Deeltitelwet;
- (g) 'n tweede wooneenheid of wooneenheid in 'n dubbelwoonhuis sal nie geag word voldoende rede vir die Raad te wees om onderverdeling van die grondeenheid wat 'n addisionele wooneenheid of dubbele woonhuis bevat, goed te keur nie;
- (h) dekking, met inbegrip van alle geboue, is hoogstens 66%, en
- (i) minstens een addisionele parkeerplek moet op die grondeenheid voorsien word.

1.1.5 Bed-en-ontbyt bedryf, akkommodasie van loseerders

Met die toestaan van 'n vergunningsgebruik vir 'n bed-en-ontbyt bedryf, of waar kamers deur die bewoner van 'n woonhuis aan loseerders uitverhuur word, kan die Raad, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende voorwaardes oplê:

- (a) die dominante gebruik van die grondeenheid moet as woonhuis vir bewoning deur 'n enkel-gesin, behoue bly;

- (b) nie meer as drie kamers per grondeenheid mag as slaapkamer-akkommodasie vir betalende gaste of loseerders gebruik word nie en betalende gaste of loseerders mag op enige gegewe tydstep van verblyf of maaltye voorsien word;
- (c) 'n register van gaste en loseerders moet gehou en voltooi word as die kamers uitverhuur word, en die register moet beskikbaar wees vir inspeksie op versoek van 'n Raadsamptenaar;
- (d) elke gastekamer moet gekoppel wees aan die woonhuis of addisionele wooneenheid, welke een ook al toepaslik is;
- (e) gastekamers mag nie omskep of gebruik word as aparte wooneenhede nie;
- (f) slegs maaltye wat voorsien word aan gaste of loseerders wat by die bed-en-ontbyt bedryf inbly, sal toelaatbaar wees;
- (g) geen reklamebord, behalwe as dit nie oor 'n openbare straat uitsteek nie en nie 1m² in oppervlakte oorskry nie, mag vertoon word nie;
- (h) op-perseel parkering moet tot bevrediging van die Raad voorsien word onderworpe daaraan dat die parkeerareas van 'n permanente stofvrye afwerking hetsy teer, beton, plaveisel of enige ander materiaal vooraf deur die Raad goedgekeur, voorsien word, en dat parkeerruimtes duidelik afgemerk word, en
- (i) waar die grondeenheid beide 'n bed-en-ontbyt bedryf en kamers wat vir verhuring aan loseerders beskikbaar is, bevat, word nie meer as ses persone as betalende gaste of loseerders op enige gegewe tydstep, toegelaat nie.

1.1.6 Dagsorgsentrum

Met die toestaan van 'n vergunningsgebruik van 'n dagsorgsentrum, kan die Raad, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende voorwaardes ople:

- (a) nie meer as 20 kinders mag te enige tyd by die dagsorgsentrum ingeskryf wees nie, en
- (b) 'n minimum binneshuise speelarea en buitenshuise speelarea moet in ooreenstemming met die tabel hieronder voorsien word:

Binneshuise speelarea	Buitenshuise speelarea
1,8m ² per kind, waarvan nie meer as een derde toegemaakte stoepsiasie mag wees nie.	4,5m ² per kind, wat afgeskerm moet wees van enige openbare straat.

1.1.7 Plekke van onderrig, plekke van aanbidding

Met die uitsondering van grensmure en -heining mag geen gebou wat vir hierdie doeleindes opgerig of gebruik word, nader as 10m van enige grens van die betrokke grondeenheid geleë wees nie.

1.1.8 Plekke van aanbidding: parkering

Die vereiste ten opsigte van die minimum-voorsiening vir parkering op die terrein, wat vir plekke van samekoms soos in die sakesone voorgeskryf is, is eweneens van toepassing en moet nagekom word.

Residensiële Sone 2: Medium digtheid (R2)

Digtheid: Maksimum 15 eenhede per hektaar bruto.

Kleurnotasie: Geel.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om ontwikkeling op relatief klein erwe te voorsien en om die kwaliteit en karakter van sodanige gebiede te beskerm. Beperkte werkverskaffing en addisionele akkommodasie geleenthede is moontlik, met dien verstande dat die dominante gebruik van die eiendom residensiël bly en die impak van sulke gebruike nie die karakter van die omliggende residensiële omgewing negatief beïnvloed nie.

1.2 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** woonhuis.
- (b) **Vergunningsgebruike:** tweede wooneenheid, bed-en-ontbyt bedryf, dagsorgsentrum, gastehuis, huiswinkel, huistaverne, tuisberoep.
- (c) **Addisionele gebruike:** Die uithuur van kamers in die woonhuis, onderworpe aan paragraaf 1.2.5.

1.2.1 Grondgebruikbepelings:

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Dekking**
Die maksimum dekking is 60%.

(b) Hoogte

- (i) Die maksimum hoogte van geboue is twee verdiepings, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eenaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
- (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak-gebou, of 8m, in die geval van 'n spitsdak-gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak-gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry.

(c) Boulyne

- (i) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 2m en is onderhewig aan die algemene bepalinge soos van toepassing op alle sones.
- (ii) **Syboulyn**
Die syboulyn is 1m en is onderhewig aan die algemene bepalinge soos van toepassing op alle sones.
- (iii) **Agterboulyn**
Die agterboulyn is 1m en is onderhewig aan die algemene bepalinge soos van toepassing op alle sones.

(d) Venster- en deurplasing

Enige gedeelte van 'n gebou wat 'n venster of deur wat direk op 'n sy- of agtergrens front, bevat, moet aan die veiligheidsafstand soos deur die Nasionale Boueregulasies bepaal, voldoen. Die gedeelte van die gebou wat weggeplaas moet word van die grens, moet die venster of deur insluit tesame met 'n gedeelte muur om 'n totale lengte van 3m daar te stel.

(e) Motorhuise en motorafdakke

Motorhuise en motorafdakke kan onder die omstandighede omskryf in die algemene bepalinge soos van toepassing op alle sones, opgerig word.

(f) Parkering en toegang

Parkering en toegang moet op die grondeenheid voorsien word in ooreenstemming met die bepalinge van paragraaf 13.1 soos van toepassing op alle sones asook die volgende: dat die parkeerareas van 'n permanente stofvrye afwerking hetsy teer, beton, plaveisel of enige ander materiaal vooraf deur die Raad goedgekeur, voorsien word en dat parkeerruimtes duidelik afgemerk word.

1.2.2 Onderverdeling- en digtheidstandaarde

Die volgende onderverdeling- en digtheidbepalinge sal van toepassing wees:

(a) Minimum onderverdelingsgrootte

- (i) Die soneringskaart mag gebiede in hierdie sone aandui waar 'n minimum onderverdelingsgrootte per grondeenheid, gespesifiseer word;
- (ii) Waar 'n minimum onderverdelingsgrootte gespesifiseer word in terme van (a)(i) hierbo, moet die netto-erfoppervlakte van grondeenhede soos geskep deur 'n nuwe onderverdeling of enige restant wat as enkelresidensiële sone 2 gesoneer moet word, nie minder as die gespesifiseerde minimum-grootte wees nie.

(b) Maksimum digtheid

- (i) Die soneringskaart mag bepaalde gebiede binne hierdie sone aandui waar 'n maksimum digtheid gespesifiseer word per grondeenheid, gebied of buurt;
- (ii) Waar 'n maksimum digtheid gespesifiseer word in terme van (b)(i) hierbo, mag die bruto digtheid van die ontwikkeling op 'n grondeenheid, gebied of buurt nie die maksimum digtheid soos gespesifiseer, oorskry nie.

1.2.3 Addisionele wooneenheid, Dubbelwoonhuis

Die ontwikkelingsbestuurbepalinge van toepassing op 'n tweede wooneenheid en dubbelwoonhuis in hierdie sone sal dieselfde wees as dié wat in die residensiële sone 1 van toepassing is.

1.2.4 Tuisberoeop

Die ontwikkelingsbestuurbepalings soos van toepassing op *tuisberoeop* in hierdie sone sal dieselfde wees as wat in die residensiële sone 1 van toepassing is, met dien verstande dat nie meer as 4 persone in totaal betrokke mag wees in tuisberoeop- aktiwiteite op 'n eiendom nie, insluitend die bewoner of bewoners en enige assistente.

1.2.5 Bed-en-ontbyt bedryf, akkommodasie van loseerders

Die grondgebruikbepalings van toepassing op 'n bed-en-ontbyt bedryf en loseerders in 'n residensiële sone 1, sal ook in hierdie sone geld.

1.2.6 Dagsorgsentrum

Met die toestaan van 'n vergunningsgebruik van 'n dagsorgsentrum, kan die Raad, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende voorwaardes oplê:

- (a) nie meer as 20 kinders mag te enige tyd by die dagsorgsentrum ingeskryf wees nie, en 'n minimum binneshuise speelarea en buitenshuise speelarea moet voorsien word in ooreenstemming met die tabel hieronder:

Binneshuise speelarea	Buitenshuise speelarea
1,8m ² per kind, waarvan nie meer as een derde toegemaakte stoepsapie mag wees nie.	4,5m ² per kind, wat afgeskerm moet wees van enige openbare straat.

1.2.7 Huiswinkel

Met die toestaan van 'n vergunningsgebruik vir 'n huiswinkel, kan die Raad, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende voorwaardes oplê:

- (a) die omvang en ligging van die sakekomponent moet duidelik op 'n plan aangetoon word en mag nie 25m² of 50% van die totale vloer ruimte oorskry nie (uitgesluit enige toilet, aantrekkamer en stookkamer), watter ook al die kleiner oppervlakte is;
- (b) addisioneel tot die huiswinkel moet die grondeenheid 'n woonhuis wat deur die eienaar van die huiswinkel bewoon moet word, bevat;
- (c) enige nuwe struktuur of verandering aan die bestaande woonhuis of buitegebou moet by die residensiële karakter van die betrokke gebied aanpas;
- (d) nie meer as drie persone, insluitend die bewoner van die woonhuis, mag toegelaat word om by sake-aktiwiteite op die grondeenheid betrokke te wees nie;
- (e) slegs een teken wat nie groter as 1m² in oppervlakte is nie en wat aan die muur van die woonhuis of buitegebou vas is, sal toegelaat word, en geen gedeelte daarvan mag die erfgrense oorskry nie terwyl die teken slegs die naam van die eienaar, naam van die besigheid en aard van die kleinhandelbesigheid mag aandui;
- (f) die volgende word nie in 'n huiswinkel toegelaat nie:
- verkoop van wyn en alkoholiese drank;
 - stoor of verkoop van gas en gashouers;
 - muntmasjiene;
 - video speletjies, en
 - snoeker- en potspeltafels, en
- (g) toestemming om 'n huiswinkel te bedryf, word aan 'n bepaalde operateur wat van 'n bepaalde grondeenheid opereer, toegestaan en is nie oordraagbaar nie.

1.2.8 Huistaverne

Met die toestaan van 'n vergunningsgebruik vir 'n huistaverne, kan die Raad die volgende voorwaardes vereis, sonder om daartoe beperk te wees:

- (a) die omvang en ligging van die huistaverne moet duidelik op 'n plan soos deur die Raad goedgekeur, aangetoon word en die Raad mag die vloer ruimte of spesifieke ligging van die huistaverne op die grondeenheid beperk;
- (b) addisioneel tot die huistaverne moet die grondeenheid 'n woonhuis wat deur die eienaar van die huistaverne bewoon moet word, bevat;
- (c) die Raad mag die maksimum getal klante, handelsure, getal personelede en advertering wat verband hou met die huistaverne, beperk;
- (d) die Raad mag strukturele veranderings aan die eiendom vir brand- en gesondheidsredes vereis en ten einde te verseker dat die impak van die huistaverne op die naburige gebruike, minimaal sal wees;

- (e) die eienaar van 'n huistaverne moet 'n dranklisensie in terme van die relevante wetgewing bekom, en in 'n geval waar die dranklisensie teruggetrek of opgeskort word, sal die Raad se vergunning vir die bedryf van die huistaverne outomaties verval;
- (f) toestemming om 'n huistaverne te bedryf, word aan 'n bepaalde operateur wat van 'n bepaalde grondeenheid opereer, toegestaan en is nie oordraagbaar nie, en
- (g) slegs een teken wat nie groter as 1m² in oppervlakte is nie en wat aan die muur van die woonhuis of buitegebou vas is, sal toegelaat word, en geen gedeelte daarvan mag die erfgrense oorskry nie terwyl die teken slegs die naam van die eienaar, naam van die besigheid en aard van die besigheid mag aandui.

Residensiële Sone 3: Hoë digtheid (R3) Landgoed behuising

Digtheid: 40 eenhede per hektaar bruto.

Kleurnotasie: Geel.

Doel:

Die doel van hierdie sone is om 'n hoë mate van buigsamheid te voorsien met betrekking tot lae tot medium digtheid residensiële projekte wat geïntegreerde perseel- en ontwerpenskappe het en wat individuele ontwerplossings en individuele grondgebruikbepalings vereis. Hierdie sone is veral geskik vir residensiële landgoedere wat deur 'n huiseienaarsvereniging beheer word, waar toegangsbeheer toegepas word en waar gekoördineerde ontwerpbeginsels geld (soos byvoorbeeld 'n golf-landgoed, 'n perdry-landgoed en 'n residensiële marina).

1.3 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** woonhuis, privaat oopruimte.
- (b) **Vergunningsgebruike:** groepbhuising, dorpbehuising, woonstelle, hotel, restaurant, plek van samekoms, tuisberoep.

1.3.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) die Raad mag voorwaardes voorskryf ten opsigte van die gebruik van geboue en grond, digtheid, hoogte, dekking, uitleg, gebou-ontwerp, oopruimte, landskapering, parking, toegang en omgewingsbestuur;
- (b) 'n terreinontwikkelingsplan tot bevestiging van die Raad moet voorgelê word;
- (c) die grondwet van 'n huiseienaarsvereniging moet tot bevestiging van die Raad voorgelê word en alle eienaars van grond in hierdie sone moet lede van 'n goedgekeurde huiseienaarsvereniging wees;
- (d) argitektriglyne en 'n stelsel waarvolgens argiteksbeheer toegepas sal word, moet tot bevestiging van die Raad voorgelê word;
- (e) 'n omgewingsbestuursplan moet tot bevestiging van die Raad voorgelê word, en
- (f) die grondeenheid moet ontwikkel word:
 - (i) in ooreenstemming met die terreinontwikkelingsplan, argitektoniese riglyne en omgewingsbestuursplan soos deur die Raad goedgekeur, en
 - (ii) tot bevestiging van die Raad.

1.3.2 Tuisberoep

Die Raad mag toestemming verleen vir 'n tuisberoep as vergunningsgebruik in hierdie sone op voorwaarde dat:

- (a) geen vergunningsgebruiksaansoek oorweeg kan word tensy die eienaar die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke huiseienaarsvereniging verkry het nie, en
- (b) indien die Raad wel toestemming verleen, sal sodanige toestemming onderhewig wees aan dieselfde voorwaardes van toepassing in residensiële sones 1 en 2 met betrekking tot 'n woonhuis of wooneenheid wat vir die doel van 'n tuisberoep gebruik word, en mag die Raad ook addisionele voorwaardes opleë wat nog meer beperkend mag wees.

Residensiële Sone 4: Inkrementele behuising (R4)

Digtheid: Maksimum 100 eenhede per hektaar bruto.

Kleurnotasie: Geel.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om vir die opgradering van inkrementele behuising, van informele nedersettings na formele nedersettings, voorsiening te maak. Ter erkenning van die realiteite van arm en gemarginaliseerde gemeenskappe, is grondgebruikbepalings nie baie beperkend nie en word plaaslike werkskepping in hierdie sone aangemoedig. Wanneer

opgradering van 'n gebied 'n bevredigende stadium soos deur die Raad bepaal, bereik het, word dit voorsien dat die gebied tot residensiële sone 2 of 'n ander sone, hersoneer word.

1.4 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** woonhuis, tweede wooneenheid, bed-en-ontbyt bedryf, skooling.
- (b) **Vergunningsgebruike:** dubbelwoonhuis, dagsorgsentrum, plek van onderrig, huistaverne, huiswinkel, tuisberoep.
- (c) **Addisionele gebruike** wat die Raad as vergunningsgebruike mag toestaan, is as volg:
- (i) 'n bewoner van enige wooneenheid, tweede wooneenheid of skooling mag sodanige eenheid vir enige sosiale, opvoedkundige, godsdienstige, beroeps- of sakedoel gebruik, onderworpe aan die volgende voorwaardes:
- dat die dominante gebruik van die grond residensieel sal bly, en
 - dat die betrokke gebruik nie sal inmeng met die aantreklikheid van die buurt nie, en
- (ii) grond gesoneer vir paddoeleindes, wat 'n integrale deel van die grond gesoneer as residensiële sone 4 vorm, mag vir sakedoeleindes gebruik word, met dien verstande dat enige struktuur wat gebruik word, tydelik van aard sal wees en met dien verstande dat die Raad sodanige gebruike kan beëindig sou die Raad van mening wees dat daar inmenging sal wees met die voetganger- of voertuigbeweging of met die aantreklikheid van die buurt of as sodanige gebruik 'n openbare steurnis veroorsaak.

1.4.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees:

- (a) **Dekking**
Die maksimum dekking is 80%.
- (b) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie.
- (c) **Boulyne**
- (i) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 1m.
- (ii) **Syboulyn**
Indien die Raad tevrede is dat voldoende brandvoorkomingsmaatreëls bestaan, mag 'n grondeenheid 'n nulboulyn op een sygrens hê, op voorwaarde dat daar ten minste 'n 1m syboulyn op die ander sygrens is en dat die gekombineerde afstand tussen twee strukture op naasliggende erwe, minstens 2m is. Indien onvoldoende brandvoorkomingsmaatreëls na die mening van die Raad op die grondeenheid bestaan, moet die syboulyn ten minste 1m op beide sygrense wees.
- (iii) **Agterboulyn**
Die agterboulyn is 1m, met dien verstande dat indien 'n midblok rioolstelsel geïnstalleer word, mag 'n agterboulyn van 2m deur die Raad opgelê word.
- (d) **Motorhuise en motorafdakke**
Motorhuise en motorafdakke kan onder die omstandighede omskryf in die algemene bepaling, soos van toepassing op alle sones, opgerig word.
- (e) **Parkering en toegang**
- (i) Parkering moet op die grondeenheid voorsien word en wel in ooreenstemming met die volgende tabel:

Gebruik van grond of gebou	Parkeervereiste
Skooling	Geen parkering vereis
Woonhuis, dubbelwoonhuis	Een parkeerplek indien deur die Raad vereis
Tweede wooneenheid, tuisberoep, bed-en-ontbyt bedryf	Soos deur die Raad vereis
Plek van onderrig, plek van aanbidding, huiswinkel, huistaverne	Soos deur die Raad vereis

- (ii) Grondeenhede in hierdie sone is vrygestel van die bepaling van paragraaf 13.1 wat op parkering en toegang betrekking het.

HOOFSTUK 2: ALGEMENE RESIDENSIËLE SONES

Algemene beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die algemene residensiële sones, behalwe wanneer die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan.

- (i) Hoër-digtheid residensiële ontwikkeling behoort in geskikte gebiede aangemoedig te word om die druk van stedelike groei te bestuur en stedelike kruip te beperk. Die algemene residensiële sones het ten doel om 'n gesonde, veilige en aangename omgewing vir stedelike verblyf met hoër digthede daar te stel;
- (ii) Die algemene residensiële sones is ontwerp om geleenthede vir meer-gesin residensiële ontwikkelings teen verskillende digthede te voorsien;
- (iii) Binne die algemene residensiële sones is daar beheerde geleenthede vir werksgeleenthede by die huis asook lae-intensiteit gemengde gebruik-ontwikkeling. Dit is egter belangrik om hierdie behoeftes met die behoefte om die karakter en aantreklikheid van die residensiële gebied te behou, in ewewig te plaas.

Algemene residensiële sone 1: Groepbehuising (AR1)

Digtheid: Maksimum 30 eenhede per hektaar bruto.

Kleurnotasie: Oranje.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om residensiële ontwikkeling van medium-digtheid en gekoördineerde ontwerp aan te moedig en om groepbehuising te akkommodeer waar spesiale aandag aan die estetiese, die argitektoniese vorm en die onderlinge verhouding tussen komponente van die groepbehuisingskema, geskenk word.

2.1 Gebruik van grond:

Die volgende gebruikbeperkings is van toepassing op grond in hierdie sone:

- (a) **Primêre gebruik:** groepbehuising, woonhuis.
- (b) **Vergunningsgebruik:** tuisberoep.

2.1.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees op groepbehuising persele:

- (a) **Ontwerpbeginsels**
 - (ii) Die beginsels soos weergegee in die definisie van "groepbehuising", moet nougeset nagevolg en geïmplementeer word;
 - (iii) Spesiale aandag moet aan estetika, argitektoniese koördinering, stedelike ontwerp en landskapering gegee word.
- (b) **Digtheid**

Die maksimum bruto digtheid vir groepbehuisingpersele sal 25 eenhede per hektaar wees.
- (c) **Hoogte**
 - (i) Geen gebou mag 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
 - (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak-gebou, of 8m, in die geval van 'n spitsdak-gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak-gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry.
- (d) **Oopruimte**
 - (i) Elke wooneenheid moet toegang tot 'n buitenshuisse leefarea hê, wat private, openbare of gemeenskaplike oopruimte mag insluit, maar wat paaie, dienswerwe en parkeerareas uitsluit;
 - (ii) 'n Minimum buitenshuisse leefarea van 50m² per wooneenheid moet op die erf waarop die wooneenheid voorkom, voorsien word en 'n minimum van 50m² per wooneenheid moet as openbare of gemeenskaplike oopruimte as deel van die groepbehuisingsperseel, voorsien word;
 - (iii) Waar daar geen onderskeid tussen openbare of gemeenskaplike oopruimte en buitenshuisse leefarea wat op elke erf voorsien moet word, gemaak word nie, moet die oopruimte vereistes vervang word met 'n gekombineerde oopruimte vereiste van ten minste 100m² per wooneenheid op die groepbehuisingsperseel;
 - (iv) Indien daar na die mening van die Raad, genoegsame buitenshuisse leefarea op elke erf voorsien is, waar openbare of gemeenskaplike oopruimte paslik in die omgewing voorsien is (gedeeltelik of ten volle), mag die minimum vereistes vir openbare of gemeenskaplike oopruimte per wooneenheid verminder word.

- (e) **Dienswerf**
 'n Dienswerf moet vir elke wooneenheid voorsien word, of 'n gekombineerde dienswerf mag vir verskeie eenhede voorsien word. Dienswerwe moet van voldoende grootte wees en deur 'n muur, tot bevrediging van die Raad, afgeskerm word.
- (f) **Pakkamer**
 'n Pakkamer met 'n minimum binnevoelruimte van 2m² moet op elke groeuperf voorsien word indien geen toeluitmotorhuis op die erf voorsien word nie.
- (g) **Boulyne**
- (i) **Straatboulyne** moet 2m wees om veilige parkering en verkeersirkulasie te verseker.
 - (ii) **Sy- en agtergrensboulyne**
 - Interne sy- en agtergrensboulyne kan nul wees behalwe as die Raad 'n boulyn vir brandbestrydingsdoeleindes vereis, en
 - waar die groepbehuisingsperseel aan 'n ander sone of aan 'n ander groepbehuisingsperseel grens, moet die sy- en agterboulyne 2m wees.
- (j) **Parkering en toegang**
- (i) Parkering en toegang moet voorsien word in ooreenstemming met paragraaf 13.1, en
 - (ii) minstens twee parkeerplekke per groeuhuis word vereis; albei kan by sodanige groeuhuis voorsien word, of 'n deel van die vereiste getal parkeerplekke by sommige van die groeuhuse en die res in die vorm van gemeenskaplike parkering vir die betrokke groepbehuisingskema of die volle vereiste in die vorm van gemeenskaplike parkering.
- (i) **Interne straatwydte**
 Die minimum interne straatreserwewydte is 8m, met dien verstande dat die Raad 'n groter straatreserwewydte mag vereis waar die Raad van mening is dat die voertuiggebruik of lengte van die pad so 'n groter straatreserwewydte regverdig.

2.1.2 Terreinontwikkelingsplan

'n Terreinontwikkelingsplan van die voorgestelde groepbehuisingskema, tot bevrediging van die Raad, moet ingedien word en die Raad se goedkeuring vir die voorgestelde ontwikkeling moet verkry word in terme van paragraaf 12.6.

2.1.3 Nabyheid van groepbehuisingskemas

Die Raad mag nie die oprigting van 'n addisionele groepbehuisingsontwikkeling teenaan of in die nabyheid van 'n ander afsonderlike groepbehuisingskema goedkeur nie, tensy, na die mening van die Raad, aan die volgende minimum vereistes voldoen word:

- (a) Voldoende voorsiening vir landskapering moet buite die grensmure van die addisionele groepbehuisingskema gemaak word, hetsy op die groepbehuisingsperseel, in die padreserwe, of op openbare oopruimte in die omgewing van die groepbehuisingsperseel;
- (b) enige grensmure of heinings wat tussen die addisionele groepbehuisingsperseel en 'n openbare straat geleë is, moet so ontwerp en opgerig word dat voldoende visuele kontak tussen die addisionele groepbehuisingsperseel en die openbare straat toegelaat word, en
- (c) 'n plan wat vir die Raad aanvaarbaar is en wat die voorsiening van openbare fasiliteite, insluitend openbare strate, openbare oopruimtes en openbare vervoervereistes koördineer, moet voorsien word.

2.1.4 Tuisberoep

Die Raad mag tuisberoep as vergunningsgebruik in hierdie sone toestaan, met dien verstande dat:

- (a) geen vergunningsaansoek oorweeg kan word alvorens die eienaar die vooraf skriftelike toestemming van die relevante huiseienaarsvereniging verkry het nie, en
- (b) indien die Raad wel sodanige vergunningsgebruik toestaan, sal sodanige toestemming onderhewig wees aan dieselfde voorwaardes van toepassing in enkelresidensiële sones 1 en 2 met betrekking tot 'n woonhuis of wooneenheid wat vir die doel van 'n tuisberoep gebruik word, en mag die Raad ook addisionele voorwaardes opleë wat nog meer beperkend mag wees.

Algemene Residensiële Sone 2: Dorpbehuising (AR2)
--

Digtheid: Maksimum 50 eenhede per hektaar bruto.

Kleurnotasië: Oranje met swart skuinslyn arsening.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om residensiële en gemeenskapsontwikkeling met 'n groter digtheid as vir algemene residensiële sone 1 aan te moedig, terwyl die klem val op ontwerpkoördinering en 'n beskeie skaal in terme van hoogte behou word. Geleenthede word ook voorsien vir beperkte integrering van woonstelle in die gekoördineerde skema.

2.2 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is van toepassing op grond in hierdie sone:

- (a) **Primêre gebruik:** dorpbehuising, woonhuis.
- (b) **Vergunningsgebruike:** woonstelle, tuisberoep.

2.2.1 Grondgebruikbepelings:

Die volgende grondgebruikbepelings sal van toepassing wees op dorpbehuisingontwikkelings:

- (a) **Ontwerpbeginsels**
 - (i) Die beginsels soos weergegee in die definisie van "dorpbehuising", moet nageset nagevolg en geïmplementeer word;
 - (ii) Spesiale aandag moet aan estetika, argitektoniese koördinering, stedelike ontwerp en landskapering gegee word.
- (b) **Digtheid**

Die maksimum bruto digtheid vir dorpbehuisingpersele is 50 eenhede per hektaar.
- (c) **Dekking**

Die maksimum dekking is 50%.
- (d) **Hoogte**
 - (i) Geen gebou mag 'n hoogte van 3 verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
 - (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 9m, in die geval van 'n platdak-gebou, of 11m, in die geval van 'n spitsdak-gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak-gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 9m mag oorskry.
- (e) **Boulyne**
 - (i) **Straatboulyne** moet 2m wees om veilige parkering en verkeersirkulasie te verseker.
 - (ii) **Sy- en agterboulyne**
 - Interne sy- en agterboulyne kan nul wees behalwe as die Raad 'n boulyn vir brandbestrydingdoeleindes vereis, en
 - waar 'n dorpbehuisingperseel aan 'n ander sone of aan 'n ander dorpbehuisingperseel grens, is die sy- en agterboulyne 2m.
- (f) **Parkering en toegang**
 - (i) Parkering en toegang moet voorsien word in ooreenstemming met paragraaf 13.1;
 - (ii) Minstens 2 parkeerplekke per dorpshuis; albei kan by sodanige dorpshuis voorsien word, of 'n deel van die vereiste getal parkeerplekke by sommige van die dorpshuise en die res in die vorm van gemeenskaplike parkering vir die betrokke dorpbehuisingsskema, of die volle vereiste in die vorm van gemeenskaplike parkering.
- (g) **Interne straatbreedte**

Die minimum interne straatreserwewydte is 8m, met dien verstande dat die Raad 'n groter straatreserwewydte mag vereis waar die Raad van mening is dat die voertuiggebruik of lengte van die pad 'n groter straatreserwewydte regverdig.

2.2.2 Terreinontwikkelingsplan

'n Terreinontwikkelingsplan van die voorgestelde dorpbehuisingsskema moet aan die Raad voorgelê word en die Raad se goedkeuring daarvoor, in terme van paragraaf 12.6, verkry word.

2.2.3 Tuisberoep

Die Raad mag toestemming verleen vir 'n tuisberoep as vergunningsgebruik in hierdie sone op voorwaarde dat:

- (a) geen vergunningsgebruiksaansoek oorweeg sal word tensy die eienaar die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke huiseienaarsvereniging verkry het nie, en

- (b) indien die Raad wel toestemming verleen, sodanige toestemming onderhewig sal wees aan dieselfde voorwaardes van toepassing in enkelresidensiële sones 1 en 2 met betrekking tot 'n woonhuis of wooneenheid wat vir die doel van 'n tuisberoep gebruik word, en mag die Raad ook addisionele voorwaardes oplê wat nog meer beperkend mag wees.

Algemene Residensiële Sone 3: Woonstelle (AR3)

Digtheid: Maksimum vloerfaktor van 2.0.

Kleurnotasië: Oranje met swart kruislyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om hoër-digtheid residensiële ontwikkeling en meer-gesin geboue van medium hoogte aan te moedig.

2.3 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is van toepassing op grond in hierdie sone:

- (a) **Primêre gebruike:** woonstelle, gastehuis, losieshuis, woonhuis, groepbehuising, dorpbehuising.
 (b) **Vergunningsgebruike:** winkel, herberg, inrigting, plek van onderrig, plek van samekoms, tuisberoep, transmissietoring, dak-basisstasie.

2.3.1 Grondgebruikbepelings:

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing op woonstelle, losieshuise en gastehuisse.

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor mag nie 2.0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 40%
- (c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n totale hoogte van 21m oorskry nie.
- (d) **Boulyne**
 (i) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 5m.
 (ii) **Sy- en agterboulyne**
Sy- en agterboulyne is 5m.
- (e) **Oopruimte**
 (i) Elke wooneenheid in hierdie sone moet toegang tot 'n buitenshuise leefarea op die grondeenheid hê, wat privaat of gemeenskaplike oopruimte mag insluit, maar paaie, dienswerwe en parkeerareas uitsluit;
 (ii) 'n Minimum buitenshuise leefarea van 10% van die bruto-erfoppervlakte moet voorsien word;
 (iii) sodanige buitenshuise leefarea moet van redelike afmetings en ligging wees om deur alle inwoners gebruik te kan word, en mag 'n oop binnehof in die kompleks insluit.
- (f) **Parkering en Toegang**
Parkering en toegang moet op die grondeenheid in ooreenstemming met paragraaf 13.1 voorsien word.

2.3.2 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan, tot die bevrediging van die Raad, in terme van paragraaf 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte oor toegang, parkering, argiteksvorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

2.3.3 Groepbehuising

Die grondgebruikbepelings soos van toepassing op groepbehuising in die algemene residensiële sone 1 sal ook van toepassing wees op groepbehuising in hierdie sone.

2.3.4 Dorpbehuising

Die grondgebruikbepelings soos van toepassing op dorpbehuising in die algemene residensiële sone 2 sal ook van toepassing wees op dorpbehuising in hierdie sone.

2.3.5 Inrigtings, plekke van onderrig, plekke van samekoms

Die grondgebruikbepalings wat respektiewelik op 'n inrigting, plek van onderrig en plek van samekoms in die gemeenskapone 1 van toepassing is, sal ook in hierdie sone van toepassing wees. In gevalle waar die inrigting, plek van onderrig of plek van samekoms egter in 'n gebou geleë is wat ook as woonstel of losieshuis gebruik word, sal die dekking, hoogte en boulynvereistes vir woonstelle of losieshuise van toepassing wees.

2.3.6 Tuisberoep

Die Raad mag toestemming verleen vir tuisberoep as vergunningsgebruik in hierdie sone op voorwaarde dat:

- (a) geen vergunningsgebruiksaansoek oorweeg sal word tensy die eienaar die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke huiseienaarsvereniging verkry het nie, en
- (b) indien die Raad wel toestemming verleen, sodanige toestemming onderhewig sal wees aan dieselfde voorwaardes van toepassing in die enkelresidensiële sones 1 en 2 met betrekking tot 'n woonhuis of wooneenheid wat vir die doel van 'n tuisberoep gebruik word, en mag die Raad ook addisionele voorwaardes oplê wat nog meer beperkend mag wees.

2.3.7 Winkel

Die Raad mag 'n vergunningsgebruik vir 'n winkel toestaan om ingesluit te word op die grondvloer van 'n blok woonstelle, met dien verstande dat die bruto verhuurbare oppervlakte van die winkel nie 500m² of 25% van die vloerspasie van die grondvloer, welke ook al die minste is, oorskry nie.

2.3.8 Dak-basisstasie

'n Dak-basisstasie se antenna-steunpunt of toerustingkamer wat nie deel van die gebou is nie, mag nie meer as 2,5m in hoogte bokant die top van die gebou uitsteek sonder die vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit binne enige sone in terme van hierdie regulasies nie.

HOOFSTUK 3: SAKESONES

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die sakesones behalwe wanneer die beleid en beginsels vervang is deur 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ontwikkelingsplan:

- (i) Die sakesones is ontwerp om standplase te verskaf vir 'n wye reeks van ekonomiese aktiwiteite en om gemengde grondgebruike soos residensiële en gemeenskapontwikkeling in te sluit. Verskillende sakesones laat verskillende vlakke van ontwikkelingsintensiteit toe;
- (ii) Voorsiening word gemaak om waar toepaslik die gebruik van gedetailleerde stedelike ontwerp kriteria aan te moedig om spesifieke stedelike omgewings en gemengde gebruike te bewerkstellig;
- (iii) Die sakesones is bedoel om in konteks met die skaal en intensiteit van ontwikkeling in die omliggende gebied te wees. Lae-intensiteit sakesones is geskik vir plaaslike buurtwinkels terwyl hoë-intensiteit sakesentrums geskik is vir 'n sentrale sakegebied wat die volledige reeks van versoerbare grondgebruike akkommodeer;
- (iv) Spesifieke sakesones word as gevolg van belangrike padtoegang implikasies vir brandstof-vulstasies en geassosieerde ontwikkeling voorsien.

Sakesone 1: Algemene sake (SS1)

Kleurnotasie: Blou.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir gemengde-gebruik ontwikkeling en algemene sake aktiwiteite, met relatief min beperkinge, om stedelike lewensvatbaarheid en ekonomiese groei te bevorder.

3.1 Gebruik van grond:

Die volgende gebruikbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** sakeperseel, woonstelle, kantore, kantoorpark, restaurant, diensbedryf, openbare parkering, dierehospitaal, kwekery, transmissietoring, dak-basisstasie, wynwinkel.
- (b) **Vergunningsgebruike:** diensstasie, begrafnisondernemer, motorwassery, hotel, woongebou, plek van samekoms, vergaderplek, plek van vermaak, volwasse vermaakbedryf, inrigting, drankwinkel.

3.1.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor van die grondeenheid mag nie 3.0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 100%.
- (c) **Hoogte**
(i) Geen gebou mag 'n hoogte van ses verdiepings oorskry nie;
(ii) Nieteenstaande die definisie van "verdieping", mag die grondverdieping van 'n gebou in sakesone 1, vir 4m van die oppervlak van die grondvloer tot die oppervlak van die volgende vloer daarbo, strek.
- (d) **Terugset**
(i) Die Raad mag vereis dat alle geboue of strukture op die grondeenheid ten minste 8m van die middellyn van die aangrensende openbare straat of strate teruggeplaas word;
(ii) Die bepalings van paragraaf 12.1 sal van toepassing wees.
- (e) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is nul onderworpe:
(i) aan die terugsetbeperking;
(ii) daaraan dat 'n 5m straatboulyn vereis mag word waar die straatgrens aan 'n geproklameerde pad grens, en
(iii) daaraan dat kleiner argitektoniese en sonskerm-eienskappe oor die straatboulyn mag steek, met dien verstande dat sulke eienskappe bokant die grondverdieping geleë is en nie meer as 1000mm oor die straatgrens uitsteek nie.
- (f) **Sy- en agterboulyne**
Die sy- en agterboulyne mag nul wees, met dien verstande dat:
(i) 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat op die sy- of agtergrens van 'n grondeenheid opgerig word, geen deure, vensters, ventilasie-opeeninge of ander opeeninge in enige muur op so 'n grens sal hê nie, tensy die Raad tevrede gestel word dat sulke opeeninge nie enige toekomstige ontwikkelings op aangrensende grondeenhede nadelig sal beïnvloed nie, en
(ii) waar die sy- of agtergrens van 'n sakesone 1 grondeenheid aan 'n residensiële sone grondeenheid grens, moet die boulyn in die sakesone 3m van daardie kant van die sy- of agtergrens wees, onderworpe aan paragraaf 12.1.
- (g) **Afdak of balkonne**
Die Raad mag vereis, en mag toelaat, dat 'n afdak of balkon oor die straatgrens steek in ooreenstemming met die voorwaardes uiteengesit vir 'n afdak- of balkon-oorskryding in die sakesone 2.
- (h) **Oorhang oor die straatgrens**
Nieteenstaande die straatboulyn, mag die Raad toestem tot 'n oorhang van die gebou oor die straatgrens, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
(i) die oorhang mag nie tot binne 1,5m van die rand van die sypaadjie oorskry nie;
(ii) die oorhang mag tussen die grondverdieping en die verdieping daarbo, of so nie een verdieping hoër, vanuit die gebou uitsteek;
(iii) die grondvloervlak van die oorhang moet uitsluitlik as 'n openbare voetgangerweg, met of sonder 'n kolonnade, gebruik word;
(iv) die oorhang moet 'n vryhoogte van ten minste 2,8m bokant die sypaadjevvlak handhaaf;
(v) die vloer ruimte van die daardie gedeelte van die addisionele verdieping wat bo-oor die grondvloer uitsteek opgerig mag word, moet nie by die berekening van maksimum vloer ruimte ingereken word nie.
- (i) **Openbare voetgangerweg langs die straatgrens**
Indien die eienaar 'n openbare sypaadjie op die grondeenheid van ten minste 3m langs die straatgrens, toeganklik van 'n openbare straat en te alle tye toeganklik vir die algemene publiek, voorsien, mag die maksimum vloer ruimte van 'n gebou wat 'n openbare voetgangerweg bevat, vermeerder word met twee keer die oppervlakte van die openbare voetgangerweg;
- (j) **Straathoeke**
Die Raad mag vereis dat 'n voorgestelde gebou wat op 'n openbare straathoek geleë sal wees, argitektoniese eienskappe sal insluit ooreenkomstig die voorwaardes vir straathoeke, soos in die sakesone 2 uiteengesit.
- (k) **Parkering en toegang**
(i) Parkering en toegang moet op die grondeenheid in ooreenstemming met paragraaf 13.1 voorsien word. Primêre gebruik, uitgesonderd plekke van samekoms: 4 parkeerplekke per 100m² van die totale vloer ruimte moet voorsien word.
(ii) Plekke van samekoms: 1 parkeerplek vir elke 4 sitplekke wat in die gebou voorsien word.

Vir die doel van die laai- en aflaaï van vrag vanaf voertuie moet daar 'n ruimte of ruimtes soos volg op die terrein en tot genoeg van die Raad voorsien word:

Totale vloerruimte van gebou (tot naaste m ²)	Vereiste op- en aflaaïgebied
0 – 2 500 m ²	1 laaïplek
2 501 – 5 000m ²	2 laaïplekke
5 001 – 10 000 m ²	3 laaïplekke
Elke addisionele 10 000 m ² of gedeelte daarvan	1 addisionele laaïplek

(l) Afskerming

Die Raad mag afskerming vereis in ooreenstemming met die voorwaardes soos in die sakesone 2, uiteengesit.

3.1.2 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van paragraaf 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad mag vereis dat die terreinontwikkelingsplan aangepas word om redelike kwelpunte wat verband hou met toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede, aan te spreek.

3.1.3 Kantoorpark, nywerheidskorf

Die volgende grondgebruikbepalings en ontwerpbeginsels sal van toepassing wees op 'n kantoorpark of nywerheidskorf:

- (i) die beginsels wat weergegee word in die relevante definisie moet streng nagevolg en geïmplementeer word;
- (ii) spesiale aandag moet gegee word aan estetiese, argitektoniese koördinasie, stedelike ontwerp en landskapering, en
- (iii) 'n terreinontwikkelingsplan van die voorgestelde ontwikkeling moet in terme van paragraaf 12.6, tot bevrediging van die Raad, ingedien word.

Sakesone 2: Woonbuurtsake (SS2)

Kleurnotasie: Blou met swart kruislyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir lae-intensiteit kommersiële en gemengde-gebruik ontwikkeling wat in die plaaslike buurt se behoeftes vir gebruiksgoedere en persoonlike dienste voorsien. Sulke ontwikkeling behoort in omvang beperk te word en moet in staat kan wees om met die aangrensende residensiële buurt te integreer sonder om die geriewe van die residensiële buurt nadelig te beïnvloed.

3.2 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** sakeperseel, woonstelsel, openbare parkering, transmissietoring, dak-basisstasie, wynwinkel.
- (b) **Vergunningsgebruike:** kantore, plek van samekoms, plek van vermaak, restaurant, drankwinkel, diensbedryf, motorwassery, kwekery, herberg.

3.2.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Geen gebou in hierdie sone mag 'n vloerfaktor van 1,5 oorskry nie, waarvan nie meer as 0,75 vir woondoeleindes bo die grondvloer benut mag word nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 75%.
- (c) **Hoogte**
 - (i) Geen gebou mag 'n hoogte van 2 verdiepings oorskry nie;
 - (ii) Nieteenstaande die definisie van "verdieping", mag die grondverdieping van 'n gebou in sakesone 2, vir 4m van die oppervlak van die grondvloer tot die oppervlak van die volgende vloer daarbo, strek.
- (d) **Terugset**
 - (i) Die Raad mag vereis dat alle geboue of strukture op die grondeenheid 'n terugset van ten minste 6,5m van die middellyn van die aangrensende openbare straat of strate het;
 - (ii) Die bepaling van paragraaf 12.1 sal van toepassing wees.
- (e) **Straatboulyn**
 - (i) Die straatboulyn is nul onderworpe aan:

- 'n terugsetbeperking, en
 - 'n 5m straatboulyn wat vereis mag word waar die straatgrens aan 'n geproklameerde pad grens;
- (ii) Mindere argitektoniese en sonskermelemente mag oor die straatboulyn strek, met dien verstande dat sulke elemente bokant die grondverdieping geleë is en nie meer as 1000mm oor die straatgrens steek nie.
- (f) Syboulyn**
Die syboulyne mag nul wees, met dien verstande dat:
- (i) 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat op die sygrens van 'n eiendom opgerig word, geen deure, vensters of ventilasie- of ander openinge ingevoeg in enige muur op so 'n grens sal hê nie, tensy die Raad tevrede is dat sulke openinge nie enige toekomstige ontwikkelings op aangrensende grondeenhede nadelig sal beïnvloed nie, en
- (ii) waar die sygrens van 'n sakesone 2 grondeenheid aan 'n enkel- of algemene residensiële sone grondeenheid grens, die syboulyn op die sakesone 2 grondeenheid 3m sal wees, onderworpe aan paragraaf 12.1.
- (g) Agterboulyn**
Die agterboulyn is 3m, onderworpe aan paragraaf 12.1.
- (h) Afdakke en balkonne**
Die Raad mag vereis, en mag toelaat, dat afdakke of balkonne die straatgrens oorskry in ooreenstemming met die volgende voorwaardes:
- (i) die afdak mag nie nader as 1000mm aan 'n vertikale vlak waardeur die straatgrens of voorgestelde randsteenlyn projekteer, wees nie;
- (ii) geen gedeelte van 'n afdak wat uitsteek, mag laer as 2,8m bokant die sypaadjie wees nie, en
- (iii) die Raad kan meer beperkende vereistes neerlê wat verband hou met die afmetings, ontwerp en materiaal van die afdak of balkon.
- (i) Straathoeke**
Die Raad mag vereis dat die eienaar van 'n gebou, geleë op 'n openbare straathoek wat die Raad as belangwekkend beskou, argitektoniese eienskappe in die gebou sal inkorporeer wat visuele aandag op die hoek sal fokus en wat die belangrikheid van voetgangerbeweging om die straathoek sal beklemtoon. Sodanige elemente mag afskuinsings van die hoek van 'n gebou, bedekte arkadedeurloupe, pleine of ander eienskappe, insluit.
- (j) Parkering en toegang**
- (i) Een parkeerplek per 25m² van die totale vloerruimte word vereis ten opsigte van al die primêre en vergunningsgebruike, met uitsondering egter van wooneenhede en plekke van samekoms;
- (ii) Een punt twee vyf (1,25) parkeerplekke vir elke wooneenheid en 1 addisionele parkeerplek vir elke 4 wooneenhede. Van die parkeerplekke hierbo beskryf, moet een oop parkeerplek vir elke 4 wooneenhede op die perseel voorsien word en duidelik afgebaken en paslik deur middel van 'n kennisgewingbord, tot bevrediging van die Raad, aangedui word vir gebruik deur besoekers aan die perseel;
- (iii) Plekke van samekoms: 'n Minimum-oppervlakte moet voorsien word op die grondslag van een parkeerplek vir elke 4 sitplekke wat in die gebou voorsien word;
- (iv) As 'n alternatief vir die parkeervereiste vermeld, kan die eienaar met die toestemming van die Raad, indien die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of onprakties is om die vereiste parkeerplekke op die terrein te verskaf, grond met die voorgeskrewe oppervlakte vir die betrokke parkeergeriewe elders aanskaf op 'n plek wat die Raad goedkeur, met dien verstande dat hy 'n notariële akte teen sodanige grond laat registreer ten effekte dat die Raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes, en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak, van 'n oppervlakte te voorsien en in stand te hou tot bevrediging van die Raad, en dat die registrasiekoste van die serwituut deur die eienaar gedra word.
- (k) Afskerming**
Die Raad mag vereis dat:
- (i) enige deel van die grondeenheid wat gebruik word vir stoor en laai van goedere, afgeskerm sal word met 'n gepaste steenmuur of betonmuur of gepaste landskapering, en
- (ii) enige eksterne nutsdienste of toerusting wat vir 'n gebou benodig word, hetsy op die dak, kant van die gebou of grond, behoorlik afgeskerm sal word sodat dit nie sigbaar is nie en sodanige afskerming tot bevrediging van die Raad, met betrekking tot materiale, kleure, vorm en grootte, met die gebou geïntegreer sal wees.

3.2.2 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van paragraaf 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede, aan te spreek.

Sakesone 3: Diensstasie (SS3)

Kleurnotasie: Blou met swart skuinslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir geleenthede in stedelike gebiede om diensstasies, openbare garage'e en geassosieerde fasiliteite op te rig.

3.3 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** diensstasie, motorwassery, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** winkel, sakeperseel, restaurant, wynwinkel.

3.3.1 Grondgebruikbepelings:

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die maksimum vloerfaktor op die grondeenheid is 2.5.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 75%.
- (c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van drie verdiepings oorskry nie en geen struktuur, insluitend 'n reklamebord, mag 'n hoogte van 10m gemeet van 'n punt halfpad op die gradiëntlyn, oorskry nie.
- (d) **Terugset**
 - (i) Die Raad mag vereis dat alle geboue of strukture op die grondeenheid 'n terugset van ten minste 8m van die middellyn van die aangrensende openbare straat of strate het;
 - (ii) Die bepelings van paragraaf 12.1 sal van toepassing wees.
- (e) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 5m in die geval van 'n geproklameerde pad en 3m in die geval van ander paaie, onderworpe egter aan die bepelings van paragraaf 12.1.
- (f) **Sy- en agterboulyn**
Die sy- en agtergrensboulyne mag nul wees, met dien verstande dat:
 - (i) 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat op die sy- of agtergrens van 'n grondeenheid opgerig word, geen deure, vensters of ventilasie- of onder opening in enige van die mure op so 'n grens sal hê nie, tensy die Raad tevrede is dat sulke openinge nie enige toekomstige ontwikkelings op aangrensende grondeenhede nadelig sal beïnvloed nie, en
 - (ii) waar die sy- of agtergrens van 'n sakesone 3 grondeenheid aan 'n residensiële sone grondeenheid grens, sal die boulyn in die sakesone 3, 3m van daardie kant van die sy- of agtergrens wees, onderhewig egter aan die bepelings van paragraaf 12.1.
- (g) **Parkering**
'n Minimum van 4 parkeerplekke per herstellvlak en een parkeerplek per 50m² van die bruto verhuurbare oppervlakte wat vir onderdele- en verkoopaktiwiteit toegewys is, moet voorsien word, met 'n minimum van agt parkeerplekke op die grondeenheid.
- (h) **Terreintoegangvereistes**
 - (i) Die totale wydte van voertuigtoegange en -uitgange moet, waar dit die straatgrens kruis, nie 10m oorskry nie, ongeag of sulke toegange of uitgange apart is of gekombineer word;
 - (ii) 'n Muur, ten minste 100mm dik en 200mm hoog, moet op die straatgrens tussen die verskillende punte van toegange en uitgange opgerig word. Die muur moet al langs die grens loop tensy die grondeenheid op enige ander wyse toegemaak is;
 - (iii) Voertuigtoegange en -uitgange moet beperk word tot twee per perseel of alternatiewelik tot twee gekombineerde toegange en uitgange per perseel;
 - (iv) Niteenstaande die bepelings van (iii) sal, waar die totale lengte van die straatgrens 30m oorskry, een addisionele toegang en uitgang of een addisionele gekombineerde toegang en uitgang toegelaat word;
 - (v) By die punt waar die straatgrens gekruis word, mag 'n voertuigtoegang of -uitgang of gekombineerde toegang of uitgang, nie nader as:
 - 30m van die interseksie van 'n primêre verspreider of distrikspad-verspreider of enige ander pad van soortgelyke status geleë wees nie;
 - 30m van die naaste punt aan 'n interseksie waar verkeer by wyse van 'n verkeersteken of verkeerseiland beheer word of beheer staan te word, geleë wees nie, en

- 10m van die straathoek van 'n perseel, wat aan 'n interseksie nie hierbo vermeld nie, grens, geleë wees indien die straathoek van sodanige perseel nie afgeskuins is nie, of 5m in die geval van 'n straathoek van sodanige perseel, gemeet van die naaste punt waar die afskuinsing die padreserwegrens ontmoet.

(i) Afskerming

Enige deel van 'n grondeenheid waar 'n diensstasie geleë is, wat gebruik word vir motorherstelwerk, of vir die stoor van uitgediende motorvoertuie, onderdele van motorvoertuie, leë houers soos oliedromme en verpakkingkrate of enige ander skroot van watter aard ook al, moet met 'n baksteen- of sementskermmuur, ten minste 1,8m hoog, tot genoeë van die Raad, afgeskerm word, of moet in 'n gebou vervat word.

3.3.2 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van paragraaf 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad mag vereis dat die terreinontwikkelingsplan aangepas word om redelike kwelpunte wat geassosieer word met toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

Sakesone 4:	Petroport (SS4)
--------------------	------------------------

Kleurnotasie: Wit met blou lyn omboorsel.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om die totstandkoming van petroporte moontlik te maak, om geriewe vir motoriste langs hoofroetes te voorsien ten einde bestuurdersuitputting te bekamp en om fasiliteite vir langafstand-padgebruikers te voorsien.

3.4 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** petroport, winkel, restaurant, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** openbare garage, toeristefasiliteit, vakansie-akkommodasie, herberg, wynwinkel.

3.4.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

(a) Terreinontwikkelingsplan

'n Terreinontwikkelingsplan moet in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat:

- (i) die terreinontwikkelingsplan in besonder aandag sal gee aan voertuig-toegange en -sirkulasie, voertuig- en voetgangerveiligheid, risikobestuur van brandstofpompe en brandstofopgaarplekke, die afskerming van gebiede wat vir stoordoeleindes gebruik word, visuele impak op die omliggende landelike omgewing, estetiese, landskapering, impakversagting op aanliggende grondgebruike, en ligging van geboue, aanwysings en strukture, en
- (ii) die terreinontwikkelingsplan aan die ontwikkelingsparameters soos hieronder uiteengesit, sal voldoen.

(b) Dekking

Die maksimum dekking is 50%.

(c) Hoogte

Geen gebou mag 'n hoogte van 2 verdiepings oorskry nie.

(d) Straatboulyn

Die straatboulyn is 10m.

(e) Sy- en agterboulyne

Die sy- en agterboulyne is 3m.

(f) Parkering

Parkering moet soos volg voorsien word:

In die geval van:

- openbare garages: 4 parkeerplekke per herstellvlak, en
- alle ander gebruike: een parkeerplek per 25m² gebou-oppervlak plus 8 addisionele parkeerplekke.

(g) Beligting

Beligting moet voorsien word op 'n wyse wat nie 'n negatiewe effek op die veiligheid van die gebruikers van die aangrensende straat sal hê nie. Parkeerareas moet tot die bevrediging van die Raad belig word.

(h) Reklame- of advertensieborde

Reklame- en advertensieborde moet beperk word tot tekens wat direk verband hou met die aktiwiteite van die petroport. Die hoogte van die tekens op die terrein moet beperk wees tot 12m.

(i) Kleinhandelkomponent

Kleinhandelfasiliteite en geassosieerde stoorgebiede moet nie 100m² per brandstofpomp oorskry nie.

(j) Landskaperingsplan

'n Landskaperingsplan moet aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring. Ten minste 20% van die grondeenheid, wat piekniekgebiede mag insluit, moet vir landskaperingsdoeleindes opsy gesit word.

HOOFSTUK 4: NYWERHEIDSONES

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die nywerheidsones, behalwe wanneer die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Die nywerheidsones is ontwerp om vervaardiging en verwante nywerheidsprosesse te akkommodeer. Dit dek 'n wye reeks grondgebruike wat strek van ligtenywerheidsgebruike wat beperkte impak op omliggende gebiede het, tot gevaarlike of hinder-gebruike wat potensieel 'n hoë impak kan hê en versigtig bestuur moet word;
- (ii) Die verskillende sones is gebaseer op die graad van potensiële impakte voortspruitend uit die verskillende aktiwiteite en prosessering van materiale, insluitend impakte geassosieer met hinderlike, risiko- en ontginningsprosesse;
- (iii) Nywerheidsontwikkeling het dikwels spesifieke vereistes in terme van pad- en afval-infrastruktuur en dis belangrik dat nywerheidsgesoneerde grond vir nywerheidsdoeleindes gereserveer word sodat optimale benutting van hierdie infrastruktuur verseker kan word;
- (iv) Beperkte geleenthede word geskep vir vergunningsgebruike geassosieer met nywerheidsgebiede, soos fabriekswinkels.

Nywerheidsone 1: Ligte Nywerheid (NYW1)
--

Kleurnotasie: Pers met swart skuinslyn arsering.

Doel

Die doel met hierdie sone is om nywerheidsgebruike en diensbedrywe wat sonder steurnis ten opsigte van ander grond of die algemene publiek uitgeoefen kan word, te akkommodeer. Sulke gebruike mag langs sakegebruike en in die nabyheid van residensiële gebiede geplaas word en verteenwoordig nie 'n potensieel negatiewe impak op die karakter of geriewe van sulke gebiede nie.

4.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** diensbedryf, nywerheidskorf, pakhuis, motorwassery, restaurant, diensstasie, openbare parkering, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** nywerheid, openbare garage, winkel, drankwinkel, kantore, kantoorpark, volwaservermaakbedryf.
- (c) **Addisionele gebruiksregte**
Die okkupeerder van 'n ligtenywerheids- of diensbedryfperseel mag goedere wat ten volle of gedeeltelik op die grondeenheid vervaardig is, verkoop, asook ander goedere soos deur die Raad gemagtig, met dien verstande dat:
 - (i) die totale vloerruimte toegewys aan die verkoop van goedere nie 10% van die totale vloerruimte van al die geboue op die grondeenheid, sal oorskry nie, en
 - (ii) ander sulke goedere wat te koop aangebied word, maar wat nie op die grondeenheid vervaardig is nie, aan die goedere wat ten volle of gedeeltelik op die grondeenheid vervaardig is, gekoppel kan word.

4.1.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing (behalwe ten opsigte van diensstasies en nywerheidskorwe):

(a) Vloerfaktor

Die vloerfaktor op die grondeenheid mag nie 1,5 oorskry nie.

(b) Dekking

Die maksimum dekking is 75%.

(c) Hoogte

- (i) Geen hoogtebeperking is van toepassing ten opsigte van nywerheids-, diensbedryf-, pakhuis- of vervoergebruik nie;
- (ii) Ander geboue mag nie 'n hoogte van 10m gemeet van 'n punt halfpad op die gradientlyn, oorskry nie, met dien verstande dat waar 'n groter hoogte krities tot die funksionering van die gebou is, die Raad 'n vergunning vir so 'n hoër hoogte mag toestaan.

(d) Straatboulyn

Die straatboulyn is 5m, onderworpe aan 12.1.

(e) Syboulyn

- (i) Waar 'n eksterne muur wat van baksteen, sementsteen of beton gebou is, en waar daar geen openinge in so 'n eksterne muur is nie, en die grondeenheid aan 'n ander nywerheidsone grens, word 'n nul-boulyn toegelaat;
- (ii) Waar die grondeenheid aan 'n sone ander dan 'n nywerheidsone grens, sal 'n 3m syboulyn of die boulyn soos in die spesifieke ander sone van toepassing is, watter een ook al die grootste is, geld;
- (iii) In alle ander gevalle sal 'n 3m syboulyn geld.

(f) Agterboulyn

- (i) Geen gebou mag nader as 3m van die agtergrens van 'n grondeenheid opgerig word nie;
- (ii) In gevalle waar die gebou tot teenaan beide syboulyne strek en daar geen ander manier as deur die gebou is waarop toegang tot die agterkant van die grondeenheid bekom kan word nie, moet daar ten minste een opening in die eksterne muur van die gebou op die agtergrens, voorsien word en mag die Raad vereis dat so 'n opening deur outomatiese brandhortjies, tot bevrediging van die Raad, beskerm word.

(g) Grensmure

Waar 'n grondeenheid 'n gemeenskaplike grens met 'n ander grondeenheid wat nie vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is nie, het, mag die Raad vereis dat 'n 1.8m hoë muur op die grens, tot bevrediging van die Raad, opgerig word.

(h) Parkering en toegang

Parkering moet in ooreenstemming met die volgende tabel asook 13.1 voorsien word:

Die getal parkeerplekke wat op die perseel voorsien moet word, moet in verhouding staan tot die totale vloeroppervlakte van die gebou en die totale aantal werknemers op die perseel of gedeelte daarvan:

Parkeerplekke in verhouding tot vloeroppervlakte van gebou	
1 Parkeerplek vir elke 100 m ² vloeroppervlakte of gedeelte daarvan tot by 1 500 m ² , en	
1 Parkeerplek vir elke 200 m ² vloeroppervlakte of gedeelte daarvan meer as 1 500 m ² .	
25% van die bogenoemde parkeerplekke moet opsygesit word vir gebruik van besoekers en moet as sulks deur middel van padwysers aangedui word.	

Parkeerplekke in verhouding tot aantal werknemers op die perseel	
Tot by 25 werknemers	1 parkeerplek vir elke 4 persone of gedeelte daarvan
Daarna, vir die volgende 25 werknemers	1 parkeerplek vir elk 5 persone of gedeelte daarvan.
Daarna, vir die volgende 50 werknemers	1 parkeerplek vir elke 10 persone of gedeelte daarvan
Daarna, vir enige verdere aantal werknemers	1 parkeerplek vir elke 25 persone of gedeelte daarvan.

As 'n alternatief vir die parkeervereiste vermeld, kan die eienaar met die toestemming van die Raad, as die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of ondoenlik sal wees vir die vereiste parkeerruimte om op die terrein verskaf te word, grond met die voorgeskrewe oppervlakte vir die betrokke parkeerderiewe op 'n nabygeleë perseel aanskaf op 'n plek wat die Raad goedkeur; met dien verstande dat 'n notariële akte teen sodanige grond geregistreer word ten effekte dat die Raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes, en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak, van 'n oppervlak te voorsien en in stand te hou tot genoë van die Raad. Die registrasiekoste van die notariële akte sal deur die eienaar gedra word. Hierdie voorwaardes mag slegs gewysig word met spesiale goedkeuring deur Munisipaliteit Swartland.

(i) Laaiplekke

Laaiplekke moet voorsien word in ooreenstemming met die volgende tabel asook 13.2:

Totale vloerruimte van gebou (tot naaste m²)	Vereiste op- en aflaaigebied
0 – 2 500 m ²	1 laaiplek
2 501 – 5 000m ²	2 laaiplekke
5 001 – 10 000 m ²	3 laaiplekke
Elke addisionele 10 000 m ² of gedeelte daarvan	1 addisionele laaiplek

So 'n laaiplek moet minimum 7m x 4.5m groot wees en moet voertuigtoegang tot 'n straat hê (wat tot genoeg van die Raad moet wees en nie minder as 5m breed moet wees nie en, indien dit deur 'n gebou gaan, nie minder as 3m hoog nie).

(j) Afskerming

Die Raad mag vereis dat enige deel van 'n grondeenheid wat vir stoor en laai van goedere gebruik word, tot bevrediging van die Raad afgeskerm moet word met 'n gepaste steenmuur of betonmuur.

4.1.2 Stoor van gevaarlike stowwe

Geen aktiwiteit wat die stoor van gevaarlike stowwe op die perseel insluit, mag toegelaat word nie, tensy 'n risikobestuur- en voorkomingsplan deur die Raad goedgekeur is.

4.1.3 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

4.1.4 Nywerheidskorf

Die volgende ontwikkelingsbestuurbepalings sal op 'n nywerheidskorf van toepassing wees:

(a) Ontwerpbeginsels

- (i) Die beginsels wat in die definisie van 'n nywerheidskorf weergee word, moet ten nouste nagevolg en geïmplementeer word;
- (ii) Spesiale aandag moet aan estetika, argitektoniese koördinasie, stedelike ontwerp en landskapering gegee word.

(b) Terreinontwikkelingsplan

'n Terreinontwikkelingsplan van die voorgestelde nywerheidskorf, moet in terme van 12.6, tot bevrediging van die Raad vir oorweging en goedkeuring ingedien word.

(c) Parkering en Toegang

Parkering en toegang moet ooreenkomstig paragraaf 13.1 voorsien word.

(d) Meng van kleinhandel- en nywerheidsontwikkeling

- (i) Die Raad mag voorwaardes oplê wat perke op die meng van kleinhandel- en vervaardigingsaktiwiteite, plaas;
- (ii) By die afwesigheid van voorwaardes waarna in (i) verwys word, mag nie meer as 50% van die totale vloerruimte van 'n nywerheidskorf aan winkels of geassosieerde gebruike, toegedeel word nie.

4.1.5 Diensstasies

Dieselfde grondgebruikbepalings wat van toepassing is op diensstasies in Sakesone 3, sal van toepassing wees op 'n diensstasie in hierdie sone.

Nywerheidsone 2: Algemene Nywerheid (NYW II)

Kleurnotasie: Pers.

Doel

Die doel met hierdie sone is om alle vorme van nywerhede, behalwe hinderbedrywe en risiko-aktiwiteite, te akkommodeer ten einde die vervaardigingsektor van die ekonomie te bevorder. Voorsiening word vir nie-nywerheidsaktiwiteite gemaak, maar dit moenie die algemene gebruik van die gebied wat vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is, kompromitteer nie. Dit word aanvaar dat die intensiewe aard van nywerheidsaktiwiteite of die skaal van die aktiwiteite, negatiewe effekte op aangrensende erwe kan hê.

4.2 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** nywerheid, diensbedryf, pakhuis, vervoergebruik, motorwassery, restaurant, openbare parking, nywerheidskorf, diensstasie, openbare garage, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** winkel, drankwinkel, plek van onderrig, plek van aanbidding, plek van samekoms, volwasse vermaakbedryf, begrafnisonderneming, stortingsterrein, skrootwerf, herwinningsaanleg.
- (c) **Addisionele gebruike**
Die okkupeerder van 'n nywerheids- of diensbedryfperseel mag goedere verkoop wat ten volle of gedeeltelik op die grondeenheid vervaardig is, asook ander goedere soos deur die Raad toegestaan, met dien verstande dat:
 - (i) die totale vloer ruimte toegewys aan die verkoop van goedere nie 10 persent van die totale vloer ruimte van al die geboue op die grondeenheid, sal oorskry nie, en
 - (ii) ander sulke goedere wat te koop aangebied word, maar wat nie op die eiendom vervaardig is nie, aan die goedere wat ten volle of gedeeltelik op die eiendom vervaardig is, gekoppel kan word.

4.2.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing (diensstasies en nywerheidskorwe is nie hierby ingesluit nie):

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor op die grondeenheid mag nie 2.0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 75%.
- (c) **Hoogte**
 - (i) Geen hoogtebeperking is van toepassing op 'n nywerheid, diensbedryf, pakhuis of vervoergebruik nie;
 - (ii) Ander geboue mag nie 'n hoogte van 21m gemeet van 'n punt halfpad op die gradientlyn, oorskry nie, met dien verstande dat waar 'n groter hoogte krities tot die funksionering van die gebou is, die Raad 'n afwyking vir so 'n hoër hoogte mag toestaan.
- (d) **Straatboulyne**
Die straatboulyn is 5m onderworpe aan 12.1.
- (e) **Syboulyne**
 - (i) Waar 'n eksterne muur wat van baksteen, sementsteen of beton gebou is, en waar daar geen openinge in so 'n eksterne muur is nie, en die grondeenheid aan 'n ander nywerheid-gesoneerde grondeenheid grens, word 'n nul boulyn toegelaat;
 - (ii) Waar die grondeenheid aan 'n sone ander dan 'n nywerheidsone grens, sal 'n 3m syboulyn of die meer beperkende boulyn soos in daardie spesifieke sone van toepassing is, watter een ook al die grootste is, geld;
 - (iii) In alle ander gevalle sal 'n 3m syboulyn geld.
- (f) **Agterboulyne**
 - (i) Geen gebou mag nader as 3meter aan die agtergrens van 'n grondeenheid opgerig word nie, onderworpe aan paragraaf 12.1;
 - (ii) In gevalle waar die gebou tot teenaan beide syboulyne van die grondeenheid strek en daar geen ander manier as deur die gebou is waarop toegang tot die agterkant van die grondeenheid bekom kan word nie, moet daar ten minste een opening in die eksterne muur van die gebou op die agtergrens, voorsien word, en die Raad mag vereis dat so 'n opening deur outomatiese brandhortjies, tot bevrediging van die Raad, beskerm word.

(g) Grensmure

Waar 'n grondeenheid 'n gemeenskaplike grens het met 'n ander grondeenheid wat nie vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is nie, mag die Raad vereis dat 'n 1.8m hoë muur op die grens, tot bevrediging van die Raad, opgerig word.

(h) Parkering en toegang

Parkering moet voorsien word in ooreenstemming met die volgende tabel:

Die getal parkeerplekke wat op die perseel voorsien moet word, moet in verhouding staan tot die totale vloeroppervlakte van die gebou en die totale aantal werknemers op die perseel of gedeelte daarvan:

Parkeerplekke in verhouding tot vloerruimte van gebou
1 Parkeerplek vir elke 100 m ² vloerruimte of gedeelte daarvan tot by 1 500 m ² , en
1 Parkeerplek vir elke 200 m ² vloerruimte of gedeelte daarvan meer as 1 500 m ² .
25% van die bogenoemde parkeerplekke moet opsygesit word vir gebruik van besoekers en moet as sulks deur middel van padwysers aangedui word.

Parkeerplekke in verhouding tot aantal werknemers op die perseel	
Tot by 25 werknemers	1 parkeerplek vir elke 4 persone of gedeelte daarvan
Daarna, vir die volgende 25 werknemers	1 parkeerplek vir elk 5 persone of gedeelte daarvan.
Daarna, vir die volgende 50 werknemers	1 parkeerplek vir elke 10 persone of gedeelte daarvan
Daarna, vir enige verdere aantal werknemers	1 parkeerplek vir elke 25 persone of gedeelte daarvan.

As 'n alternatief vir die parkeervereiste vermeld, kan die eienaar met die toestemming van die Raad, as die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of ondoenlik is om die vereiste parkeerruimte op die terrein te verskaf, grond met die voorgeskrewe oppervlakte vir die betrokke parkeergeeriewe op 'n nabygeleë perseel aanskaf op 'n plek wat die Raad goedkeur; met dien verstande dat hy 'n notariële akte teen sodanige grond laat registreer ten effekte dat die Raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes, en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak, van 'n oppervlak te voorsien en in stand te hou tot genoë van die Raad. Die registrasiekoste van die notariële akte sal deur die eienaar gedra word. Hierdie voorwaardes mag slegs gewysig word met spesiale goedkeuring deur Munisipaliteit Swartland.

(i) Laaiplekke

Laaiplekke moet voorsien word in ooreenstemming met die volgende tabel:

Totale vloerruimte van gebou (tot naaste m ²)	Vereiste op- en aflaaigebied
0 – 2 500 m ²	1 laaiplek
2 501 – 5 000 m ²	2 laaiplekke
5 001 – 10 000 m ²	3 laaiplekke
Elke addisionele 10 000 m ² of gedeelte daarvan	1 addisionele laaiplek

Sodanige laaiplek moet minimum 7m x 4.5m groot wees en moet voertuigtoegang tot 'n straat hê (wat tot genoë van die Raad moet wees en nie minder as 5m breed moet wees nie en, indien dit deur 'n gebou gaan, nie minder as 3m hoog nie).

(j) Afskerming

Die Raad mag vereis dat enige deel van 'n grondeenheid wat vir stoor en laai van goedere gebruik word, tot bevrediging van die Raad afgeskerm moet word met 'n gepaste steenmuur of betonmuur.

4.2.2 Stoor van gevaarlike stowwe

Geen aktiwiteit wat die stoor van gevaarlike stowwe op die perseel insluit, mag toegelaat word nie, tensy daar 'n risikobestuur- en voorkomingsplan deur die Raad goedgekeur is.

4.2.3 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpeunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

4.2.4 Nywerheidskorf

Dieselfde ontwikkelingsbestuurbepalings wat van toepassing op 'n nywerheidskorf in 'n nywerheidsone 1 is, sal op 'n nywerheidskorf in hierdie sone, van toepassing wees.

4.2.5 Diensstasie

Dieselfde ontwikkelingsbestuurbepalings wat van toepassing op 'n diensstasie in sakesone 3 is, sal op 'n diensstasie in hierdie sone, van toepassing wees.

4.2.6 Skrootwerf

'n Perseel of gedeelte van 'n perseel wat as 'n skrootwerf gebruik word, moet in geheel of met betrekking tot daardie gedeelte van die perseel wat as skrootwerf gebruik word, na gelang van die geval, met 'n geskikte steen- of betonmuur van minstens 1,8m hoog, gemeet van die natuurlike hoogte van die grond aangrensend tot sodanige omheining, omhein of afgeskerm word.

Nywerheidsone 3: Risiko-nywerheid (NYW 3)
--

Kleurnotasie: Pers met swart kruislyn arsering.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir daardie nywerhede wat hinderbedrywe is in terme van reuk, produk, afval of ander beswarende gevolge van hul werking, of wat 'n hoë risiko dra in die geval van brande of ongelukke. Terwyl ander gebruike per vergunning toegelaat word, moet die Raad verseker dat voldoende kapasiteit vir hinderbedrywe beskikbaar is in die beperkte gebiede wat vir hierdie sone geskik is. Risiko-nywerhede moenie naby residensiële gebiede geplaas word nie.

4.3 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** hinderbedryf, risiko-aktiwiteit, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** nywerheid, diensbedryf, pakhuis, skrootwerf, vervoergebruik, winkel, diensstasie, stortingsterrein, krematorium, openbare parkering, slaggale, herwiningsaanleg.
- (c) **Addisionele gebruikse regte**
Die okkupeerder van 'n nywerheid of diensbedryf mag goedere wat ten volle of gedeeltelik op die grondeenheid vervaardig is, asook ander goedere soos deur die Raad toegestaan, verkoop, met dien verstande dat:
 - (i) die totale vloeroppervlakte toegewys aan die verkoop van goedere nie tien persent (10%) van die totale vloeroppervlakte van al die geboue op die grondeenheid, sal oorskry nie, en
 - (ii) ander sulke goedere wat te koop aangebied word, maar wat nie op die grondeenheid vervaardig is nie, aan die goedere wat ten volle of gedeeltelik op die grondeenheid vervaardig is, gekoppel kan word.

4.3.1 Omgewingsimpak

- (a) Geen grond mag as nywerheidsone 3: risiko nywerheid, benut word nie, tensy 'n omgewingsimpakstudie onderneem is en die Raad tevrede is met die bevindinge van so 'n omgewingsimpakstudie;
- (b) Geen aktiwiteit wat op-perseel-opberg van gevaarlike stowwe insluit, mag toegelaat word alvorens 'n risikobestuur- en risikovoorkomingsplan deur die Raad goedgekeur is nie.

4.3.2 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor op die grondeenheid mag nie 2,0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 75%.
- (c) **Hoogte**
 - (i) Geen hoogtebeperking is van toepassing op 'n hinderbedryf, risiko-aktiwiteit of nywerheid nie;
 - (ii) Ander geboue mag nie 'n hoogte van 10m gemeet van 'n punt halfpad op die gradiëntlyn, oorskry nie, met dien verstande dat waar 'n groter hoogte krities tot die funksionering van die gebou is, die Raad toestemming vir so 'n hoër hoogte mag gee.

(d) Boulyne

- (i) Die straatboulyn is 5m;
- (ii) Die sy- en agterboulyne is 3m.

(e) Parkering en toegang

Parkering moet voorsien word in ooreenstemming met die volgende tabel en met 13.1:

Die getal parkeerplekke wat op die perseel voorsien moet word, moet in verhouding staan tot die totale vloeroppervlakte van die gebou en die totale aantal werknemers op die perseel of gedeelte daarvan:

Parkeerplekke in verhouding tot vloerruimte van gebou
1 Parkeerplek vir elke 100 m ² vloeroppervlakte of gedeelte daarvan tot by 1 500 m ² ,en
1 Parkeerplek vir elke 200 m ² vloeroppervlakte of gedeelte daarvan meer as 1 500 m ² .
25% van die bogenoemde parkeerplekke moet opsygesit word vir gebruik van besoekers en moet as sulks deur middel van padwysers aangedui word.

Parkeerplekke in verhouding tot aantal werknemers op die perseel	
Tot by 25 werknemers	1 parkeerplek vir elke 4 persone of gedeelte daarvan
Daarna, vir die volgende 25 werknemers	1 parkeerplek vir elk 5 persone of gedeelte daarvan.
Daarna, vir die volgende 50 werknemers	1 parkeerplek vir elke 10 persone of gedeelte daarvan
Daarna, vir enige verdere aantal werknemers	1 parkeerplek vir elke 25 persone of gedeelte daarvan.

As 'n alternatief vir die parkeervereiste vermeld, kan die eienaar met die toestemming van die Raad, as die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of ondoenlik is om die vereiste parkeerruimte op die terrein te verskaf, grond met die voorgeskrewe oppervlakte vir die betrokke parkeergeeriewe op 'n nabygeleë perseel aanskaf op 'n plek wat die Raad goedkeur; met dien verstande dat hy 'n notariële akte teen sodanige grond laat registreer ten effekte dat die Raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes, en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak, van 'n oppervlak te voorsien en in stand te hou tot genoeë van die Raad. Die registrasiekoste van die notariële akte sal deur die eienaar gedra word. Hierdie voorwaardes mag slegs gewysig word met spesiale goedkeuring deur Munisipaliteit Swartland.

(f) Laaiplekke

Laaiplekke moet voorsien word in ooreenstemming met die volgende tabel asook 13.1:

Totale vloerruimte van gebou (tot naaste m²)	Vereiste op- en aflaaigebied
0 – 2 500 m ²	1 laaiplek
2 501 – 5 000m ²	2 laaiplekke
5 001 – 10 000 m ²	3 laaiplekke
Elke addisionele 10 000 m ² of gedeelte daarvan	1 addisionele laaiplek

So 'n laaiplek moet minimum 7m x 4.5m groot wees en voertuigtoegang tot 'n straat hê (wat tot genoeë van die Raad moet wees en nie minder as 5m breed en, indien dit deur 'n gebou gaan, nie minder as 3m hoog moet wees nie).

(g) Afskerming

Die Raad mag vereis dat enige deel van 'n grondeenheid wat vir die stoor of die laai van goedere gebruik word, tot bevrediging van die Raad afgeskort moet word met 'n gepaste steenmuur of betonmuur.

(h) Grensmure

Waar 'n grondeenheid 'n gemeenskaplike grens met 'n ander grondeenheid wat nie vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is nie, het, mag die Raad vereis dat 'n 1,8m hoë muur langs die grens, tot bevrediging van die Raad, opgerig word.

4.3.3 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

4.3.4 Diensstasie

Dieselfde grondgebruikbepalings soos van toepassing op diensstasies in sakesone 3, sal op 'n diensstasie in hierdie sone, van toepassing wees.

4.3.5 Skrootwerf

'n Perseel of gedeelte van 'n perseel wat as 'n skrootwerf gebruik word, moet in geheel of met betrekking tot daardie gedeelte van 'n perseel wat as skrootwerf gebruik word, na gelang van die geval, met 'n geskikte steen- of betonmuur van minstens 1,8m hoog, gemeet van die natuurlike hoogte van die grond aangrensend tot sodanige omheining af, omhein of afgeskort word.

Nywerheidsone 4: Ontginningsnywerheid (NYW 4)

Kleurnotasie: Wit met pers lynomboorsel.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir die grondgebruik om minerale en ander delfstowwe uit die grond te haal en om geassosieerde sakebedrywighede op beperkte skaal toe te laat.

4.4 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** mynbou, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruik:** nywerheid, risiko-aktiwiteit.

4.4.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

(a) Aansoekvereistes

- (i) Die eienaar moet voldoen aan die nasionale en provinsiale statutêre vereistes soos van toepassing op mynbou, wat die volgende insluit maar nie beperk is daartoe nie:
 - die permitte en lisensies soos benodig in ooreenstemming met die Minerale en Petroleum Ontwikkeling Wet, 2002 (Wet 28 van 2002);
 - die goedkeurings of vrystellings soos benodig in ooreenstemming met die Omgewingsbewaringswet, 1989 (Wet 73 van 1989) of Wet 107 van 1998 (NEMA);
- (ii) Enige aansoek om 'n grondeenheid na nywerheidsone 4 te hersoneer, moet 'n verduideliking van die maatreëls wat geïmplementeer moet word om veiligheids- en omgewingsaangeleenthede aan te spreek, bevat, insluitend die volgende sonder om daartoe beperk te wees:
 - beheer oor dreinerings, sedimentasie en erosie;
 - bewaring van natuurlike plantegroei en wildlewe-habitat;
 - beskerming van oppervlak- en suboppervlak-water;
 - bewaring van bo-grond;
 - voorsiening vir die herstel en hergebruik van die terrein;
 - voorsiening vir klank- en visuele buffers;
 - akkommodasie van swaar verkeer en voertuie op paaie, en
 - voorsiening vir 'n gefaseerde program van ondernemings en verantwoordelikhede na gelang van die rehabilitasie vereistes;
- (iii) Met die oorweging van 'n aansoek om nywerheidsaktiwiteit in hierdie sone te bedryf, moet daar spesiale aandag gegee word aan die potensiële steurnis of risiko wat die betrokke aktiwiteit vir die omliggende gebied, persone of gemeenskap mag inhou.

(b) Terreinontwikkelingsplan

'n Terreinontwikkelingsplan moet in terme van 13.6 vir oorweging en goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

(c) Operasionele vereistes

Die volgende bepaling sal op die bedryf van 'n ontginningsnywerheid van toepassing wees:

- (i) Die eienaar of operateur van 'n ontginningsnywerheid moet:
 - die Raad in kennis stel van enige seisonale, tydelike of permanente afsluitingsgebeure;
 - nie dreinerings of waterafloop na enige aanliggende grondeenheid of na enige waterweg, verhoog nie, en
 - voldoende op-perseel-stofbeheer tot die bevrediging van die Raad voorsien;
- (ii) Vervoerroetes vir voertuie en toerusting wat na en van die terrein beweeg, is onderhewig aan die goedkeuring van die Raad;
- (iii) Die Raad mag na goeë dunnke enige ander voorwaardes en ontwikkelingsbestuurbehalings oplê.

HOOFSTUK 5: GEMEENSKAPSONES

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die gemeenskapsone behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Gemeenskapsone is ontwerp om 'n reeks van sosiale gebruike te akkommodeer, soos opvoeding, godsdiens en gesondheidsfasiliteite wat daarop gemik is om in die plaaslike gemeenskap se behoeftes te voorsien. Voorsiening word ook gemaak vir hoërde-fasiliteite wat die breër gemeenskap dien;
- (ii) Die diversiteit van ontwikkelingsvereistes ten opsigte van gemeenskapsgebruike word erken en grondgebruikbepalings, insluitend die gebruik van terreinontwikkelingsplanne, word aangewend om negatiewe impakte op omliggende gebiede te versag;
- (iii) Nogtans is gemeenskapsgeboue belangrike sosiale en stedelike ontwerp fokuspeunte, en dus moet prominente argitektoniese elemente aangemoedig word.

Gemeenskapsone 1: Opvoeding (GS1)

Kleurnotasie: Ligblou met swart letter E.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir die hele spektrum van opvoedkundige fasiliteite, tesame met beheerde voorsiening vir ander versoenbare gemeenskapsgebruike.

5.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** plek van onderrig.
- (b) **Vergunningsgebruike:** konferensiefasiliteit, plek van samekoms, plek van aanbidding, inrigting, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (c) **Addisionele gebruike:** 'n Grondeenheid in hierdie sone mag by geleentheid gebruik word vir sosiale funksies, met dien verstande dat:
 - (i) sulke funksies verbandhoudend is en betrekking het op die toelaatbare aktiwiteite in hierdie sone, en
 - (ii) sulke funksies nie, na die Raad se mening, oordadige of langdurige steurnis soos geraas, tot gevolg het nie.

5.1.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor mag nie 1,0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 60%.
- (c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van 3 verdiepings oorskry nie.
- (d) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 10m.
- (e) **Sy- en agterboulyne**
Die sy- en agterboulyne is 5m.
- (f) **Parkering en toegang**
1 Parkeerplek per klaskamer moet voorsien word tesame met 1 busparkeerplek per 20 leerders.
- (g) **Terreinontwikkelingsplan**
Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

Gemeenskapone 2: Aanbidding (GS2)

Kleurnotasie: Grys met swart kruis.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir standplase waar gemeenskappe volgens die gebruike van hul spesifieke geloof of godsdiens kan vergader en aanbid.

5.2 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** plek van aanbidding, godsdienstige leier se woning, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** plek van samekoms, plek van onderrig, begraafplaas, muur van herrinnering, inrigting.
- (c) **Addisionele gebruik:** 'n grondeenheid in hierdie sone mag per geleentheid gebruik word vir sosiale funksies, met dien verstande dat:
 - (i) sulke funksies verbandhoudend is en betrekking het op die toelaatbare aktiwiteite in hierdie sone, en
 - (ii) sulke funksies nie, na die Raad se mening, oordadige of langdurige versteuring soos geraas, tot gevolg het nie.

5.2.1 Grondgebruikbepelings

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor mag nie 1,0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 60%.
- (c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van 2 verdiepings oorskry nie, behalwe vir 'n kloktoring, toringspits, minaret of soortgelyke argitektoniese eienskap wat ontwerp is om die betekenisvolheid van die gebou as 'n plek van aanbidding te beklemtoon.
- (d) **Straatboulyn**
Die straatboulyn is 10m.
- (e) **Sy- en agterboulyne**
Die sy- en agterboulyne is 5m.
- (f) **Parkering en toegang**
1 Parkeerplek per 4 sitplekke moet voorsien word.
- (g) **Terreinontwikkelingsplan**
Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

Gemeenskapone 3: Inrigting (GS3)
--

Kleurnotasie: Grys met swart skuinslyn arsering.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir gesondheidsfasiliteite, wat toepaslik geleë is met betrekking tot die plaaslike en algemene gemeenskap maar die negatiewe gevolge vir aanliggende gebiede sal beperk.

5.3 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** inrigting.
- (b) **Vergunningsgebruike:** plek van samekoms, plek van onderrig, transmissietoring, dak-basisstasie.

5.3.1 Grondgebruikbepelings

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor mag nie 1,0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 60%.
- (c) **Hoogte**
Geen gebou mag 'n hoogte van 21m oorskry nie.
- (d) **Straatboulyn**
Die straat boulyn is 10m.
- (e) **Sy- en agterboulyne**
Die sy en agterboulyne is 5m.
- (f) **Parkering en toegang**
1 Parkeerplek per bed moet voorsien word.
- (g) **Terreinontwikkelingsplan**
Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die Raad aanpassings aan die terreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingenieursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

HOOFSTUK 6:	OWERHEIDSONES
--------------------	----------------------

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die owerheidsone behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Staatseiendom, hetsy nasionaal, provinsiaal of munisipaal, moet volgens hul gebruik en nie volgens eienaarskap nie, gesoneer te word;
- (ii) Desnieteenstaande bostaande, moet staatsaktiwiteite wat nie in ander sones opgeneem kan word nie, in hierdie sone ingesluit word;
- (iii) Sekere staats- of semi-staatsaktiwiteite, soos plekke van veilige bewaring en militêre basisse, mag onvermydelike negatiewe impakte op aanliggende gebiede hê, en sodanige impakte moet versag word.

Owerheidsone 1:	Staat (OW1)
------------------------	--------------------

Kleurnotasie: Rooi.

Doel

Die doel met hierdie sone is om grond te reserveer vir grondgebruik wat normaalweg deur sentrale, provinsiale en munisipale regeringsinstellings onderneem word, en wat nie in ander soneringskategorieë val nie.

6.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** owerheidsgebruik, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruik:** enige gebruik soos deur die Raad bepaal.

6.1.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees:

- (a) Geen struktuur mag in hierdie sone opgerig word of grond gebruik word nie, tensy die Raad dit ag versoenbaar te wees met "owerheidsgebruik", of 'n gebruik geassosieer met 'n owerheidsgebruik;
- (b) Die Raad sal die ontwikkelingsbestuurbealings soos van toepassing op grondeenhede in hierdie sone, bepaal.

HOOFSTUK 7:	VERVOERSONES
--------------------	---------------------

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die vervoersones, behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Vervoersones word ontwerp om die effektiewe funksionering van die onderskeie vervoerstelsels te fasiliteer. Daar is 'n nou verband tussen vervoer en ontwikkeling, en gepaste ontwikkeling kan bydra tot die bevordering van openbare vervoer. Voorsiening word vir beheerde gemengdegebruik-ontwikkeling in sekere vervoersones gemaak, met dien verstande dat die bedryf van die vervoerstelsel nie beïnvloed sal word nie;
- (ii) Ideaalgesproke strek vervoerstelsels langs gedefinieerde korridors, en daar is geleenthede vir lugregte asook ondergrondse regte, waardeur toepaslike ontwikkeling op 'n vlak verskillend tot die vervoerstelsel daargestel kan word sonder om die bedryf van die stelsel te beïnvloed.

Vervoersone 1:	Vervoergebruik (VV1)
-----------------------	-----------------------------

Kleurnotasie: Ligbruin met swart skuinslyn arsering.

Doel

Die doel met hierdie sone is om grond te reserveer vir vervoerstelsels, uitgesluit paaie en openbare strate, maar ingesluit alle ander vervoerondernemings wat die gemeenskap bedien, soos lughawens, vliegvelde, helikopterlandingsareas, hawens, spoorlyne, busdepots, taxistaanplekke, kabelkarstasies en modale wisselaars.

7.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** vervoergebruik, openbare parkering, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** winkel, kantore, hotel, restaurant, drankwinkel, pakhuis, nywerheid, diensbedryf, diensstasie, plek van samekoms, plek van vermaak, inrigting.

7.1.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Vloerfaktor**
Die vloerfaktor sal nie 2,0 oorskry nie.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking is 80%.
- (c) **Hoogte**
Die Raad mag 'n hoogtebeperking vir spesifieke grondeenhede in hierdie sone bepaal.
- (d) **Boulyne**
 - (i) Die straatboulyn is nul, behalwe waar die straatgrens aan 'n geproklameerde pad grens, in welke geval 'n 5m straatboulyn vereis mag word;
 - (ii) Die sy- en agtergrensboulyne is nul, behalwe waar vervoersone 1 aan 'n sone grens wat nie 'n vervoersone is nie, in welke geval die sy- en agtergrensboulyne 3m is.
- (e) **Parkering en toegang**
Parkering en toegang, soos deur die Raad vereis, moet op die grondeenheid voorsien word.
- (f) **Lugregte en ondergrondse regte**
Die Raad mag toestemming vir lug- of ondergrondse regte bo of onder die grond, wat vir vervoergebruik gesoneer is, toestaan, met dien verstande dat:
 - (i) die Raad tevrede is dat strukturele komponente, vry ruimte en operasionele eienskappe genoegsaam is om die veilige en effektiewe bedryf van die vervoergebruik, te verseker, en
 - (ii) 'n ooreenkoms wat die omvang van regte, eienaarskap en verantwoordelikheid vir onderhoud met betrekking tot sodanige gebou of perseel omskryf, tussen die betrokke partye gesluit word en deur die Raad goedgekeur word.

Vervoersone 2:	Paaie (VV2)
-----------------------	--------------------

Kleurnotasie: Ligbruin.

Doel

Die doel met hierdie sone is om vir openbare strate en privaat paaie, hetsy bestaande of toekomstig, voorsiening te maak.

7.2 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** openbare straat, privaat pad, openbare parkering, privaat parkering.
- (b) **Vergunningsgebruike:** enige ander gebruike soos deur die Raad bepaal, met dien verstande dat:
 - (i) sodanige gebruik nie, na die mening van die Raad, die beweging van voertuie of voetgangers in die omgewing, benadeel nie;
 - (ii) sodanige grond hersoner moet word indien die gebruik 'n betekenisvolle en permanente verandering van die primêre gebruik meebring, en hierdie Regulasies vir 'n meer geskikte alternatiewe sone, voorsiening maak, en
 - (iii) enige openbare straat, of enige grondgedeelte wat as 'n openbare straat op 'n goedgekeurde plan wat nog nie verval het nie, aangedui word, geag sal word as vervoersone 2: paaie, gesoneer te wees.

7.2.1 Grondgebruikbepelings

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

(a) Straatmouse

Die bedryf van die besigheid van 'n straatmous, venter of straatverkoper binne die padreserwe van 'n openbare straat word toegelaat onderworpe aan nakoming van toepaslike verordeninge van die Raad met betrekking tot straatmouse, venters en straatverkopers.

(b) Konstruksie en aflaai van materiale

Geen persoon mag:

- (i) 'n privaat oorgang, brug of duikweg op of onderdeur 'n openbare straat bou nie;
- (ii) 'n sypaadjie op 'n openbare straat bou of uitlê nie;
- (iii) 'n afdak, 'n stoep, 'n muur, trappe of enige ander uitstek in of oor 'n openbare straat bou nie, of
- (iv) enige goedere, artikels, boumateriale of afval in 'n openbare straat aflaai of laat nie, behalwe vir 'n redelike tyd gedurende die laai, aflaai of verwydering daarvan.

(c) Lugregte en ondergrondse regte

Die Raad mag toestemming vir lug- of ondergrondse regte bo- of onder grond wat vir vervoergebruik gesoneer is, as vergunningsgebruike toestaan, met dien verstande dat:

- (i) die Raad tevrede is dat strukturele komponente, vry ruimte en operasionele eienskappe genoegsaam is om die veilige en effektiewe bedryf van die vervoergebruik, te verseker, en
- (ii) 'n ooreenkoms wat die omvang van regte, eienaarskap en verantwoordelikheid vir onderhoud met betrekking tot sodanige gebou of perseel, omskryf, tussen die betrokke partye gesluit word en deur die Raad goedgekeur word.

(d) Voorgestelde openbare straat, straatverbreding en straatsluiting

Enige verwysing op die soneringskaart na voorgestelde openbare strate, voorgestelde straatverbreding of voorgestelde straatsluitings, is onderworpe aan 12.7.

Vervoersone 3:	Parkering (VV3)
-----------------------	------------------------

Kleurnotasie: Ligbruin met swart letter P.

Doel

Die doel met hierdie sone is om, ten einde aan 'n parkeerbehoefte te voldoen, voorsiening te maak vir parkering van motorvoertuie wat in bedryf is, teen betaling al dan nie. Sodanige parkering mag in geboue sowel as oop parkeergebiede, voorsien word en mag in private of openbare besit wees.

7.3 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** openbare parkering, privaat parkering, transmissietoring, dak-basis-stasie.

- (b) **Vergunningsgebruike:** winkel, sakeperseel, diensstasie.

7.3.1 Grondgebruikbepalings

Die Raad sal die grondgebruikbepalings soos van toepassing op 'n grondeenheid in hierdie sone, bepaal.

HOOFSTUK 8: NATUUR- EN OOPRUIMTESONES

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die natuur- en oopruimtesones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Voorsiening word vir verskillende tipes oopruimte gemaak, gebaseer op die verskillende funksies van sodanige oopruimtes. Openbare oopruimte het 'n besonder belangrike status as gevolg van die bydrae daarvan tot die algemene openbare belang en die probleem om openbare oopruimte wat tot niet gegaan het, te vervang. Om hierdie redes moet openbare oopruimte onderskei word van privaat oopruimte, en die status van openbare oopruimte moenie sonder versigtige oorweging verander word nie;
- (ii) Sekere oopruimtes het spesiale aansien as natuurgebiede, hetsy openbaar of privaat, en behoort duidelik geïdentifiseer te word in terme van die soneringskaart. Hierdie gebiede mag ook aan ander vereistes onderworpe wees in terme van omgewingswetgewing rakende hul gebruik;
- (iii) Begraafplase word somtyds in die openbare oopruimte sone ingesluit, maar behoort eerder afsonderlik gesoneer te word omdat dit verskillende funksies en karaktereenskappe het. 'n Sone vir hierdie doel is in 8.4 geskep.

Oopruimte Sone 1: Openbare oopruimte (OR1)

Kleurnotasie: Donkergroen.

Doel

Die doel met hierdie sone is om vir aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede op openbare grond voorsiening te maak, met die oogmerk om ontspanning te bevorder, die estetiese voorkoms van 'n gebied te verbeter, fauna en flora te onderhou en gebiede van onontwikkelde landskappe, insluitend woudgebiede, rûens, vleilande en die kuslyn, te beskerm.

8.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** openbare oopruimte, bewaringsgebruik, transmissietoring, dak-basis-stasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** begraafplaas, muur van herinnering, kampeertrein, bootlanseer fasiliteit, renbaan.

8.1.1 Grondgebruikbepalings

Die Raad moet die grondgebruikbepalings, soos op grondeenhede in hierdie sone van toepassing en in ooreenstemming met die doel van hierdie sone, bepaal.

Oopruimte Sone 2: Privaat Oopruimte (OR2)

Kleurnotasie: Liggroen.

Doel

Die doel met hierdie sone is om vir aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede op privaat grond voorsiening te maak, met die oogmerk om ontspanning te bevorder, die estetiese voorkoms van 'n gebied te verbeter, flora en fauna te onderhou en gebiede van onontwikkelde landskappe, insluitend woudgebiede, rûens, vleilande en die kuslyn, te beskerm.

8.2 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** privaat oopruimte, bewaringsgebruik, transmissietoring, dak-basis-stasie.
- (b) **Vergunningsgebruike:** begraafplaas, muur van herinnering, kampeertrein, 4x4 roete, bootlanseer fasiliteit, renbaan.

8.2.1 Grondgebruikbepalings

Die Raad moet die grondgebruikbepalings, soos op grondeenhede in hierdie sone van toepassing en in ooreenstemming met die doel van hierdie sone, bepaal.

Oopruimte Sone 3: Natuurreservaat (OR3)

Kleurnotasie: Liggroen met swart skuinslyn arsering.

Doel

Die doel met oopruimte sone 3: natuurreservaat is om vir natuurreservate in openbare of privaatbesit, wat ooreenkomstig enige wet as sulks geproklameer is, voorsiening te maak.

8.3 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** natuurreservaat, bewaringsgebruik.
- (b) **Vergunningsgebruike:** toeristefasiliteit, vakansie-akkommodasie, 4x4 roete, transmissietoring, dak-basisstasie, bootlanseer fasiliteit.

8.3.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) 'n Omgewingsbestuursplan moet tot bevrediging van die Raad voorberei word;
- (b) Die Raad moet die grondgebruikbepalings soos van toepassing op grondeenhede in hierdie sone, gebaseer op die doelwitte van hierdie sone en die besondere omstandighede van die grond, en in ooreenstemming met 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, bepaal.

Oopruimte Sone 4: Begraafplaas (OR4)
--

Kleurnotasie: Liggroen met swart letter C.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir grond wat gereserveer word vir die teraardebestelling van afgestorwenes en geassosieerde aktiwiteite.

8.4 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** begraafplaas, muur van herinering, privaat oopruimte, bewaringsgebruik.
- (b) **Vergunningsgebruike:** krematorium, plek van aanbidding, begrafnisonderneming.

8.4.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) Die Raad moet die grondgebruikbepalings soos van toepassing op grondeenhede in hierdie sone, in ooreenstemming met die doel van die sone, bepaal;
- (b) Parkering moet in ooreenstemming met 13.1 op die grondeenheid voorsien word.

HOOFSTUK 9: OORDSONES

Algemene beleidstelling

Die doelwit met hierdie sone is om toeriste- en vakansiefasiliteite in gebiede wat oor spesiale omgewings- en ontspanningseienskappe beskik, te bevorder en om toegang vir die algemene publiek daartoe te verseker. Terselfdertyd moet sorg gedra word dat die negatiewe impak van ontwikkeling op sensitiewe omgewings so laag as moontlik gehou word. Die rigtinggewende beginsel moet wees dat 'n oord nie afbreuk sal doen aan dit wat die vakansiefasiliteite in die eerste plek geregverdig het nie en ook dat dit nie 'n openbare steurnis sal wees vir ander mense wat in die omgewing woon of werk nie.

Oordsone: (OS)
--

Kleurnotasie: Pienk.

Doel

Die doel met hierdie sone is om toerisme- en vakansiefasiliteite in gebiede met spesiale omgewings- of ontspanningskenmerke te bevorder, en om toegang tot sodanige fasiliteite by die algemene publiek aan te moedig. Terselfdertyd moet sorg gedra word dat die potensiële negatiewe impakte van ontwikkeling op broos omgewings so laag as moontlik gehou word. Die riglynbeginsel behoort te wees dat 'n oord nie afbreuk sal doen aan die aantreklikhede wat

aanvanklik die vakansiefasiliteite moontlik gemaak het nie en ook nie 'n openbare steurnis vir ander mense wat in die omgewing woon en werk, sal skep nie.

9.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is van toepassing op grond in hierdie sone:

- (a) **Primêre gebruike:** vakansie-akkommodasie, bewaringsgebruik, privaat oopruimte, herberg.
- (b) **Vergunningsgebruike:** toeristefasiliteit, oordwinkel, konferensiefasiliteit, transmissietoring, dak-basisstasie, bootlanseer fasiliteit.

9.1.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) Die Raad moet ontwikkelingsbestuurbeperkings ten op sigte van digtheid, hoogte, dekking, uitleg, gebou-ontwerp, landskapering, parkering, toegang en die gebruik van die geboue of grond, neerlê;
- (b) 'n Terreinontwikkelingsplan moet in terme van 12.6, tot bevrediging van die Raad, ingedien word;
- (c) 'n Landskaperingsplan en omgewingsbestuurplan moet tot bevrediging van die Raad, voorberei word;
- (d) Die Raad mag vereis dat 'n gekwalifiseerde landskapsargitek deel uitmaak van die ontwerpspan om die terreinontwikkelingsplan voor te berei en om oor die implementering van die landskaperingsvoorstelle toesig te hou;
- (e) Die Raad mag 'n omgewingsbestuursplan vereis om deel uit te maak van enige siviele en boukontrakte vir die ontwikkeling van grond.

Ontspanningsverblyfsone (OV)

Kleurnotasie: Pienk met swart kruisslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om toerisme- en vakansiefasiliteite op klein skaal in gebiede met spesiale omgewings- of ontspanningskenmerke moontlik te maak.

9.3 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbeperkings is van toepassing op grond in hierdie sone:

- (a) **Primêre gebruike:** vakansie-huisvesting, vakansie-akkommodasie, bewaringsgebruik, privaat oopruimte.
- (b) **Vergunningsgebruike:** herberg, toeristefasiliteit, oordwinkel, transmissietoring, dak-basisstasie, bootlanseer fasiliteit.

9.3.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) Die Raad moet ontwikkelingsbestuurbeperkings ten op sigte van digtheid, hoogte, dekking, uitleg, gebou-ontwerp, landskapering, parkering, toegang en die gebruik van die geboue of grond, neerlê;
- (b) 'n Terreinontwikkelingsplan moet in terme van 12.6, tot bevrediging van die Raad, ingedien word;
- (c) 'n Landskaperingsplan en omgewingsbestuurplan moet tot bevrediging van die Raad, voorberei word;
- (d) Die Raad mag vereis dat 'n gekwalifiseerde landskapsargitek deel uitmaak van die ontwerpspan wat die terreinontwikkelingsplan voorberei, om oor die implementering van die landskaperingsvoorstelle toesig te hou;
- (e) Die Raad mag 'n omgewingskontrak vereis om deel uit te maak van enige siviele- en boukontrakte vir die ontwikkeling van grond.

HOOFSTUK 10: LANDBOU- EN LANDELIKE SONES

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die landbousones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike plan:

- (i) Landbougrond moet in die algemeen beskerm te word teen ontwikkeling wat die grond minder geskik vir landbou maak of afbreuk doen aan die estetiese of kulturele waarde daarvan. Onwenslike onderverdeling van plase moet verhoed word en ekonomies lewensvatbare eenhede moet gehandhaaf word. Onderverdeling en hersonering van landbougrond moet slegs oorweeg word waar dit sal meehelp om volhoubare ontwikkeling te bevorder;
- (ii) Bona fide landbou-aktiwiteite behoort nie onderwerp te word aan onredelike beperkings nie, aangesien die ekonomiese lewensvatbaarheid van die landbousektor belangrik is. Aanvullende aktiwiteite tot konvensionele landbou sal ook bydra tot die lewensvatbaarheid van die sektor. Met dié doel voor oë kan versoenbare gebruike wat as vergunningsgebruike gelys is, oorweeg word ter versterking van die ekonomiese lewensvatbaarheid van plase;

- (iii) Behalwe om 'n waardevolle ekonomiese hulpbron te onderhou, kan die bewaring van landbougrond help om die stabiliteit van die stedelike rand te bevorder, vleilande en ander natuurlik-sensitiewe gebiede te bewaar asook landelike karaktereenskappe wat vir die gemeenskap waardevol is, te onderhou.

Landbousone 1: Landbou (L1)

Kleurnotasie: Groen met dik swart skuinslyn arsering.

Doel

Die doel met hierdie sone is om landbou op groot plase as 'n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm. Beperkte voorsiening word gemaak vir nie-landbou gebruike om landelike gemeenskappe in meer afgeleë gebiede die geleentheid te bied om die ekonomiese potensiaal van hul grond te verhoog, met dien verstande dat sulke gebruike nie 'n noemenswaardige negatiewe impak vir die primêre landbouhulpbron sal inhou nie.

10.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** landbou.
 (b) **Vergunningsgebruike:** addisionele wooneenheid, gastehuis, toeristefasiliteit, plaasstal, plaaswinkel, aquakultuur, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, kwekery, ryskool, diensbedryf, mynbou, 4x4 roete, kommersiële troeteldierhokke, bed-en-ontbyt bedryf, bewaringsgebruik, landboudorp, kompostering, renbaan, bootlanseer fasiliteit, vertoontsentrum, transmissietoring, dak-basisstasie, hernubare energie struktuur.

10.1.1 Grondgebruikbepelings

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Vloerruimte:**
 Geen plaaswinkel of plaasstal mag 'n vloerruimte van 500m² oorskry nie, met dien verstande dat die Raad hierdie vereiste mag verslap indien die Raad van mening is dat dit as gevolg van die omvang of aard van die produkte wat aangebied word, nodig is.
- (b) **Boulyne:**
 Die boulyn-bepelking is 30m ten opsigte van alle grense.
- (c) **Parkering:**
 Parkering en toegang moet op die grondeenheid in ooreenstemming met 14.1 voorsien word.
- (d) **Hoogte:**
- (i) Woonhuise mag nie 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
 - (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak-gebou, of 8m in die geval van 'n spitsdak gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak-gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry;
 - (iii) Landbougeboue ander dan woonhuise mag nie 12m in hoogte bokant 'n punt halfpad op die gradiëntlyn tot die nok van die dak oorskry nie, met dien verstande dat waar die Raad van mening is dat 'n hoër hoogte nodig is vir die funksionering van die gebou, die Raad sodanige hoogte kan toelaat.

10.1.2 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan in terme van 12.6 ten opsigte van vergunningsgebruike, tot bevrediging van die Raad, ingedien word.

10.1.3 Bed-en-ontbyt bedryf

Die grondgebruikbepelings soos van toepassing op 'n bed-en-ontbyt bedryf in die enkelresidensiële sone 1, sal ook in hierdie sone van toepassing wees.

10.1.4 Tuisberoep

Die Raad mag toestemming verleen vir 'n tuisberoep as vergunningsgebruik in hierdie sone op voorwaarde dat:

- (a) geen vergunningsgebruiksansoek oorweeg sal word tensy die eienaar vooraf skriftelike toestemming verleen het nie, en
 (b) indien die Raad wel 'n vergunningsgebruik toestaan, sodanige toestemming onderhewig moet wees aan dieselfde voorwaardes wat van toepassing is in enkelresidensiële sones 1 en 2 met betrekking tot 'n woonhuis of

wooneenheid wat vir die doel van 'n tuisberoep gebruik word en mag die Raad ook addisionele voorwaardes oplê wat meer of minder beperkend mag wees.

10.1.5 Hernubare energie struktuur

Spesiale maatreëls van toepassing op Hernubare Energie Struktuur:

- (a) Definisies van toepassing op hierdie maatreëls;
- (i) "Bybehorende struktuur" beteken enige struktuur of bykomstigheid nodig vir, of wat direk verband hou met, die opwekking van hernubare energie;
 - (ii) "Eienaar" het dieselfde betekenis as in die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985;
 - (iii) "Terrein" beteken die grond aangewend vir Hernubare energie strukture, ongeag kadastrale grense en insluitend die Hernubare energie strukture.

(b) Grondgebruikbeperkings

Die Raad mag toestemming verleen vir 'n hernubare energie struktuur as vergunningsgebruik in hierdie sone op voorwaarde dat:

- (i) *Hoogte:*
 'n Maksimum hoogte van 200m vir 'n windturbine, gemeet vanaf die gemiddelde grondvlak waar die struktuur opgerig is, tot by die hoogste punt van die lem;

Die hoogte van 'n struktuur vir sonenergie opwekking is afhanklik van die tegnologie wat gebruik word;

Die hoogte van geboue word beperk tot 'n maksimum van 8,5m en word gemeet vanaf die gemiddelde grondvlak waar die gebou opgerig is tot die hoogste punt van die dak.

- (ii) *Terugset:*
 In die geval van 'n windturbine, 'n afstand gelyk aan 1,5 keer die algehele hoogte van die lempunt gemeet vanaf:
- (a) die naaste residensiële, kommersiële of kritiese landboustrukture soos dierskuilings, buitegeboue, stookkamers, uitgesluit strukture soos waterkrippe, voerbakke en windpompe;
 - (b) die kadastrale grens van die grondeenheid; en
 - (c) enige openbare pad of privaat of publieke reg-van-weg; en
 - (d) enige elektriese infrastruktuur.

Hierdie terugset vereiste is nie van toepassing op 'n kadastrale grens in die geval waar 'n hernubare energie perseel weerskante van sodanige kadastrale grens geleë is nie. Terugsette word vir veiligheidsredes vereis en mag nie van afgewyk word nie.

(c) Addisionele vereistes

(i) *Terreinontwikkelingsplan:*

(a) As deel van die aansoek of as voorwaarde van goedkeuring, moet 'n Terreinontwikkelingsplan by die Munisipaliteit ingedien word en in die geval van goedkeuring, moet dit deel van die goedkeuring vorm. Die perseel moet opgemeet word en die presiese afmeting van die gebou-omtrek moet op die Terreinontwikkelingsplan aangedui word;

(b) Sover nodig mag wees, moet enige relevante maatreëls soos in hierdie regulasies vervat, in die Terreinontwikkelingsplan ingesluit word.

(ii) *Aanvanklike maatreëls in die geval van versuim:*

As voorwaarde vir die goedkeuring vir vergunningsgebruik, moet die eienaar tot die bevrediging van die bevoegde gesag, finansiële voorsiening maak vir beskerming teen die versuiming op enige tyd nadat konstruksie begin het, vir rehabilitasie of die bestuur van negatiewe omgewingsimpakte in die geval van buitediensstelling of van verlating in gevalle waar die eienaar finansiële nie in staat is om sy verpligtinge in hierdie verband na te kom nie; Indien die eienaar van grond versuim soos hier bo beoog, kan die bevoegde gesag, na geskrewe kennis aan die eienaar, die fonds in sy geheel of gedeeltelik gebruik vir die rehabilitasie of die bestuur van die betrokke negatiewe omgewingsimpakte of die verwydering van die fasiliteit.

(iii) *Visuele en omgewingsimpak:*

Visuele en omgewingsimpakte moet vir hoogtebepaling en in die algemeen in ag geneem word, tot die bevrediging van die bevoegde gesag.

(iv) *Ontbossing, gronderosie en habitat impak:*

Die verwydering van natuurlike plantegroei moet beperk word tot dit wat nodig is vir die konstruksie, bedryf en instandhouding van die Hernubare energie struktuur soos deur die toepaslike Omgewingswetgewing gereguleer; Windturbines, son-voltêre strukture, toegangspaaie en ander infrastruktuur moet sodanig geplaas word dat beskadiging van die natuurlike plantegroei, waterkanale en vleilande tot 'n minimum beperk word;

Alle grond wat skoongemaak is en nie deel vorm van die voetspoor van die Hernubare energie struktuur nie, moet rehabiliteer word ingevolge 'n goedgekeurde rehabilitasie plan vir die betrokke grond, soos deur die bevoegde gesag goedgekeur;

Gronderosie mag nie plaasvind nie en die rehabilitasie van enige hoë risiko gebiede, tot die bevrediging van die bevoegde gesag, is noodsaaklik;

Die applikant moet, tot bevrediging van die bevoegde gesag, bewys lewer dat alle impakte met betrekking tot en nodige afstande wat gehandhaaf moet word vanaf vleie, waterliggame, bedreigde ekosisteme, berge, rante, heuwels, kus-buffers, nedersettings, telekommunikasietorings, transmissietorings en kraglyne, in ag geneem is;

Die presiese koördinate vir bogenoemde moet voorsien word om moontlike omgewingsimpakte te bepaal.

- (v) Geraas, lugbesoedeling en oorlas:
Die ontwikkeling moet in lyn wees met die regulasies wat besoedeling beheer, insluitend:
- (a) die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);
 - (b) Provinsiale regulasies inplek; en
 - (c) Munisipale verordeninge.
- (vi) Afwerking en kleur:
'n Windturbine struktuur moet, tot bevrediging van die bevoegde gesag, met 'n neutrale, nie-reflekerende eksterne kleur, wat ontwerp is om met die omliggende natuurlike omgewing saam te smelt, behandel word;
'n Son-voltêre struktuur mag geen nadelige impak as gevolg van sy reflekerende aard veroorsaak nie en moet dinooreenkomstig ontwerp en opgerig word soos deur die bevoegde gesag vereis.
- (vii) Bybehorende strukture:
- (a) Alle bybehorende strukture tot 'n Hernubare energie struktuur moet onderworpe wees aan regulasies, rakende massa, hoogte, werfgroottes, boulyne, oopruimte, parkering en gebou-dekking vereistes, soos deur die bevoegde gesag voorgeskryf;
 - (b) Alle bybehorende strukture, insluitend, maar nie beperk tot, toerustingsskure, stoorfasiliteite, transformators en substasies, moet argitektonies aanpasbaar met die ontvangs-omgewing wees soos deur die bevoegde gesag vereis, en deel vorm van die Hernubare energie struktuur terreinontwikkelingsplan as deel van die goedkeuring;
 - (c) Bybehorende strukture mag slegs vir die stoor van toerusting of ander gebruike wat direk met die bedryf van die betrokke fasiliteit verband hou, gebruik word;
 - (d) Bybehorende strukture moet tot bevrediging van die bevoegde gesag van sig afgeskerm word deur middel van inheemse plantegroei en/of ondergronds geplaas, of verbind en groepeer word om negatiewe visuele impakte te voorkom.
- (viii) Beligting:
'n Hernubare energie struktuur of enige deel daarvan mag slegs vir veiligheid en operasionele doeleindes belig word en beligting moet toepaslik vanaf aangrensende grondeenhede afgeskerm word;
Die beligtingsvereistes van die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid in ooreenstemming met lugvaartveiligheidsstandaarde moet aan voldoen word.
- (ix) Kennisgewing en advertering:
Kennisgewings op Hernubare energie strukture moet aan nasionale en plaaslike adverteringsregulasies voldoen en word beperk tot:
- (a) dit wat nodig is om die operateur te identifiseer;
 - (b) die voorsiening van 24-uur nood bystand kontaknommers; en
 - (c) waarskuwing teen enige gevare.
- Geen kommersiële advertensie, insluitende met betrekking tot die verskaffer en operateur mag op Hernubare energie strukture aangebring word nie.
- (x) Instandhouding:
Die eienaar is verantwoordelik om 'n Hernubare energie struktuur in 'n goeie toestand te hou. Instandhouding moet die volgende insluit, maar is nie beperk daartoe nie:
- (a) verf;
 - (b) strukturele herstelwerk;
 - (c) rehabilitasie maatreëls, en
 - (d) die instandhouding van sekuriteits- en veiligheidsmaatreëls.
- Die eienaar is verantwoordelik vir die koste van instandhouding van die fasiliteit en enige toegangspad, tensy dit 'n openbare pad is, en vir die koste van herstelwerk indien enige skade voortspruit uit konstruksie of die bedryf van die fasiliteit.
- (xi) Verandering:
Enige verandering, uitgesluit toevallige *in situ* tegniese verbeterings, wat aan 'n Hernubare energie struktuur aangebring word ná magtiging, en wat nie grootliks ooreenstem met die goedkeuring nie, vereis goedkeuring van die bevoegde gesag binne die parameters van hierdie regulasies deur middel van:

- (a) afwyking;
 - (b) wysiging van voorwaardes;
 - (c) nuwe vergunningsgebruik goedkeuring;
 - (d) wysiging van die Terreinontwikkelingsplan; of
 - (e) wysiging van die bouplan.
- (xii) Buitediensstelling:
 Enige Hernubare energie struktuur en verwante infrastruktuur insluitend geboue, kraglyne, kables en paaie wat die einde van sy lewensduur bereik het of wat verlaat is, moet verwyder word;
 Wanneer 'n Hernubare energie struktuur geskeduleer is om buite diens gestel te word, of bedrywighede gestaak is of die struktuur verlaat is, moet die eienaar die bevoegde gesag per geregistreerde pos in kennis stel van die voorgestelde of verstrekte sluitingsdatum, asook die planne vir verwydering.
 Die eienaar is verantwoordelik vir die verwydering van die volledige struktuur binne 150 dae ná die datum van buitediensstelling of soos ooreengekom met die bevoegde gesag nadat 'n plan vir buitediensstelling ingedien is. Die bevoegde gesag mag waar geregtig na sy mening, die eienaar uitstel verleen vir die verwydering van die fasiliteit. Die grond moet dan tot bevrediging van die bevoegde gesag rehabiliteer word tot die toestand soos voorgeskryf in die goedgekeurde Omgewingsbestuursplan en die goedgekeurde plan vir buitediensstelling.
- Buitediensstelling moet onder andere die volgende insluit:
- (a) die verwydering van alle windturbines, son-voltêre strukture en bybehorende strukture, insluitend toerusting, basisse, fondasies, sekuriteitsversperrings en transmissielyne;
 - (b) wegdoening van alle vaste en gevaarlike afval in ooreenstemming met die provinsiale en plaaslike afvalverwyderingsregulasies; en
 - (c) die stabilisering en herbepplanting van die perseel om erosie te minimaliseer.
- Die bevoegde gesag kan die eienaar toestemming verleen om landskapering en ondergrondse fondasies of enige ondergrondse komponente wat nie enige besoedeling veroorsaak nie agter te laat om erosie en versteuring van natuurlike plantegroei en habitate te minimaliseer soos beskryf in die plan vir buitediensstelling.
- Indien die eienaar versuim om die struktuur of gedeeltes daarvan in ooreenstemming met hierdie regulasies binne 150 dae ná verlating of die datum van buitediensstelling, of 'n goedgekeurde periode van verlenging, te verwyder, mag die bevoegde gesag die eiendom betree en die struktuur of gedeeltes daarvan verwyder. Alle verwyderingskoste in so 'n geval kan van die eienaar verhaal word.
- (xiii) Verlating:
 'n Hernubare energie struktuur sal as verlaat geag word in die geval waar die struktuur in gebreke bly om voortdurend te werk vir een jaar of meer, of waar 'n gedeelte of die struktuur in geheel as skadelik geag word en geen regstellende aksie onderneem is nie, tensy die eienaar anders kan bewys.

Landbousone 2:	Landbounywerheid (L2)
-----------------------	------------------------------

Kleurnotasie: Groen met dik pers skuinslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om vir die prosessering van landbouprodukte op plase voorsiening te maak waar sulke prosessering, na die mening van die Raad, 'n potensiële negatiewe impak op die aantreklikheid van die omgewing in terme van grootte of intensiteit van die aktiwiteit mag hê, maar vir redes van doeltreffendheid hierdie aktiwiteit die beste binne 'n landbougebied geplaas sal wees, in teenstelling met 'n stedelike of nywerheidsgebied. Die gebruikskategorie "landbounywerheid" verskil in betekenis van "landbou" wat ten doel het om die landbouhulpbronbasis en omgewingsaantreklikheid van landbougebiede te beskerm.

10.2 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** landbounywerheid, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruik:** woonhuis, toeristefasiliteit, plaasstal, kwekery, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, kompostering.

10.2.1 Teikensonerings

Die Raad mag hersonering van 'n gedeelte van 'n grondeenheid wat anders gesoneer is, na landbousone 2 goedkeur, met dien verstande dat die grond deur dié teikensonerings geraak word, duidelik tot bevrediging van die Raad geïdentifiseer moet word op 'n landmetersdiagram of ander plan voorberei deur 'n geskikte gekwalifiseerde persoon.

10.2.2 Grondgebruikbepelings:

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Vloerruimte:**
- (i) 'n Plaaswinkel of plaasstal mag nie 'n vloerruimte van 500m² oorskry nie; met dien verstande dat die Raad hierdie vereiste mag verslap indien die Raad van mening is dat dit as gevolg van die omvang of aard van die produkte wat aangebied word, nodig is;
 - (ii) Die Raad mag addisionele vloerruimtebeperkings stipuleer in ag genome die karakter van die gebied en die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbouwyerheid.
- (b) **Dekking**
Die maksimum dekking vir alle geboue in 'n gebied aangedui as 'n teikensone vir landbousone 2, of 'n grondeenheid gesoneer vir landbousone 2, is 80%.
- (c) **Boulyne**
'n Boulynbeperking van 10m sal rondom landbouwyerhede van toepassing wees.
- (d) **Parkering**
- (i) Minstens 1 parkeerplek per 200m² van die totale vloerruimte moet voorsien word;
 - (ii) Vir die doel van die op- en aflaaie van die vrag van voertuie moet daar minstens twee laaiplekke voorsien word vir elke 50m² of gedeelte daarvan, van die vloerruimte wat vir die landbouwyerheid benut word;
 - (iii) Die Raad mag addisionele parkering- en laaiveistes opleë om voorsiening te maak vir die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbouwyerheid.
- (e) **Hoogte**
Die Raad mag 'n hoogtebeperking na gelang van die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbouwyerheid, bepaal.

10.2.3 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die Raad, en in navolging van 12.6 vir oorweging en goedkeuring, vir alle nuwe ontwikkeling en uitbreidings van bestaande ontwikkeling in hierdie sone, vereis. By die hersonering van grond tot landbousone 2 kan die Raad enige spesiale voorwaardes ten opsigte van toegelate gebruike, parkeer- en laaiveistes, toegang, omheining of estetiese voorskrif sodat die gebruik die minimum moontlike invloed op die omgewing sal hê.

Landbousone 3: Kleinhoewes (L3)
--

Kleurnotasie: Groen met dik geel skuinslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om kleiner landbou-grondeenhede, wat vir landbou aangewend mag word maar ook as woonplekke geokkupeer mag word deur mense wat 'n landelike leefstyl wil navolg, te akkommodeer. Sulke grondeenhede kom dikwels naby stede en dorpe voor en mag binne of buite die erkende stadsrand voorkom.

10.3 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepalkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** landbou.
- (b) **Vergunningsgebruike:** addisionele wooneenheid, bed-en-ontbyt bedryf, toeristefasiliteit, ryskool, kwekery, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, kommersiële troeteldierhokke, kompostering, voedselprosessering, tuisberoep, plaasstal, transmissietoring, dak-basisstasie.

10.3.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Boulyne**
Die boulyne is 10m ten opsigte van alle grense.
- (b) **Parkering**
Parkering en toegange moet op die grondeenheid in ooreenstemming met 13.1, voorsien word.
- (c) **Hoogte**
 - (i) Geen gebou mag 'n hoogte van 2 verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
 - (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak gebou, of 8m in die geval van 'n spitsdak gebou,

bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry.

10.3.2 Minimum onderverdeling-oppervlakte

Geen grondeenheid gesoneer as Landbousone 3, mag:

- (i) kleiner as 2ha wees indien geen onderverdelingsgrootte op die soneringskaart gespesifiseer word nie, of
- (ii) kleiner as die minimum grootte wees nie, indien 'n minimum onderverdelingsgrootte vir 'n grondeenheid in hierdie sone deur die soneringskaart gespesifiseer word.

10.3.3 Terreinontwikkelingsplan

Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan ten opsigte van 'n vergunningsgebruik, in terme van 12.6 tot bevrediging van die Raad vir oorweging en goedkeuring ingedien word.

HOOFSTUK 11: ALTERNATIEWE SONES

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees op grond in die alternatiewe sones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Hierdie hoofstuk handel oor drie sones, genoem *onbepaald*, *spesiaal* en *onderverdelingsgebied*. Die onbepaalde sone stel die Raad in staat om 'n besluit rakende 'n spesifieke grondgebruik en ontwikkelingsbestuurbepalings uit te stel totdat die omstandighede wat die grondeenheid affekteer, noukeurig ondersoek is, of totdat die eienaar van die grond 'n aansoek vir hersonering rig of 'n soneringsbepaling deur die Raad gemaak word;
- (ii) Die *spesiale sone* voorsien die Raad van 'n meganisme waarvolgens spesiale of terreinspesifieke direkte, grondgebruikbepalings en ontwerpbeplanning vir 'n grondeenheid of gebied gevestig kan word. Die spesiale sone kan toegepas word deur die opneem van hierdie spesiale maatreëls in 'n bylae tot hierdie Regulasies, of in terme van 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan;
- (iii) Met toepassing van die *spesiale sone*, moet die Raad die doelwitte van hierdie Regulasies en van enige tersaaklike geïntegreerde ontwikkelingsplan in gedagte hou. Die tegniek kan gebruik word om toepaslike voorstelle met betrekking tot plaaslike of terreinspesifieke vraagpunte te genereer, maar behoort verantwoordelik gebruik te word;
- (iv) Die *onderverdelingsgebied sone* voorsien die Raad van 'n meganisme waar spesiale of unieke faktore die gebruik van verskillende sonerings vir 'n spesifieke terrein regverdig sonder dat 'n nuwe sone in hierdie Regulasies geskep word.

Onbepaalde sone: (OS)

Kleurnotasie: Donkerbruin.

Doel

Die doel met hierdie sone is om die Raad in staat te stel om 'n besluit rakende 'n spesifieke grondgebruik en grondgebruikbepalings uit te stel totdat die omstandighede wat die grondeenheid raak, noukeurig ondersoek is, of totdat die eienaar van die grond 'n aansoek vir hersonering rig of 'n soneringsbepaling deur die Raad gedoen word.

11.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepalings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** geen.
- (b) **Vergunningsgebruike:** geen.

11.1.1 Grondgebruikbepalings

Geen nuwe ontwikkeling sal op enige grondgedeelte in hierdie sone toegelaat word nie, tensy die grond na 'n sone wat sulke nuwe ontwikkeling toelaat, hersoneer word, hetsy as 'n teikensone of die hele grondeenheid.

Spesiale sone: (SS)

Kleurnotasie: Wit met ligblou omboersel.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir omstandighede waar spesiale of unieke faktore die skep van 'n nuwe sone op die soneringskaart vir spesifieke grond regverdig, sonder dat dit die skep van 'n nuwe sone in hierdie Regulasies noodsaak. Daarby skep dié sonering 'n geleentheid om interaksie-georiënteerde beplanningstegnieke

waarvolgens 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die Raad en die aansoeker in belang van volhoubare ontwikkeling moontlik is, in die ontwikkelingsproses in te bring. Dit maak voorsiening vir onvoorsiene of spesiale omstandighede waar dit nie moontlik of wenslik is om die gebruik of aktiwiteit in 'n bestaande gebruiksone te akkommodeer nie, en dit laat ruimte vir innoverende ontwerp, argitektoniese style, gebouforme en terrein-verhoudings. Aangesien dit 'n kern-doelwit van die Regulasies is om duidelikheid en konsekwentheid te verskaf, moet spesiale sones met omsigtigheid gebruik word.

11.2 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** spesiale gebruik.
- (b) **Vergunningsgebruike:** enige gebruik soos deur die Raad gespesifiseer, transmissietoring, dak-basisstasie.

11.2.1 Alternatiewe metodes van ontwikkelingsbestuur

Die Raad mag, ooreenkomstig sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in hierdie sone aanwend:

- (a) Spesiale ontwikkelingsbestuurbepelings mag deur die Raad bepaal word en as 'n aparte spesiale sone beskryf word in 'n bylae tot hierdie Regulasies. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone bylae*;
- (b) Die ontwikkelingsbestuurbepelings mag ook deur die Raad bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone terreinontwikkelingsplan*;
- (c) Die Raad mag beide die spesiale sone bylae metode en die spesiale sone terreinontwikkelingsplan metode kombineer;
- (d) Wanneer 'n grondeenheid as spesiaal gesoneer is, mag spesiale sone bylaes en spesiale sone terreinontwikkelingsplanne deur die Raad aangeneem of gewysig word in terme van 'n staande Raadsbesluit, en word die formele wysiging van hierdie Regulasies nie vereis nie.

Die spesiale sone bylae is geskik vir grond waar:

- (a) die ontwikkelingsbestuurbepelings duidelik bepaal kan word, maar die ontwikkelingsvoorstelle 'n mate van buigsamheid vereis, en
- (b) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grondeenhede of reeks van gebruike sodanig is dat die Raad hierdie metode as die mees geskikste vir die ontwikkeling, beskou.

Die spesiale sone terreinontwikkelingsplan is geskik vir persele waar:

- (a) die grondgebruikbepelings duidelik vasgestel kan word maar die ontwikkelingsvoorstelle buigsamheid vereis, en
- (b) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grondeenhede of reeks van gebruike sodanig is dat, na die Raad se mening, die voorgestelde ontwikkeling nie gereedlik onder 'n bestaande sonering gekategoriseer kan word nie, en spesiale sonering die mees geskikste opsie is.

11.2.2 Grondgebruikbepelings

Die volgende grondgebruikbepelings is van toepassing:

- (a) **Algemeen**
 - (i) Indien spesiale faktore die skep van spesiale grondgebruikbepelings vir grond regverdig, sonder dat die skep van 'n nuwe sone in hierdie Regulasies geregverdig is, mag sulke grond as spesiale sone gesoneer word;
 - (ii) Wanneer die hersonering van 'n grondeenheid na hierdie sone deur die Raad goedgekeur of aanbeveel word, moet die Raad grondgebruikbepelings in ooreenstemming met die prosedure soos in (b) en (c) hieronder uiteengesit, bepaal;
 - (iii) Enige hersonering na spesiale sone sal geag word 'n soneringskema wysiging te wees, behalwe as die voorgestelde voorskrifte van 'n spesifieke hersonering alreeds bestaan met betrekking tot 'n ander spesiale sone soos gereguleer deur hierdie regulasies wat reeds goedgekeur is.
- (b) **Spesiale sone bylaes**
 - (i) Indien die Raad die spesiale sone bylae metode van ontwikkelingsbestuur aanwend, moet die betrokke gebied op die soneringskaart geïdentifiseer word deur middel van 'n aparte nommer, en moet die grondgebruikbepelings vir daardie gebied as 'n aparte spesiale sone in 'n bylae tot hierdie Regulasies ingevoeg word;
 - (ii) Elke spesiale sone, waar die ontwikkelingsbestuurbepelings van dié van 'n ander spesiale sone verskil, moet van 'n aparte nommer voorsien word, en elke nommer met die gepaardgaande ontwikkelingsbestuurbepelings moet as 'n aparte spesiale sone in die bylae tot hierdie Regulasies, omskryf word;
 - (iii) 'n Lys van spesiale sone bylaes geskep in terme van hierdie Regulasies moet in Bylae A wat vir hierdie doel daargestel is, voorsien word.

- (c) **Spesiale sone terreinontwikkelingsplan**
- (i) Waar die Raad die terreinontwikkelingsplan metode van ontwikkelingsbestuur aanwend, sal die voorlê van 'n terreinontwikkelingsplan, in terme van 12.6, vereis word;
 - (ii) Die verwysingsnommer van 'n terreinontwikkelingsplan soos deur die Raad goedgekeur, moet in die register aangeteken word.

Onderverdelingsgebied sone: (OGS)

Kleurnotasie: Wit met rooi omboersel.

Doel

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir omstandighede waar spesiale of unieke faktore die skep van 'n onderverdelingsgebied regverdig en waar interaksie-georiënteerde beplanningstegnieke, waarvolgens 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die Raad en die aansoeker in belang van volhoubare ontwikkeling moontlik is, in die ontwikkelingsproses ingebring kan word. Dit laat ruimte vir innoverende ontwerp, argitektoniese style, gebou vorme en terreinverhoudings. Toekomstige onderverdeling en ontwikkelingsregte word toegestaan onderworpe aan voorwaardes wat 'n detail onderverdelingsaansoek insluit. Hierdie sone bevestig slegs die beginsel van onderverdeling en nie die detail wat bepaal word met die goedkeuring van 'n onderverdelingsaansoek.

11.3 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** alle sonerings soos in hierdie regulasies vervat.
- (b) **Vergunningsgebruik:** soos van toepassing op die onderskeie soneringskategorieë.

11.3.1 Alternatiewe metodes van ontwikkelingsbestuur

Die Raad mag, ooreenkomstig sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in hierdie sone aanwend:

- (i) Spesiale ontwikkelingsbestuurbehalings mag deur die Raad bepaal word en as 'n aparte spesiale sone beskryf word in 'n bylae tot hierdie Regulasies. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone bylae*;
- (ii) Die ontwikkelingsbestuurbehalings mag ook deur die Raad bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone terreinontwikkelingsplan*;
- (iii) Die sonering van die grondeenheid as 'n Onderverdelingsgebied sal die eienaar nie vrystel van die voldoening aan die voorskrifte van relevante beplanningwetgewing wat die onderverdeling van grond beheer;
- (iv) Die digtheidsvereistes en ander voorwaardes soos opgelê met die goedkeuring van die hersonering na Onderverdelingsgebied sal van toepassing wees;
- (v) Sulke voorwaardes mag insluit, maar is nie beperk daartoe nie, vereistes vir 'n ontwikkelingsraamwerk, omgewings bestuursplanne, verkeersimpak bepalings, landskapering meesterplanne, buurtplanne of terrein ontwikkelingsplanne;
- (vi) Met die bekragtiging van die onderverdeling van grond wat as 'n Onderverdelingsgebied gesoneer is, sal die voorwaardes soos deur die Raad goedgekeur as deel van die onderverdelingsgoedkeuring geag word as 'n vervangingskema.

HOOFSTUK 12: Algemene bepalings soos op alle sones van toepassing

12.1 BOULYNE

12.1.1 Oorskryding van boulyne

Die volgende bykomende grondgebruikbehalings geld met betrekking tot oorskryding van boulyne:

- (a) Nieteenstaande die boulynregulasies soos in klausule 7 uiteengesit, mag die volgende strukture of gedeeltes van strukture binne die voorgeskrewe boulyne opgerig word:
 - (i) grensmure en grensheinings;
 - (ii) oop en onbedekte stoepe;
 - (iii) ingangstreëttjies, traplandings en ingangsportale;
 - (iv) dakoorhange wat nie meer as 0,75m van die muur van die gebou uitsteek nie;
 - (v) kroonlyste, skoorsteenborste, blombakke, waterpype, dreineringspype en kleiner versieringselemente wat nie meer as 500mm van die muur van die gebou uitsteek nie;
 - (vi) afskermingsmure wat nie 1,8m in hoogte bokant die natuurlike grondvlak oorskry nie, met dien verstande dat geen afskortingsmuur oor die straatboulyn, sonder goedkeuring van die Raad, opgerig mag word nie;
 - (vii) swembaddens, nie nader as 1m van enige grens nie;

- (viii) droogwerwe, met dien verstande dat geen droogwerf oor die straatboulyn, sonder goedkeuring van die Raad, opgerig mag word nie, en
 - (ix) 'n kelder, met dien verstande dat die kelderplafon nie bokant die afgewerkte grondvlak mag uitsteek nie.
- (b) Die Raad mag instem tot die oprigting van 'n buitegebou of addisionele/ tweede wooneenheid wat binne die sy- of agtergrensboulyn oorskry.
- (c) Wanneer 'n buitegebou, addisionele/ tweede wooneenheid of gebou binne 'n sy- of agtergrensboulyn toegelaat word, sal die volgende voorwaardes van toepassing wees:
- (i) geen gebou mag 'n hoogte van 1 verdieping oorskry nie;
 - (ii) geen deur of venster mag in enige muur wat nader as 1m aan die betrokke sy- of agtergrensboulyn is, toegelaat word nie en strukture moet aan die veiligheidsafstand soos in die Nasionale Bouregulasies bepaal, voldoen;
 - (iii) 'n toegangsweg, ander dan deur 'n gebou en ten minste 1m wyd, moet van 'n openbare straat na elke vakante gedeelte van die betrokke grondeenheid, ander dan 'n binnehof, voorsien word, en
 - (iv) geen afloop van reënwater van die dak mag op enige aanliggende grondeenheid gestort word nie.
- (d) In omstandighede waar daar 'n nul sy- of agtergrensboulyn geld, sal die volgende bepalings van toepassing wees:
- (i) geen deur of venster mag in enige muur wat nader as 1m aan die betrokke sy- of agtergrensboulyn, opgerig is, toegelaat word nie en strukture moet aan die veiligheidsafstand soos deur die Nasionale Bouregulasies bepaal, voldoen, en
 - (ii) geen afloop van reënwater van die dak mag direk op enige aanliggende grondeenheid gestort word nie.
- (e) Die Raad mag instem tot die verslapping van die straatboulyn onder die volgende omstandighede:
- (i) in die geval van 'n motorhuis of afdak onderworpe aan 13.1.2;
 - (ii) indien, volgens die mening van die Raad, die argitektoniese effek van die boulynverslapping die voorkoms van 'n openbare straat sal verbeter, of
 - (iii) indien, na die mening van die Raad, daar ander spesiale omstandighede is, soos die topografie van die terrei

12.1.2 Motorhuise en motorafdakke binne boulyne

Die volgende bykomende grondgebruikbepalings geld met betrekking tot motorhuise en motorafdakke binne boulyne:

- (a) Die Raad mag instem tot die oprigting van 'n motorhuis in die straatboulyn indien, volgens die mening van die Raad, die motorhuis nie redelikerwys op die voorgeskrewe afstand, as gevolg van die helling van die grondeenheid, of vir ander redes, geplaas kan word nie, met dien verstande dat die hoogte van sodanige motorhuis nie 'n hoogte van 4m, van die afgewerkte vloervlak tot die punt van die dak, sal oorskry nie;
- (b) 'n Motorafdak mag op die erfrens opgerig word, met dien verstande dat:
- (i) die wydte van sodanige motorafdak, gemeet van rand tot rand van die dak en geut en parallel tot die erfrens, nie 6,5m mag oorskry nie;
 - (ii) die dak van die motorafdak deur yster- of houtstutte of steen-, konkreet of sementpilare ondersteun word;
 - (iii) die motorafdak nie op enige kant toegemaak mag word nie, behalwe met:
 - 'n grensmuur of grensheining;
 - 'n muur wat 'n buitemuur van 'n gebou uitmaak, of
 - 'n ander muur of heining wat nie 1,25m in hoogte oorskry nie;
 - (iv) die hoogte van sodanige motorafdak van die vloer tot die hoogste punt van die afdak se dak, nie 3m sal oorskry nie, en
 - (v) die rande van die dakplate netjies afgerond moet word met fassiebord wat nie minder as 150mm in diepte is nie.

12.1.3 Terugsetlyne

Die gedeeltes van 'n grondeenheid wat binne die terugsetgebied val, moet uitgesluit word vir die doeleindes van bepaling van dekking en die maksimum vloerruimte op die grondeenheid.

12.2 BUITENSHUISE STOOR EN MOBIELE WONINGS

12.2.1 Buitenshuise stoor en plasing van voertuie

Die volgende grondgebruikbepalings is in alle sones van toepassing met betrekking tot buitenshuise stoor en plasing van voertuie in die residensiële sones:

- (a) Motorvoertuie wat deur die okkupeerders van 'n wooneenheid besit word en vir besigheidsaktiwiteite wat weg van die wooneenheid beoefen word, gebruik word, mag op die betrokke grondeenheid geparkeer word, met dien verstande dat:

- (i) nie meer as een besigheidsvoertuig per wooneenheid op daardie grondeenheid geparkeer mag word nie, en
- (ii) die bruto gewig van enige sodanige besigheidsvoertuig nie 10 000 kg sal oorskry nie;
- (b) 'n Ontspanningsvoertuig soos 'n karavaan, mag nie vir meer as 60 dae in 'n 12-maande periode vir bewoning deur die okkupeerder of gaste, wat die okkupeerder van die grondeenheid besoek, gebruik word nie;
- (c) Geen gebied sigbaar vanaf 'n openbare straat mag vir die buitenshuise stoor van onpadwaardige voertuie, gebruik word nie;
- (d) Geen gebied sigbaar vanaf 'n openbare straat mag vir die buitenshuise stoor van boumateriaal, toerusting of soortgelyke items gebruik word nie, behalwe:
 - (i) wanneer dit tydelik gestoor vir die doeleindes van konstruksie in ooreenstemming met 'n goedgekeurde bouplan, of
 - (ii) waar dit in verband staan met 'n werf- of garage-verkoping met 'n tydsduur van nie meer as twee opeenvolgende dae nie.

12.2.2 Mobiele wonings

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees ten opsigte van mobiele wonings:

- (a) Mobiele wonings wat in 'n park vir mobiele wonings geplaas word, is onderworpe aan enige munisipale verordening insake mobiele wonings;
- (b) Die Raad mag kategorieë van mobiele wonings wat op 'n grondeenheid gesoneer vir gemeenskapdoeleindes, geplaas mag word, spesifiseer;
- (c) Mobiele wonings wat aan die spesifikasies, soos deur die Raad goedgekeur in terme van (b) hierbo, voldoen, sal onderworpe wees aan die volgende vereistes:
 - (i) die mobiele woning moet op 'n fondasieplatform geplaas en geanker word, tot bevrediging van die Raad;
 - (ii) soliede omranding van materiaal in 'n kleur wat die mobiele woning komplementeer, moet reg rondom, van die onderkant van die mobiele woning tot die grondvlak, aangebring word;
 - (iii) die dak en buitese van die mobiele woning moet van 'n nie-reflekerende materiaal wees, en
 - (iv) enige strukturele byvoegings moet van materiale wees wat, na die mening van die Raad, met die mobiele woning versoenbaar is.

12.3 TEKENS EN BUITENSHUISE ADVERTENSIES

Algemene beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees met betrekking tot tekens en buitenshuise advertering, tensy die beleid en beginsels vervang word of teenstrydig is met verordeninge of beleid wat in dié verband deur die Raad aanvaar is:

- (i) Die omgewingsimpak van buitenshuise advertering kan beheer en bestuur word om die visuele kwaliteit van die landskap en dorpskap te bewaar, en vir padveiligheidsoorwegings;
- (ii) Die visuele impak van buitenshuise advertering verskil na gelang van die tipe omgewing en die tipe advertering. Sommige gebiede is hoogs sensitief terwyl ander nie juis besonder sensitief is nie en buitenshuise advertering met beperkte negatiewe effekte kan akkommodeer;
- (iii) In die algemeen is natuurlike en landelike gebiede hoogs sensitief vir negatiewe visuele impakte van buitenshuise advertering. Stedelike gebiede, wat hoofsaaklik uit die beboude omgewing bestaan, mag gebiede van hoë sensitiwiteit, soos stedelike bewaringsgebiede en uitsigroetes, gebiede met 'n mate van sensitiwiteit, soos die meeste residensiële woonbuurte, en gebiede van minder sensitiwiteit, soos sakekerne en nywerheidsgebiede, insluit;
- (iv) Die Raad kan buitenshuise advertering, op 'n manier wat onderskei tussen omgewingskwaliteit en die sensitiwiteit van verskillende dele van die munisipale gebied, reguleer. Die algemene benadering behoort te wees om die mees sensitiewe gebiede die strengste te reguleer en minder sensitiewe gebiede minder streng. Die potensiaal vir buitenshuise advertering behoort bepaal te word deur die gebied van beheer te koppel met die landskapstipe en die tipe advertensieteken.

12.3.1 Doel

Die doel is om minimum bepalinge vir die regulering van groot advertensies en tekens, wat van enige openbare straat in natuurlike, landelike en stedelike gebiede, sigbaar is, daar te stel en sluit alle tipes van advertensieborde en toringstrukture, wat hoofsaaklik vir adverteringsdoeleindes bedoel is, in. Daarby word voorsiening vir die Raad gemaak om verskillende beheergebiede waar die graad van beheer deur die sensitiwiteit van die omgewing, bepaal word, in te stel.

12.3.2 Aansoek om 'n nuwe teken te vertoon of 'n bestaande teken te verander

Die volgende bepalinge sal van toepassing wees:

- (a) Nieteenstaande die bepalings van die Vervoerwet en die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, mag geen persoon 'n nuwe teken vertoon of 'n bestaande teken verander, wat van 'n openbare straat sigbaar is en wat gelyk is aan of groter is as 4,5m² in oppervlakte, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad nie;
- (b) Met die toestaan van sy goedkeuring mag die Raad voorwaardes op lê wat verband hou met die volgende, maar nie daartoe beperk is nie:
- (i) die vorm, grootte en hoogte van die teken;
 - (ii) kleur en tekstuur van die teken;
 - (iii) die ligging en oriëntasie van die teken in verhouding tot die pad;
 - (iv) beligting en animasie van die teken;
 - (v) padveiligheidsoorwegings;
 - (vi) die ontwerp en konstruksie van die teken, en
 - (vii) algemene instandhouding van die teken;
- (c) Die Raad mag versoek dat 'n omgewingsimpakanalise (soos voorgeskryf deur die NEMA wetgewing) deur die aansoeker uitgevoer word en moet so 'n impakanalise vereis met betrekking tot 'n aansoek om 'n groot advertensiebord of enige teken met 'n oppervlakte groter as 36m², te vertoon, wat die volgende kan insluit, maar nie daartoe beperk is nie:
- (i) 'n visuele impakanalise, en
 - (ii) 'n verkeersveiligheidsanalise;
- (d) Met die toestaan van sy goedkeuring mag die Raad die tydperk vir vertoon van die teken, beperk tot nie langer nie as 5 jaar, waarna 'n nuwe aansoek ingedien moet word.

12.3.3 Verklaring van gebiede van beheer

Die Raad mag die gebiede van beheer van tekens en buitenshuise advertering, verklaar en behoort gelei te word deur die beginsels en riglyne vervat in die Suid-Afrikaanse Handboek vir Buitenshuise Adverteringsbeheer met betrekking tot die afbakening en bestuur van sulke gebiede.

- (a) **Gebiede van maksimum beheer**
- (i) In gebiede van maksimum beheer moet die Raad alle buitenshuise advertering streng beheer sodat sodanige advertering nie inbreuk maak op, oorheersend is oor of op enige manier afbreuk doen aan die karakter of kwaliteit van die omgewing nie;
 - (ii) Die Raad mag die tipe tekens aandui wat toegelaat word, wat uitgesluit word of wat verdere goedkeuring in gebiede van maksimum beheer vereis;
 - (iii) Alle natuur- en landelike areas sal beskou word as gebiede van maksimum beheer te wees;
 - (iv) Die volgende stedelike gebiede word beskou om gebiede van maksimum beheer te wees:
 - openbare oopruimtes;
 - stedelike bewaringsgebiede;
 - uitsigroetes en uitsigte vanaf belangrike uitkykpunte, en
 - gebiede van historiese of argitektoniese belang,
 met dien verstande dat die verantwoordelike padowerheid, ná 'n impakanalise, gebiede langs hoofpaaie mag identifiseer waar 'n verslapping toegelaat mag word, in welke geval hierdie gebiede aangedui behoort te word as gebiede van gedeeltelike beheer.
- (b) **Gebiede van gedeeltelike beheer**
- (i) In gebiede van gedeeltelike beheer sal die Raad advertensietekens reguleer om integrasie tussen advertensietekens en omliggende grondgebruike te bewerkstellig, terwyl erkenning verleen word vir groter vryheid met betrekking tot die grootte, getal en posisie van sulke tekens;
 - (ii) Die Raad mag die tipe tekens aandui wat toegelaat word, uitgesluit word of verdere goedkeuring in gebiede van gedeeltelike beheer vereis;
 - (iii) Die volgende gebiede word geag gebiede van gedeeltelike beheer te wees:
 - hoëdigtheid gemengde-gebruik gebiede, insluitend hoëdigtheid residensiële gebiede;
 - mediumdigtheid residensiële gebiede in oorgang tot kantoor- en kommersiële gebuie;
 - plaaslike woonbuurtsentrums, voorstedelike winkelsentrums en kantoorparke;
 - lintontwikkeling langs hoofstrate;
 - opvoedkundige inrigtings, sportvelde en gekommersialiseerde pleine, en
 - owerheidsgebruike en gemeenskapsgeriewe.
- (c) **Gebiede van minimum beheer**
- (i) In gebiede van minimum beheer sal die Raad advertensietekens op 'n wyse reguleer wat in die algemeen tekens sal toelaat behalwe vir hoë-impak advertensietekens;

- (ii) Die Raad mag voorwaardes, wat verband hou met hoë-impak advertensietekens, oplê, insluitend, sonder om daartoe beperk te wees, die vorm, grootte en hoogte van die teken, kleur en tekstuur, die ligging en oriëntasie van die teken in verhouding tot die pad, beligting en animasie, padveiligheidsoorwegings, die ontwerp en konstruksie van die teken en algemene onderhoud van die teken;
- (iii) Die volgende word as gebiede van minimum beheer geag:
 - sakekerne, kommersiële winkelsentrums en kantoorbuurte;
 - nywerheidsgebiede en nywerheidsparke, en
 - prominente openbare vervoernodusse soos spoorwegstasies, groot busstasies en taxi staanplekke, lughawens en hawens,
 met dien verstande dat gebiede van historiese, kulturele en argitektoniese waarde, uitgesluit sal word van gebiede van minimum beheer.

Gebiede van beheer moet op 'n plan aangedui word en die plan en die gepaardgaande verordening of beleidsdokument moet in die Bylaes tot hierdie Regulasies gelys word.

12.4 OPENBARE STEURNIS EN GERAAS

Niemand mag 'n openbare steurnis in die munisipale gebied veroorsaak nie.

Die munisipale bestuurder moet, indien tevrede is dat 'n openbare steurnis binne die munisipale gebied bestaan:

- (a) op die verantwoordelike persoon van sodanige steurnis; of
- (b) indien sodanige outeur nie gevind kan word nie, op die okkupeerder van die grondeenheid waarop die steurnis bestaan; of
- (c) indien daar geen sodanige outeur is nie of die outeur nie gevind kan word nie, op die eienaar van die betrokke grondeenheid,

'n bevel dien wat van die outeur, okkupeerder of eienaar, welke geval dit ook al mag wees, vereis om die oorsaak van sodanige steurnis tot bevrediging van die munisipale bestuurder, binne 'n redelike tyd soos in sodanige kennisgewing gespesifiseer, te verwyder.

Indien enige persoon op wie 'n bevel in terme van die voorafgaande subparagraaf gedien is, versuim om daaraan te voldoen, of indien die outeur van die betrokke steurnis en die eienaar en die okkupeerder van die grondeenheid waarop sodanige steurnis bestaan, nie bekend is nie of nie gevind kan word nie, mag die munisipale bestuurder sonder meer, alle maatreëls wat hy of sy nodig of wenslik ag vir die verwydering van sodanige steurnis, neem of laat neem, en sal enige uitgawe in daardie verband aangegaan deur die Raad, verhaalbaar wees:

- (a) van die outeur van sodanige steurnis, of
- (b) indien die outeur nie gevind kan word nie, van die okkupeerder van die grondeenheid waarop die steurnis bestaan het, of
- (c) indien daar geen sodanige okkupeerder is nie of sodanige okkupeerder nie gevind kan word nie, van die eienaar van die betrokke grondeenheid.

Die munisipale bestuurder mag versoek dat 'n geraasimpakmeting deur 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon uitgevoer word en indien die resultate van sodanige impakmeting daarop dui dat die Geraasbeheer Regulasies, afgekondig onder NEMA, oortree word, sal die uitgawe aangegaan in verband daarmee, verhaalbaar wees soos hierbo aangedui.

Enige persoon wat versuim om aan 'n bevel wat op so 'n persoon in terme van hierdie paragraaf gedien is of aan enige voorwaarde deur die munisipale bestuurder opgelê in die uitvoering van sy of haar bevoegdhede of die nakoming van sy of haar pligte daaronder, te voldoen, sal skuldig wees aan 'n misdryf.

12.5 DIERE

Benewens die bepalings van enige verordeninge of beleidsbesluite van die Raad met betrekking tot die aanhou van diere, insluitend pluimvee, wat mag bestaan, sal die volgende addisionele bepalings in die residensiële sones van toepassing wees, en ingeval enige bepaling hierin vervat teenstrydig is met die bepalings van voormelde verordeninge of beleidsbesluite, sal die bepalings van sodanige verordeninge of besluite geld:

- (a) Geen diere mag vir sakedoeleindes op 'n grondeenheid in die residensiële sones aangehou word nie;
- (b) Perde en donkies mag met die vooraf-verkreë toestemming van die Raad, vir die persoonlike gebruik van die eienaar of bewoner van 'n eiendom en sy afhanklikes, aangehou word, met dien verstande dat:
 - (i) geen perde of donkies op 'n grondeenheid kleiner as 8000m² in omvang, aangehou mag word nie, tensy die Raad tevrede is dat spesiale faktore soos die beskikbaarheid van geskikte grond in die omgewing vir weiding en oefening, of armoede van die betrokke persoon, bestaan;
 - (ii) 'n aansoek vir 'n jaarlikse permit om perde of donkies aan te hou, deur die aansoeker ingedien moet word en deur die Raad goedgekeur of geweier mag word, en sodanige permit nie hernu sal word as die aansoeker aanleiding gegee het tot regverdigbare en substansiële klagtes van bure of inwoners wat in die gebied woon en wat in verband staan met die aanhou van perde of donkies, nie;
 - (iii) die aansoeker planne van stalle vir die vooraf-goedkeuring van die Raad moet indien en die stalle ooreenkomstig die vereistes van die Raad moet oprig, en

- (iv) stalle behoorlik in stand gehou moet word en mis tot bevrediging van die Raad hanteer moet word, sodanig dat dit nie enige openbare oorlas veroorsaak nie.
- (c) Pluimvee, hase en ander klein diertjies mag vir huishoudelike, nie-sakegebruik in residensiële gebiede aangehou word, onderworpe aan enige munisipale verordening wat in verband staan met die aanhou van pluimvee en ander diere;
- (d) Geen persoon mag op enige grondeenheid in die residensiële sones, sonder die goedkeuring van die Raad, beeste, skape, bokke, varke, voëls, inheemse soogdiere of wilde diere aanhou nie, niestandaarde of sodanige diere vir sake- of huishoudelike doeleindes aangehou word.

12.6 TERREINONTWIKKELINGSPLANNE

Die volgende bepaling sal ten opsigte van terreinontwikkelingsplanne van toepassing wees:

- (a) 'n Terreinontwikkelingsplan moet die inligting gespesifiseer in die definisie van "terreinontwikkelingsplan" bevat, tensy die Raad toestem om sekere vereistes te laat vaar;
- (b) Indien dit deur die Raad nodig geag word of deur 'n bevoegde provinsiale owerheid verlang word, moet die voorlê van 'n terreinontwikkelingsplan deur 'n verkeersimpakbepaling of 'n verkeersimpakstelling, of ander addisionele inligting wat nodig beskou word, vergesel word;
- (c) Die Raad mag 'n terreinontwikkelingsplan wat vir goedkeuring aan hom voorgelê is, goedkeur of wysigings daarvan vereis voordat dit goedgekeur word, of mag dit weier;
- (d) In omstandighede waar 'n terreinontwikkelingsplan in terme van hierdie Regulasies verlang word, sal geen aansoek vir die onderverdeling van grond, of vir bouplan-goedkeuring in terme van die Nasionale Bouwet, deur die Raad goedgekeur word nie, tensy 'n terreinontwikkelingsplan eers goedgekeur is;
- (e) Die grond moet in ooreenstemming met die terreinontwikkelingsplan, soos deur die Raad goedgekeur en tot bevrediging van die Raad, ontwikkel word;
- (f) Aansoek mag by die Raad gedoen word vir wysiging van 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan;
- (g) Die Raad moet 'n aansoek om 'n terreinontwikkelingsplan goed te keur of 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan, in ooreenstemming met sy beleid met betrekking tot deursigtigheid, publieke deelname en administrasie van sodanige aansoeke, prosesseer;
- (h) Wanneer 'n terreinontwikkelingsplan of wysiging van 'n terreinontwikkelingsplan goedgekeur word, mag die Raad voorwaardes van goedkeuring oplê.

12.7 VOORGESTELDE NUWE STRATE, STRAATVERBREIDING EN STRAAT-SLUITING

Die Raad mag op sy soneringskaart aandui:

- (a) nuwe openbare strate wat hy beoog om te maak;
- (b) openbare strate wat hy beoog om wyer te maak, en
- (c) openbare strate wat hy beoog om te sluit.

Sodanige aanduidings is bedoel vir die inligting van die publiek en om die Raad te help om die Raad se algemene beplannings- en ontwikkelingsbeginsels te verwesenlik. Die sonering van die grond ter sprake verander nie totdat die nuwe openbare straat, straatverbreding of straatsluiting, in terme van relevante wetgewing goedgekeur is nie en enige verdere wetlike prosedures wat met hersonering verband hou, nagekom is.

HOOFSTUK 13: Parkering, laai en infrastruktuur

Algemene beleidstelling

Die benadering wat gevolg is in terme van die Padtoegang Riglyne (PAWK), is dat van-die-straataf parkering verkies word om sodoende operasionele en veiligheidseffektiwiteit op ringpaaie te maksimaliseer. Daarby moet van-die-straataf parkering voorsien en op 'n wyse uitgelê word, wat maklike toegang moontlik maak en opdamming in die straatsisteem vermy. Erkenning word egter wel gegee daaraan dat straatparkering in baie gevalle wenslik is, hoewel dit padkapasiteit en padveiligheid verminder en 'n besondere risiko vir voetgangers, in besonder kinders, wat tussen geparkeerde voertuie te voorskyn kom, inhou.

13.1 PARKERING, LAAI EN TOEGANG

Die volgende parkeervereistes sal op alle sones, behalwe residensiële sone 4 (inkrementele behuising), van toepassing wees:

13.1.1 Van-die-straataf parkeervereistes

In gevalle waar parkeervereistes nie vir 'n bepaalde gebruik of in terme van 'n spesifieke voorwaarde opgelê deur die Raad, gestipuleer word nie, moet parkering in ooreenstemming met die aangehegte Tabel B "Van-die-straataf parkeervereistes", voorsien word. Die Raad mag van-die-straataf parkeervereistes vir grondgebruike wat nie in Tabel B gestipuleer is nie,

bepaal. Die kolom in Tabel B onder die opskrif “Normale Gebiede”, verwys na standaardvereistes wat op gebiede waar openbare vervoer nie spesifiek bevorder word nie, van toepassing is.

13.1.2 Alternatiewe parkeervereistes

As ‘n alternatief tot voldoening aan die van-die-straataf parkeervereistes waarna in 13.1.1 hierbo verwys word, mag die eienaar, met die goedkeuring van die Raad:

- (a) die voorgeskrewe gedeelte grond vir die benodigde parkeerfasiliteite op ‘n ander plek, deur die Raad goedgekeur, aanskaf mits die voorgeskrewe grond binne eenhonderd meter (100m) vanaf die naaste punt van sodanige grond is;
- (b) ‘n notariële akte teen sodanige grond registreer tot die effek dat die Raad en die publiek toegang daartoe sal hê vir die doel van parkering, en die eienaar daartoe verbind sal wees om sodanige grond tot bevrediging van die Raad gelyk te maak, af te werk en in stand te hou, en die registrasiekoste van die notariële akte sal deur die eienaar gedra word. Hierdie voorwaardes mag slegs gewysig word met spesiale goedkeuring deur Munisipaliteit Swartland. Of anders
- (c) as ‘n alternatief kan die eienaar met die toestemming van die raad ‘n kontantbedrag aan die raad betaal wat gelyk is aan die beraamde markwaarde per m² van die grond waarop die gebou opgerig is, vermenigvuldig met die oppervlakte in m² van die grond wat verskaf moet word, en in so ‘n geval is die raad self verantwoordelik daarvoor om die nodige grond vir sodanige parkeerdoeleindes aan te skaf wanneer en waar dit vir hom geleë is.

TABEL B: VAN-DIE-STRAATAF PARKERINGVEREISTES

GRONDGEBRUIK	NORMALE GEBIEDE
WOONHUIS	2 PLEKKE PER EENHEID
DUBBELE WOONEENHEID	2 PLEKKE PER EENHEID
GROEPENHEID	1.75 PLEKKE PER EENHEID 0.25 PLEKKE PER EENHEID VIR BESOEKERS
WOONSTELLE	1.25 PLEKKE PER EENHEID 0.25 PLEKKE PER EENHEID VIR BESOEKERS
ADDISIONELE EENHEID	1 ADDISIONELE PLEK
LOSIESHUIS, GASTEHUIS	3 PLEKKE PER 4 SLAAP-KAMERS
HOTEL	1 PLEK PER SLAAPKAMER PLUS 20 PLEKKE
TEHUIS VIR BEJAARDES	1 PLEK PER 2 SLAAPKAMERS
HOSPITAAL (ALGEMEEN & PRIVAAT)	1 PLEK PER BED
KLINIEK/ MEDIESE SPREEKKAMERS	4 PLEKKE PER SPREEKKAMER
BEGRAFNISONDERNEMING	1 PLEK PER 4 SITPLEKKE
ENKEL WINKEL	4 PLEKKE PER 100M ² BVG
WINKELSENTRUM	6 PLEKKE PER 100M ² BVG
KANTORE	4 PLEKKE PER 100M ² BVG
NYWERHEID	2 PLEKKE PER 100M ² BVG
NYWERHEIDSKORF	4 PLEKKE PER 100M ² BVG
DIENSSTASIE	4 PER HERSTELPLEK MINIMUM VAN 8 PLEKKE PLUS 4 PLEKKE PER 100M ² BVG
PLEKKE VAN SAMEKOMS / AANBIDDING / VERMAAK	1 PLEK PER 4 SITPLEKKE
SKOLE	1 PLEK PER KLASKAMER / KANTOOR PLUS 1 BUSPLEK PER 20 STUDENTE
PLEKKE VAN ONDERRIG (ANDER DAN SKOLE)	1 PLEK PER KLASKAMER / KANTOOR PLUS 1 PER 6 STUDENTE
RESTAURANT	1 PER 25M ² BVG
ONTSPANNING, SPORT	1 PLEK PER 8 SITPLEKKE
KONFERENSIE SENTRUMS	8 PLEKKE PER 10 SITPLEKKE

BVG BETEKEN BRUTO VERHUURBARE GEBIED

13.1.3 Addisionele parkeer- en terreintoegang vereistes

Die volgende addisionele parkeer- en terreintoegangvereistes sal op alle sones, behalwe residensiële sone 4, sakesone 3 en sakesone 4, van toepassing wees:

- (a) Voertuigtoegang- en uitgang sal beperk wees tot een gekombineerde in- en uitgang per terrein per openbare straat of pad aanliggend tot die terrein;
- (b) Nieteenstaande (a) hierbo, waar die totale lengte van enige straatgrens van 'n terrein 30m in lengte oorskry, mag een addisionele in- en uitgang toegelaat word, met dien verstande dat geen twee in- en uitgange of gekombineerde ingang en uitgang, nader as 15m aan mekaar is nie;
- (c) Geen voertuigtoegang- of uitgang mag 4m in wydte, waar dit die straatgrens kruis, oorskry nie en geen gekombineerde in- en uitgang mag 8m in wydte oorskry, waar dit die straatgrens kruis nie;
- (d) Indien die hoek by 'n straatkruising nie afgeskuins is nie, mag voertuig in- en uitgange nie nader as 10m van sodanige hoek wees nie;
- (e) Indien die hoek by 'n straatkruising wel afgeskuins is, mag voertuig in- en uitgange nie nader wees nie as 10m van sodanige hoek of 5m, gemeet van die punt waar die afskuinsing die straatgrens bereik, watter een ook al die groter afstand van die hoek is;
- (f) Parkeergebiede moet gebruik word vir die parkering van voertuie wat wettiglik daarop toegelaat word, en enige aktiwiteit wat 'n obstruksie veroorsaak vir voertuigverkeer, of vir voetgangers wat die sypaadjies gebruik, word verbied;
- (g) Parkeergebiede moet tot die bevrediging van die Raad gebou word;
- (h) Nieteenstaande voorwaardes (a) tot (g), mag die Raad meer beperkende vereistes oplê in verband met parkering en terreintoegang indien dit van 'n voetganger- of verkeersveiligheidsoopunt, nodig geag word.

13.1.4 Parkeer-uitlegplan

'n Parkeer-uitlegplan:

- (a) moet aan die Raad voorgelê word vir alle parkeergebiede groter as 6 parkeerplekke of, indien deur die Raad versoek, vir 'n kleiner getal parkeerplekke;
- (b) moet die wyse van hoe dit bedoel word dat voertuie moet parkeer, en die wyse van toegang en uitgang en landskaperingsvoorstelle aandui; en
- (c) kan deur die Raad goed of afgekeur word, en die Raad mag voorwaardes van goedkeuring oplê.

13.1.5 Motorfietse en fietsruimtes

- (a) Die Raad mag vereis dat parkering vir motorfietse en fietse voorsien word;
- (b) Vir elke 4 motorfiets- of 6 fietsparkeerplekke wat voorsien word, mag 'n krediet van een parkeerplek toegestaan word met betrekking tot die parkeervereistes wat voorsien moet word, met dien verstande dat:
 - (i) die totale krediet nie 2,5% van die parkeerplekke benodig, sal oorskry nie;
 - (ii) die minimum afmetings vir 'n motorfietsruimte 2,2m in lengte en 1m in wydte sal wees;
 - (iii) die minimum afmetings vir 'n fietsruimte 2m in lengte en 0,6m in wydte, sal wees, en
 - (iv) toupale en rakke of ander apparate vir stoor en beskerming van fietse en motorfietse, tot bevrediging van die Raad geïnstalleer moet word.

13.1.6 Parkering vir fisies gestremdes

Parkering moet voorsien word om maklike en gerieflike toegang vir fisies gestremde persone tot dienste en geriewe wat normaalweg vir die publiek oop is, te verseker en dus sal die volgende vereistes in sodanige gevalle geld:

- (i) Die Raad mag vereis dat ten minste een parkeerplek per grondeenheid geskik is vir 'n fisies gestremde persoon om dit te gebruik;
- (ii) In enige parkeerfasiliteit vir gebruik deur die publiek, moet parkering vir fisies gestremde persone soos volg gereserveer word:

PARKERING TOEGANKLIK VIR FISIES GESTREMDES

TOTALE GETAL VAN PARKEERPLEKKE	VERLANGTE GETAL VAN PARKEERPLEKKE TOEGANKLIK VIR DIE FISIES GESTREMDES
1-50	1
51-100	2
101-150	3
151-200	4
VIR ELKE ADDISIONELE 100 PLEKKE	1 ADDISIONELE PARKEERPLEK

- (iii) Parkeerplekke vir die fisies gestremde persone moet 'n minimum van 2,5m in wydte en 5,5m in lengte wees;
- (iv) Parkeerplekke vir fisies gestremde persone moet met 'n aanliggende toegangspaadjie, wat 'n minimum van 1,5m in wydte moet wees, voorsien word, en toegangspaadjies mag tussen twee aanliggende parkeerplekke vir fisies gestremde persone gedeel word;
- (v) Parkering vir fisies gestremde persone en toegangspaadjies moet op gelyke vlak wees;
- (vi) Parkeerplekke vir fisies gestremde persone moet so naby as moontlik aan toeganklike gebou- of terreiningange voorsien word en moet so geplaas word ten einde gerieflike toegang tot oorry-randstene te verseker;

- (vii) Elke parkeerplek gereserveer vir fisies gestremde persone, moet op die parkeeroppervlakte met die Internasionale Teken van Toeganklikheid gemerk word;
- (viii) Addisionele inligtingstekens wat die parkeerplekke as gereserveer vir die uitsluitlike gebruik deur fisies gestremde persone, aandui, mag deur die Raad vereis word, insluitend 'n teken wat bestuurders van voertuie bewus maak dat die ongemagtigde gebruik van so 'n parkeerplek, die wegsleep van die voertuig tot gevolg kan hê en wat inligting bevat met betrekking tot die terugkry van die voertuig;
- (ix) Waar 5 of minder parkeerplekke voorsien word, moet ten minste een parkeerplek voorsien word in die vorm dat dit 4m in wydte is en gemerk is om 'n parkeerplek van 2,5m met 'n toegangspaadjie van 1,5m te voorsien, maar die parkeerplek hoef nie eksklusief vir fisies gestremde persone alleenlik gereserveer te word nie;
- (x) Parkering vir fisies gestremdes, voorsien in terme van hierdie paragraaf, moet in berekening gebring word ten opsigte van van-die-straataf parkeervereistes.

13.1.7 Gekombineerde parkeervereistes

Die volgende bepalings vir gekombineerde parkering sal van toepassing wees:

- (a) Waar twee of meer grondgebruike 'n gemeenskaplike parkeergebied deel, kan die Raad die getal parkeerplekke wat vir die onderskeie gebruike vereis word, verminder, met dien verstande dat die Raad tevrede is dat die gebruik van die parkeergebied vir verskillende aktiwiteite, nie gelyktydig plaasvind nie;
- (b) Gemeenskaplike parkeerplekke mag nie agterna aan selektiewe gebruike, sonder die toestemming van die Raad, hertoegewys word nie.

13.1.8 Laai- en aflaai-fasiliteite

Die volgende bepalings vir laai- en aflaai-fasiliteite sal van toepassing wees:

- (a) Die Raad mag vir die doel van voorkoming van die obstruksie van verkeer op enige openbare straat aanliggend tot 'n grondeenheid, van die eienaar vereis om voorstelle, tot die bevrediging van die Raad, voor te lê vir die beskikbaarstelling van geskikte en voldoende ruimte op die grondeenheid vir enige laai, aflaai of brand-stofvulling van voertuie wat moontlik onder normale omstandighede mag plaasvind;
- (b) Geen eienaar of okkupeerder van 'n grondeenheid waarna in (a) hierbo verwys word, mag die laai, aflaai of hervulling van voertuie, anders dan in ooreenstemming met die voorstelle deur die Raad goedgekeur, onderneem of bewustelik toelaat nie.

13.2 VULLISVERWYDERING

Die Raad mag vir vullis/afvalverwyderingsdoeleindes van die eienaar of okkupeerder vereis om 'n vullisbewaarpark op die grondeenheid in te rig wat:

- (a) van gepaste grootte moet wees om die vullis en afval wat in een week op die grondeenheid gegeneer word, te akkommodeer;
- (b) langs 'n openbare straat of in die diskresie van die Raad, in 'n posisie wat aanvaarbare toegang vir 'n vullisverwyderingsvoertuig sal voorsien, geleë moet wees;
- (c) op 'n wyse ontwerp moet wees wat argitektonies versoenbaar met die omliggende strukture en afgeskerm van openbare sig, is, en
- (d) voldoen aan enige ander redelike voorwaarde wat die Raad mag oplê wat in verband staan met gesondheid, besoedelingsbeheer, veiligheid of estetika.

13.3 ANTENNA-STELSELS

Algemene beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels is in alle sones van toepassing, behalwe as hierdie beleid en beginsels deur 'n Raadsbeleid of verordening vervang word:

- (i) 'n Wye reeks van diensverskaffers is betrokke in die telekommunikasie- en selfoon-industrie, wat gelei het tot vermenigvuldiging en selfs duplikasie van maste en antennas. Nietemin, vorige staatsverwante diensverskaffers was tradisioneel nie onderworpe aan dieselfde goedkeuringsprosesse as die privaatsektor nie. Daar is 'n behoefte vir 'n eenvormige stel reëls wat op alle diensverskaffers van toepassing moet wees om sodoende negatiewe impakte te minimaliseer;
- (ii) Hoewel hierdie gebruik gereguleer moet word, is telekommunikasie-maste besig om deel te word van die stedelike en landelike landskap en behoort die regulering nie die lewering van 'n effektiewe telekommunikasiediens nadelig te raak nie;
- (iii) Die Raad moet poog om 'n balans te bewerkstellig tussen antenna-infrastruktuur en ekonomiese ontwikkeling aan die een kant, en die bewaring van visuele, toeriste-, omgewings- en erfeniskenmerke aan die ander kant;
- (iv) Die Raad moet verseker dat voorsorgmaatreëls met betrekking tot die gesondheid van die betrokke gemeenskap en sekuriteit van die basisstasie en antenna, soos voorgeskryf in die NEMA Rekord van Besluit, daargestel en nagekom word;

- (v) Maste is geneig om laer impak in gebiede met hoë visuele absorpsiepotensiaal, soos stedelike of nywerheidsgebiede, te hê as in gebiede met hoë visuele sensitiviteit en lae visuele-impak absorpsiepotensiaal soos residensiële, landelike en wildernisgebiede;
- (vi) Aandag word vereis, nie alleenlik vir die voorkoms van die maste self nie, maar ook vir die visuele impak van voorafvervaardigde houers en verwante meganiese dienste. Toegangspaaie, kraglyne, heinings en kennisgewingborde by basisstasies dra dikwels by tot die visuele impak;
- (vii) Alternatiewe perseelplasing behoort vroeg in die beplanningproses verken te word ten einde die impak van die antenna ondersteuningstruktuur, te minimaliseer, eerder as om op kamoeflering staat te maak om die impak te verminder;
- (viii) Die Raad moet die gemeenskaplike gebruik van sellulêre telekommunikasie infrastruktuur, waar enigsins moontlik, aanmoedig en fasiliteer ten einde duplisering te beperk, visuele impak te versag en effektiewe kontrole te fasiliteer.

Doel

Die doel met hierdie afdeling is om, in die afwesigheid van 'n verordening wat met sellulêre telekommunikasie infrastruktuur en ander private en kommersiële antenna-stelsels handel, die minimum-vereistes waaraan voldoen moet word, aan die Raad te voorsien.

13.3.1 Aansoek vir kommersiële antenna

- (a) Geen kommersiële antenna mag opgerig of gemodifiseer word, en die radiofrekwensie-uitstralings mag nie verander word, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad nie;
- (b) 'n Aansoek vir die Raad se goedkeuring om 'n kommersiële antenna op te rig, moet die volgende inligting insluit:
 - (i) 'n liggingsplan van die voorgestelde terrein, wat die grondgedeelte nommer, die straatadres, die huidige sonering van die terrein en die grondgebruike van die grond onder aansoek en omringende grond aandui;
 - (ii) inligting aangaande die voorgestelde tipe antenna, insluitend 'n plan met dimensies van die struktuur en verhouding tot die terreingrense, 'n voor- en syaansig van die struktuur volgens skaal, insluitend enige ander geboue of strukture op die terrein en voorgestelde beligting van die struktuur;
 - (iii) 'n terreinontwikkelingsplan, insluitend voorgestelde maatreëls ter versagting, en
 - (iv) indien deur die Raad vereis, 'n visuele impakbepaling van die voorstel, insluitend fotografiese materiaal waarvolgens die voorstel deeglik oorweeg kan word;
- (c) Die Raad mag die aansoeker versoek om inligting rakende tegniese-lewensvatbare alternatiewe terreine of strukture te verskaf en ten volle te motiveer hoekom versuim word, indien wel, om gesamentlike vestiging te voorsien op sulke terreine of strukture;
- (d) In geval van 'n aansoek deur 'n persoon wat nie die grondeienaar is nie, moet die aansoeker 'n ten volle gesertifiseerde volmag aan die Raad voorlê;
- (e) Die aansoeker moet voldoen aan die vereistes soos deur NEMA neergelê;
- (f) Die Raad mag 'n aansoek vir 'n tydperk wat nie 15 jaar oorskry nie, goedkeur en voorwaardes oplê, insluitend die volgende sonder om daartoe beperk te wees:
 - (i) visuele impak mitigasie;
 - (ii) redelike voorkomingsmaatreëls met betrekking tot die gesondheid van die tersaaklike gemeenskap, en
 - (iii) sekuriteit van die basisstasie en antenna.

13.3.2 Radiofrekwensie-uitsendings

Die volgende bepalings sal in belang van 'n gesonde omgewing van toepassing wees:

- (a) Alle sellulêre telekommunikasie infrastruktuur of kombinasie van sodanige infrastruktuur moet aan die IKNIBB publieke blootstelling standarde voldoen;
- (b) Geen sellulêre telekommunikasie infrastruktuur of kombinasie van sodanige infrastruktuur mag te enige tyd bedryf word met radiofrekwensie-uitstralingsvlakke wat die IKNIBB openbare blootstelling standarde, oorskry nie, en moet, waar tegniese en finansiële haalbaar, binne sodanige standaard bedryf word;
- (c) Indien aansoek gedoen word vir 'n gedeelte terrein, moet die totale geprojekteerde radiofrekwensie-uitstralingsvlakke vir die hele installasie, as deel van die aansoek, aan die Raad voorgelê word;
- (d) Die Raad mag vereis dat gereelde metings uitgevoer word om te verseker dat die bedryf van alle sellulêre telekommunikasie-infrastruktuur in sy regsgebied voldoen aan die IKNIBB openbare blootstelling standarde, vir rekening van die netwerk-/ diensverskaffers;
- (e) In geval sulke metings aantoon dat die IKNIBB openbare blootstelling standarde oorskry word, sal die goedkeuring van die Raad verval en mag die Raad versoek dat die sellulêre telekommunikasie-infrastruktuur, op koste van die netwerk-/ diensverskaffers, uit diens gestel word.

13.3.3 Antennas wat uit diens gestel is

Die volgende bepalings sal ten opsigte van maste wat uit diens gestel is, van toepassing wees:

- (a) Die eienaar of operateur van die antennastelsel moet alle infrastruktuur wat met die antennastelsel in verband staan binne een (1) jaar van uit diensstelling, verwyder;
- (b) Waar die terrein versteur is, moet die eienaar of operateur van die antennastelsel die terrein tot sy oorspronklike toestand of 'n toestand wat vir die Raad aanvaarbaar is, rehabiliteer;
- (c) Waar die eienaar of operateur in gebreke bly om aan (a) of (b) hierbo te voldoen, mag die Raad die antennastelsel en verwante infrastruktuur verwyder en die terrein op koste van die eienaar of operateur, rehabiliteer.

13.3.4 Satellietskottel-antennastelsels

Die volgende bepalings sal van toepassing wees met betrekking tot huishoudelike satellietskottel-antennastelsels:

- (a) Satellietskottel-antennastelsels wat op die grond gemonteer is, moet in 'n posisie wat die visuele impak op die aanliggende gebied minimaliseer, geplaas word;
- (b) Satellietskottel-antennastelsels wat aan die kant van 'n gebou gemonteer is, moet:
 - (i) so geplaas word dat dit nie van 'n openbare straat of die omliggende gebied sigbaar is nie, of
 - (ii) argitektonies afgeskerm word om sodoende die impak op die omliggende grondeenhede en van openbare strate af te minimaliseer;
- (c) Satellietskottel-antennastelsels wat op die dak van 'n gebou gemonteer is, moet:
 - (i) sover prakties moontlik van die rand van die gebou teruggeplaas word, of
 - (ii) argitektonies afgeskerm word om sodoende die impak op die omliggende grondeenhede en van openbare strate af te minimaliseer;
- (d) Die kleur van satellietskottel-antennastelsels moet 'n enkel, nie-glans kleur van room, amper-wit, beige, donkergroen, swart of grys wees.

HOOFSTUK 14: Onderverdeling, konsolidasie van grond, afwykings,

vergunnings

14.1 ONDERVERDELING VAN GROND

14.1.1 Onderverdelingsaansoeke

Die Raad mag 'n aansoek vir onderverdeling van grond toestaan of weier in terme van artikel 25(1) van die Ordonansie, onderworpe aan die voorwaardes betrokke by 'n onderverdelingsgebied, sowel as 'n aansoek vir die onderverdeling van grond waar daar geen verandering in sonering plaasvind nie.

Die Raad mag nie 'n nuwe onderverdeling toestaan, tensy die Raad tevrede is dat, vir elke grondeenheid wat geskep word, daar voldoende en afdwingbare voorsiening is vir:

- (a) toegang van 'n openbare straat af;
- (b) watervoorsiening indien benodig, en
- (c) riool-wegdoening indien benodig.

14.1.2 Minimum onderverdelingsgroottes

Die soneringskaart mag gebiede waar 'n minimum onderverdelingsgrootte vir 'n grondeenheid gespesifiseer word, aandui, in welke geval die netto-erfoppervlakte van 'n nuwe onderverdeling en enige restant nie minder as die minimum grootte wat gespesifiseer word, mag wees nie.

14.1.3 Onderverdeling wat gekoppelde wooneenhede toelaat

Ná die toestaan van 'n onderverdeling wat twee of meer aangrensende grondeenhede, wat gekoppelde wooneenhede wat onder aparte titel gehou word, toelaat, moet die eienaars:

- (a) enige sodanige gedeelte van 'n keermuur, dak, pyp, geut, bedrading of ander struktuur wat gemeenskaplik is tot die aangrensende grondeenhede of gekoppelde wooneenhede, in stand hou;
- (b) toegang tot sodanige grondeenhede of wooneenhede vir die doel van instandhouding, herstel, hernuwing of verandering aan enige muur, dak, pyp, geut, bedrading of enige ander struktuur, toelaat, en
- (c) geen veranderinge aan enige gedeelte van die geboue opgerig op sodanige grondeenheid, insluitende grensmure en -heininge, maak of dit sloop nie of die buite-kleurskema of materiale van sulke geboue, verander, sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad nie.

14.1.4 Nutsdienste

Nadat 'n onderverdeling toegestaan is, moet die eienaar van enige grondeenheid, sonder enige vergoeding, toelaat dat:

- (a) hoof-gasgeleidings, elektrisiteit-, telefoon en televisiekabels, waterpype, vuilwaterriole, stormwaterpype, slote en kanale van enige ander grondeenheid of grondeenhede oor die betrokke grondeenheid geneem word, en
 - (b) installasies soos mini-substasies, meterkioske en dienspilare daarop geïnstalleer word,
- indien dit deur die Raad nodig geag word, op sodanige wyse en posisie soos wat van tyd tot tyd redelikerwys vereis mag word, en moet reg van toegang tot die grondeenheid op enige redelike tyd eweneens toegelaat word vir die doel van konstruksie, verwydering of inspeksie van enige werk wat met die voorafgaande in verband staan.

14.1.5 Stroombank stabiliteit

Nadat 'n onderverdeling toegestaan is, moet die eienaar van enige grondeenheid, sonder enige vergoeding:

- (a) sodanige materiaal ontvang of sodanige uitgrawings op die grondeenheid toelaat soos nodig mag wees om die gebruik van die volle wydte van die aanliggende straat moontlik te maak en die padwal van 'n veilige en behoorlike helling te voorsien wat vanweë verskille tussen die vlak van die straat, soos finaal gebou, en die vlak van die grondeenheid, noodsaaklik is, of
- (b) alternatiewelik verkies om steunmure tot genoeg van die Raad en binne 'n tydperk wat die Raad bepaal, te bou.

14.1.6 Onderverdeling wat nie bevestig is nie

Die Raad mag toelaat dat 'n gebou of struktuur opgerig word op 'n grondeenheid wat deel uitmaak van 'n onderverdeling wat nie bevestig is nie.

14.2 KONSOLIDASIE VAN GROND

14.2.1 Toepassing van grondgebruikbepalings op gekonsolideerde grondeenhede

Wanneer twee of meer individuele grondeenhede gekonsolideer word, moet die grense van die gekonsolideerde grondeenheid vir die doel van administrering van hierdie Regulasies, die nuwe kadastrale grense wees soos op 'n goedgekeurde landmetersdiagram aangetoon. Vorige boulyne, dekking en ander bepalinge wat voorheen op individuele grondeenhede van toepassing was, sal nie oor daardie vorige grondeenhede van krag bly nie, maar sal vir die gekonsolideerde grondeenheid, in ooreenstemming met hierdie Regulasies, geld.

Waar twee of meer individuele grondeenhede gekombineer word om 'n gekonsolideerde grondeenheid te vorm en die Raad 'n voor-aansoek navraag of bouplan-aansoek ontvang, wat volgens die Raad se mening:

- (i) die karakter van die gebied aansienlik sal verander met negatiewe gevolge as 'n regstreekse gevolg van die grootte van die gekonsolideerde grondeenheid, en
- (ii) 'n groter beboude oppervlaktegebied, groter massa van strukture, of vermindering van ruimte tussen die beboude dele tot gevolg sal hê, wat nie voor konsolidasie moontlik sou wees nie as gevolg van die boulyn-, vloerruimte- of dekkingsbepalings wat voorheen op die individuele grondeenhede, in terme van hierdie Regulasies, van toepassing was,

mag die Raad, as die aansoek nie afgekeur word nie, addisionele grondgebruikbepalings oplê.

Die addisionele grondgebruikbepalings soos hierbo na verwys, mag:

- (i) in verband staan met die massa, spasiering en posisie van geboue op die gekonsolideerde grondeenheid, en
- (ii) meer beperkend wees as die ontwikkelingsbestuurbepalings wat normaalweg op die gekonsolideerde grondeenheid, in terme van hierdie Regulasies, van toepassing sou wees, maar
- (iii) nie meer beperkend as die ontwikkelingsbestuurbepalings wat vir die vorige individuele grondeenhede, voor konsolidasie, gegeld het nie, tensy die grond hersoneer word.

14.3 AFWYKINGS

Die Raad kan ingevolge artikels 15(1) en 15(5) van die Ordonnansie onderskeidelik 'n aansoek om 'n afwyking toestaan of weier of 'n verlengde tydperk vasstel waarna sodanige afwyking verval; met dien verstande dat, waar die Raad die aanwending van grond op 'n tydelike basis magtig, soos by artikel 15(1)(a)(ii) beoog, sodanige vergunning vir 'n tydperk van hoogstens 5 jaar toegestaan word, met die uitsondering van 'n afwyking waarvoor 'n permit ingevolge artikel 6B van Wet 88 van 1967 benodig word, in welke geval die vergunning toegestaan kan word vir die aantal jare wat verband hou met die verwagte lewensduur van die betrokke myn.

14.4 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK

Behoudens die bepalinge van regulasie 14.4.1 van hierdie Regulasies kan die Raad, waar aansoek by die Raad gedoen word om sy toestemming tot die oprigting of aanwending van 'n gebou in 'n sone waarin 'n gebou van die voorgestelde tipe alleenlik met die spesiale toestemming van die Raad opgerig en aangewend kan word, sy toestemming verleen of weier, en wanneer hy sy toestemming verleen, is hy geregtig om enige beperkende voorwaardes te stel wat hy goed dink in verband met die oprigting of aanwending van sodanige gebou.

Wanneer sodanige aansoek oorweeg word, moet rekening gehou word met die vraag of die gebruik waarvoor die gebou bedoel of ontwerp is, of die voorgestelde gebou, waarskynlik afbreuk aan die bevalligheid van die omgewing sal doen, insluitend afbreuk as gevolg van die uitlaat van rook, dampe, stof, geraas of reuke.

14.4.1 Adverteer van voorgenome aansoek om vergunningsgebruik

Iedereen wat van voorneme is om by die Raad aansoek te doen om sy toestemming tot die oprigting of aanwending van 'n gebou of tot die aanwending van grond, hetsy geheel en al of gedeeltelik, vir enige doeleindes waarvoor die spesiale toestemming van die Raad vereis word, moet, indien die Raad van mening is dat enige grondeienaar moontlik 'n belang by die aangeleentheid het, eers die betrokke aansoek adverteer.

Die Raad moet enige beswaar wat binne die tydperk in die advertensie vermeld, ontvang word, oorweeg en die aansoeker en die persone, indien daar is, van wie besware ontvang is, van sy beslissing in kennis stel.

Enige beslissing van die Raad wat ingevolge hierdie paragraaf gegee word, geskied by wyse van spesiale besluit van die Raad soos omskryf in die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), of die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1976 (Ordonnansie 18 van 1976).

14.4.2 Voorwaardes van toepassing op vergunningsgebruik

Vergunningsgebruik, soos gelys in kolom 3 van Tabel B, is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- (i) Enige vergunningsgebruik in 'n bepaalde sone wat 'n primêre gebruik is in enige ander sone, is onderworpe aan dieselfde voorwaardes van toepassing op die primêre gebruik in 'n ander sone, tensy Spesiale Gebruik beperkings ten opsigte daarvan geld;
- (ii) Enige vergunningsgebruik in 'n bepaalde sone wat nie 'n primêre gebruik is in enige ander sone nie, is onderworpe aan dieselfde voorwaardes as die primêre gebruik in die sone waarin dit 'n vergunningsgebruik is, tensy Spesiale Gebruik beperkings ten opsigte daarvan geld;
- (iii) Die Raad kan in beide bogenoemde gevalle ander voorwaardes voorskryf met betrekking tot enige spesifieke eiendom.

HOOFSTUK 15: Interpretasie en definisies

INTERPRETASIE

15.1 Reëls ter interpretasie

Die volgende reëls ter interpretasie sal van toepassing wees:

- (a) In hierdie Regulasies, die register, enige aantekening op die soneringskaart en in enige voorwaarde bepaal in terme van hierdie Regulasies, sal die woorde en uitdrukkings wat daarin gebruik word, die betekenis hê wat ooreenkomstig die definisies vervat in hoofstuk 6 daaraan geheg word, tensy 'n ander interpretasie duidelik uit die konteks blyk. Interpretasie van woorde nie gedefinieer in Hoofstuk 6 sal die betekenis hê soos aan hulle toegewys in die "New Shorter Oxford English Dictionary" gepubliseer deur die Oxford University Press, via verwysing na die Engelse weergawe van hierdie Regulasies, behalwe waar 'n ander interpretasie duidelik is vanuit die konteks;
- (b) Opskrifte vervat in hierdie Regulasies moet alleenlik vir verwysingsdoeleindes gebruik word en moet nie uitgelê word as sou dit die betekenis of bedoeling van enige bepaling van die soneringskema, oorheers, beperk of wysig nie;
- (c) Die manlike vorm sluit die vroulike en geslaglose in en omgekeerd, en die enkelvoud sluit die meervoud in, tensy die konteks anders aandui;
- (d) Waar ook al na 'n wet, ordonnansie of verordening of na regulasies verwys word, is sodanige verwysing van toepassing op vervangings, wysigings en toevoegings van daardie wet, ordonnansie of verordening of daardie regulasies;
- (e) Waar ook al na die gebruik van 'n gebou verwys word, geld die verwysing ook ten opsigte van die oprigting van 'n gebou, die gebruik van 'n gedeelte van 'n gebou en die gebruik van 'n grondeenheid, hetsy daar 'n gebou op die grondeenheid opgerig is al dan nie;
- (f) Daar dien op gelet te word dat die terme "moet", "sal" en "mag nie" gebiedend is, en die term "mag", wanneer dit positief gebruik word, nie gebiedend nie, tensy die konteks duidelik anders aandui;
- (g) Die Raad se interpretasie van die teks sal geld, tensy die teendeel bewys word.

15.2 Metodes om afstand en vlakke te meet

Die volgende bepalinge geld ten opsigte van die metode om afstand en vlakke te meet:

- (a) Waar verwysing gemaak of geïmpliseer word, ten opsigte van afstand tussen grense of tussen 'n gebou en 'n grens, moet hierdie afstand op die volgende wyse gemeet word:
 - (i) die grens of grense en alle punte van die gebou moet op 'n horisontale vlak geprojekteer word en alle metings moet op sodanige vlak gemaak word, en
 - (ii) die afstand tussen 'n punt op die gebou en 'n grens moet in reghoeke tot die grens gemeet word;

- (b) Waar verwys word na 'n gedeelte van 'n grens "aan die oorkant" van 'n gebou, moet sodanige gedeelte gedefinieer word deur lyne, op 'n wyse soos in (a) hierbo van punte op sodanige gebou af, reghoekig tot sodanige grens, te trek;
- (c) Waar verwys word na 'n gradiëntlyn of na die vlak van die grond of van 'n dak, borswering, of iets anders, moet sodanige vlak in ooreenstemming met erkende geometriese beginsels bereken word. In enige geval waar die betrokke vlakke so onegalig is dat berekening in ooreenstemming met hierdie beginsels onprakties is of tot resultate aanleiding gee wat nie in ooreenstemming met die bedoeling van die soneringskema is nie, sal die vlak deur die Raad bepaal word.

15.3 Interpretasie van grense

Waar onsekerheid ten opsigte van grense van gebruiksones bestaan, sal die volgende reëls in die volgorde soos gelys, geld:

- (a) Grense wat aangetoon word om 'n openbare straat of pad te volg of naasteby te volg, moet geag word die kadastrale straatgrens te volg;
- (b) Grense wat aangetoon word om 'n grens van 'n grondeenheid te volg of naasteby te volg, moet geag word om sodanige grens te volg;
- (c) Grense wat aangetoon word om natuurlike eienskappe te volg of naasteby te volg, moet geïnterpreteer word as om sodanige eienskappe te volg;
- (d) In geval van verdere onsekerheid ten opsigte van die grense van 'n gebruiksone, moet die Raad 'n beslissing maak.

15.4 Interpretasie van kategorie van gebruik en sonering

Die Raad moet die kategorie van gebruik of sonering bepaal en sy besluit sal finaal wees, tensy die teendeel bewys word in gevalle, waar:

- (a) daar onsekerheid of 'n dispuut insake soneringskategorieë is;
- (b) daar konflik tussen die bepalings van 'n soneringskaart, hierdie Regulasies en die register, bestaan, of
- (c) daar onsekerheid oor 'n dispuut insake die sonering van grond is.

BYLAES

BYLAE A: SPESIFIEKE OORLEGSONES

1. Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees op grond wat deur 'n oorlegsone geraak word tensy die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) 'n Reeks oorlegsones kan gebruik word om buigsamheid te bevorder en geleentheid vir ontwikkeling te skep in reaksie op spesiale omstandighede of plaaslike toestande. Sodra 'n oorlegsone vir 'n spesifieke gebied aanvaar is, sal dit addisioneel tot enige onderliggende sone wat in daardie gebied van toepassing is, geld. Wanneer 'n oorlegsone aanvaar is vir 'n bepaalde gebied, bied dit aan die Raad 'n meganisme waarvolgens direkte, grondgebruikbepalings en ontwerpbeplanning vir grond daargestel kan word en wat bo en behalwe die bestaande sonering of sonerings op die grond van toepassing sal wees;
- (ii) Met die toepassing van die oorlegsones moet die Raad die doelwitte van hierdie Regulasies en van enige tersaaklike geïntegreerde ontwikkelingsplan in ag neem. Die tegnieke kan gebruik word om toepaslike reaksie met betrekking tot plaaslike of terreinspesifieke vraagpunte te verkry, maar behoort verantwoordelik gebruik te word;
- (iii) Voordat 'n oorlegsone op grond van toepassing gemaak word, moet die Raad 'n deursigtige proses volg, hetsy deur vooruitbeplanninginisiatiewe, hersoneringsprosedures of besluite in terme van hierdie Regulasies. Dit behoort 'n proses van samewerking tussen die Raad, die gemeenskap en grondeienaars te behels.

2. Aanwys, vervanging of wysiging van Oorlegsones

- (i) Oorlegsones, wat voorsiening maak vir ontwikkelingsriglyne soos vervat in die Oorlegsone Bylaes, mag aangewys, vervang of gewysig word deur die hersoneringsprosedures soos deur beplanningwetgewing bepaal;
- (ii) Die Raad mag afwykings toestaan van die ontwikkelingsreëls of beperkings of voorwaardes van enige oorlegsone deur die afwykingsprosedures soos deur beplanningwetgewing bepaal, te volg;
- (iii) Die Raad mag 'n gebied as 'n oorlegsone aanwys en:
 - (a) moet sodanige gebied op die soneringskaart aandui;
 - (b) moet die aanwysing in 'n bylae aanteken, tesame met enige subsone-klassifikasie met 'n kruisverwysing na enige bestuursriglyne wat vir die aangewese gebied goedgekeur is;
 - (c) moet die ontwikkelingsbestuurbepalings vir elke oorlegsone gebied in 'n bylae tot hierdie Regulasies aanteken, en

- (d) mag toevoegings tot of weglatings uit aanwysings maak nadat die prosedure soos in Bylae A uiteengesit, gevolg is.

3. Identifisering en nommer van Oorlegsone

- (i) Die Raad sal 'n kenmerkende naam en nommer aan elke oorlegsone en subsone toeken wanneer so 'n oorlegsone of subsone aangewys word;
- (ii) Die Raad sal die gebied van 'n oorlegsone op die soneringskaart aandui, en;
- a) sal die bestaan van 'n oorlegsone in die bylae tot hierdie regulasie aantekene met verwysing na waar enige detail bepalinge van die oorlegsone gevind mag word;
- b) mag enige detail bepalinge van die oorlegsone as 'n bylae tot hierdie regulasie insluit;
- c) mag die detail bepalinge van die oorlegsone in 'n aparte dokument aantekene met kruisverwysing na daardie dokument in die betrokke bylae.

4. Status van Oorlegsone

- (i) 'n Oorlegsone verander nie die onderleggende sonering van eiendomme waarmee dit verband hou nie, maar mag die ontwikkelingsreëls wat na genoemde eiendomme verwys, wysig;
- (ii) Die ontwikkelingsreëls van 'n oorlegsone mag meer beperkend of meer vergunnend wees as die ontwikkelingsreëls van toepassing op die onderliggende sonering van die grond betrokke soos aangeteken in hierdie regulasie;
- (iii) Indien die bepalinge van 'n oorlegsone verskil van, of in stryd is met die bepalinge van 'n basisone, sal die meer beperkende bepalinge geld, tensy anders vermeld in die betrokke oorlegsone;
- (iv) Die bepalinge van 'n oorlegsone doen op geen manier afbreuk aan enige verantwoordelikheid in terme van nasionale of provinsiale wetgewing nie;
- (v) Die bepalinge van meer as een oorlegsone mag van toepassing wees op 'n grondeenheid of area.

Bylae A. 1:	Erfenisgebied Oorlegsone (EgOS)
--------------------	--

Doel:

Die doel met die erfenisgebied-oorlegsone is om ontwikkeling te rig ten einde die beskerming en uitbouing van die karakter van 'n gebied wat oor 'n unieke historiese, erfenis-, kulturele of argitektoniese waarde beskik, te bewerkstellig. Verder skep hierdie sone die meganisme waarvolgens erfenisgebiede in ooreenstemming met die vereistes van artikel 37(1) van die Erfenis-hulpbronne Wet beskerm kan word.

1. Oorlegsone:

Die bepalinge van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalinge wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is.

1.1 Grondgebruikbepalinge

Die volgende grondgebruikbepalinge is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Goedkeuring van die Raad**
Die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad word vereis vir enige een of meer van die volgende aktiwiteite binne hierdie oorlegsone:
- (i) die sloop van 'n gebou of struktuur of gedeelte daarvan, behalwe 'n binnemuur of afskerming;
- (ii) die oprig of veranderinge van 'n gebou of struktuur, behalwe 'n binnemuur of afskerming;
- (iii) die oprig van 'n teken, of
- (iv) die verwydering van 'n volgroeide boom of 'n volgroeide heining wat bewaringswaardig is.
- (b) **Faktore wat die Raad moet oorweeg alvorens goedkeuring gegee word**
- (i) Die Raad moet goedkeuring in terme van 1.1 hierbo weier indien die Raad van oordeel is dat die voorgestelde aksie potensieel nadelig vir die historiese of argitektoniese karakter van 'n historiese bewaringsgebied kan wees;
- (ii) Voordat die Raad sy goedkeuring verleen, moet die Raad die beginsels soos vervat in Bylae A asook die algemene beplannings- en ontwikkelingsbeginsels waarna verwys word, in ag neem.

1.2 Kriteria vir identifisering van 'n erfenisgebied

Die volgende kriteria sal vir die identifisering van 'n erfenisgebied van toepassing wees:

- (a) die geskiedenis van vestiging in die gebied;
- (b) die bewaringswaardigheid, argitektoniese uitmuntendheid, kulturele waarde, geskiedenis en ouderdom van geboue, stedelike ruimtes of strukture in die gebied, en

- (c) die estetiese waarde van die landskap, straattoneel of stadstoneel van die gebied.

1.3 Gradering van geboue, strukture of ruimtes

Binne 'n bewaringsgebied mag die Raad 'n struktuur of ruimte volgens die relatiewe bewaringswaardigheid daarvan, in terme van die volgende kriteria, gradeer:

- (a) Graad 1 sal geag word sulke buitengewone kwaliteite te wees dat dit van spesiale nasionale betekenis is en wat verklaarde nasionale monumente is of oor die potensiaal beskik om tot 'n nasionale erfenis-hulpbron verklaar te word, of wat die Raad beskou as:
- van groot argitektoniese, historiese of kulturele betekenis, of
 - skaars of uitstaande voorbeelde van hul tydvak in die geskiedenis;
- (b) Graad 2 sal geag word spesiale kwaliteite te hê wat dit betekenisvol in die provinsie of streek maak, of wat die Raad ag om 'n goeie graad van bewaringswaardigheid te hê:
- weens goeie argitektoniese, historiese of kulturele betekenis;
 - omdat dit landmerke is vir historiese of estetiese redes, of
 - omdat dit goeie voorbeelde van hul tydvak in die geskiedenis is;
- (c) Graad 3 sal ander erfenis-hulpbronne insluit, wat na die mening van die Raad bewaringswaardig is en wat aan die beoordelingskriteria soos in artikel 3(3) van die Erfenis-hulpbronne Wet, uiteengesit, voldoen of wat volgens die mening van die Raad 'n grootliks-kontekstuele waarde het en:
- in 'n mate van argitektoniese, historiese of kulturele betekenis is, en
 - 'n bydrae lewer tot die karakter van die gebied.

1.4 Beginsels vir die beheer en bestuur van ontwikkeling

Die Raad se besluite rakende grondgebruik of ontwikkeling in hierdie sone moet die volgende beginsels vir die beheer en bestuur van ontwikkeling, in ag neem:

- (a) die behoud en restourasie van Graad 1 geboue moet hoë prioriteit geniet;
- (b) die behoud, restourasie en aanpasbare heraanwending van Graad 2 geboue moet aangemoedig word;
- (c) die instandhouding van die bestaande gebouvorm of raamwerk van Graad 3 geboue moet aangemoedig word;
- (d) nuwe geboue en bestaande geboue behoort die karakter van die erfenisgebied na te streef sonder dat die vorm, afmetings of materiale van die voorgestelde gebou noodwendig beperk word, en
- (e) die Raad moet, wanneer die ontwikkelingsbestuurbepalings vir hierdie sone toegepas word, daarna streef om nie die redelike ontwikkelingspotensiaal van 'n grondeenheid wat in terme van die onderliggende sone toelaatbaar is, te verminder nie, maar moet steeds ag slaan op die doel van hierdie sone.

1.5 Bewarings- en ontwerpriglyne

Die Raad mag spesifieke riglyne vir bewaring, ontwerp en ontwikkeling binne 'n erfenisgebied opstel en moet sulke riglyne in ag neem voordat toestemming in terme van Bylae A toegestaan word. Verskillende gebiede mag aan verskillende bewarings- en ontwerpriglyne onderworpe wees, wat die volgende mag insluit, maar nie beperk is daartoe nie:

- (a) argiteksworm en spesifikasies;
- (b) stedelike ontwerp;
- (c) uitsigte, en
- (d) straataansig.

Bylae A. 2: Omgewingsbewaring Oorlegsone (OmOS)

Doel

Die doel met hierdie sone is om die unieke natuurlike en omgewingskarakteristieke van 'n gebied te beskerm, om 'n sensitiewe vorm van ontwikkeling aan te moedig tot voordeel van die plaaslike en algemene bevolking, insluitend toeriste, en om volhoubare ontwikkeling te bevorder.

2. Algemeen

(a) Oorlegsone

- (i) Die bepalings van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalings wat op die onderliggende sone van die betrokke grond, van toepassing is;
- (ii) Die bepalings van hierdie sone is algemeen van aard en mag met 'n mate van buigsaamheid deur die Raad beoordeel word in sy toepassing daarvan op spesifieke terreine, met dien verstande dat die doel van hierdie sone in ag geneem sal word.

- (b) **Aanspreeklikheid**
Enige persoon wat ontwikkeling in hierdie sone onderneem, doen dit op eie risiko en die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid ten opsigte van vloedskade, erosieskade, grondverskuiwingskade of enige ander skade wat op 'n grondeenheid mag voorkom nie.
- (c) **Toepassing van hierdie regulasie**
- (i) Die Raad mag, volgens sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in 'n omgewingsbewaring oorlegsonne implimenteer: Die Raad mag dit doen in terme van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, of in terme van die bepalings soos in hierdie Regulasies vir 'n spesifieke subsone, gespesifiseer;
 - (ii) Die bepalings van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan sal as die oorlegsonne-bepalings, in gebiede waar die Raad besluit het om sulke bepalings vir die doel van ontwikkelingsbestuur te implimenteer, van toepassing wees;
 - (iii) In 'n gebied waar daar geen goedgekeurde omgewingsbestuursplan is nie, of waar sulke planne geen bepalings vir ontwikkelingsbestuur bevat nie, mag die Raad die spesifieke bepalings aangedui in hierdie oorlegsonne, wat met die omgewing of subsone van die betrokke gebied verband hou, toepas, insluitend die volgende sonder om daartoe beperk te wees:
 - 'n heuwelgebied;
 - 'n rivier, vleiland of vloedgebied;
 - 'n kuslyn;
 - 'n brandbestuursgebied, of
 - 'n ander spesiale omgewingsgebied.
- (d) **Terreinontwikkelingsplan**
Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan, tot sy bevrediging, in terme van 12.6, voorgelê word vir alle ontwikkeling in die omgewingsbewaring oorlegsonne.

2.1 Bepalings ten opsigte van heuwelagtige terreine

In die afwesigheid van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan mag die Raad die volgende bepalings op grond wat in 'n heuwelagtige of bergagtige gebied geleë is, toepas:

- (a) **Gelykmaking en grondwerke**
- (i) Geen ontwikkeling sal op enige grondeenheid met 'n helling steiler as 1:4 oorweeg word nie;
 - (ii) Gelykmaking van enige grondeenheid moet aan die volgende beginsels voldoen, gebaseer op die natuurlike helling van die grond, tensy die Raad sy vooraf skriftelike goedkeuring om van hierdie beginsels af te wyk, verleen het:
 - Op 'n helling van minder as 1 tot 5, moet enige gelykmaking die natuurlike karakter van die landvorm reflekteer, en met tegnieke soos doelgemaakte fondamente, meervlak-ontwerpe en opstapeling van bouvorm kan dit verwag word dat die nodigheid vir groot platvorms sal verminder;
 - Op 'n helling van tussen 1 tot 5 en 1 tot 4, mag beperkte gelykmaking plaasvind, maar groot topografiese kenmerke moet hul natuurlike vorm behou, en spesiale argitektoniese en ontwerp-tegnieke vir heuwelagtige of bergagtige terrein moet aangewend word om te verseker dat geboue by die natuurlike grondvorm aanpas;
 - (iii) Alle gelykgemaakte gebiede moet teen wind- en watererosie beskerm word deur middel van hellingstabiliseringsmetodes wat vir die Raad aanvaarbaar is, soos plantbedekking, mure of nete. Die Raad mag die voorlê van 'n erosiebestuursplan, gesertifiseer deur 'n geregistreerde professionele ingenieur, vereis;
 - (iii) Hellings geskep deur gelykmaking van grond mag nie 1 tot 2 oorskry nie, tensy 'n grondverslag en stabiliseringsverslag tot bevrediging van die Raad, voorgelê word;
 - (iv) Geen gelykgemaakte helling mag 10m in hoogte tussen terrasse oorskry nie, met dien verstande dat die Raad 'n groter hoogte mag toelaat waar die helling 'n natuurlike voorkoms tot gevolg mag hê en nie, na die mening van die Raad, geologiese of erosiegevaar inhou nie.
- (b) **Waterdreinerings**
- (i) Indien deur die Raad vereis, moet wateropvangbakke, sedimentbakke en waterenergie-absorberende apparate op die terrein voorsien word as 'n metode om erosie te voorkom en voorsiening te maak vir die aanvul van grondwater;
 - (ii) Natuurlike dreineringskanale moet teen enige gelykmaking-aktiwiteite beskerm word;
 - (iii) Waar dreineringslote verlang word, behoort dit, waar moontlik, natuurlike plantmateriaal en plaaslike klip te reflekteer;
 - (iv) Die maksimum gemiddelde dekking van 'n grondeenheid deur hardgemaakte oppervlaktes, mag nie 40% van die bruto erfoppervlakte oorskry nie.
- (c) **Plantegroei**
- (i) Inheemse plantegroei en volgroeide bome moet bewaar word waar moontlik en geïnkorporeer word in die ontwerp van geboue of grondgebruike op die grondeenheid;

- (ii) Ontblote hellings en gelykgemaakte gebiede moet, waar moontlik, gelandskapeer word met grondbedekking, struik en bome.
- (d) **Gebou-ontwerp en plasing**
- (i) Geboue moet sodanig ontwerp word om met die omgewing saam te smelt ten einde versoenbaar te wees met die natuurlike omgewing van die gebied en moet nie die natuurlike omgewing domineer nie;
- (ii) Eksterne afwerkings moet saamsmelt met die natuurlike omgewing deur gebruikmaking van aard-skakerings en die vermyding van reflekerende materiale en afwerkings;
- (iii) Geboue moet op so 'n wyse geplaas word dat:
- uitsigte bewaar of verbeter sal word, veral dié wat van openbare plekke af gesien kan word;
 - visueel belangrike rotsdagsome, natuurlike waterkenmerke, inheemse plantgemeenskappe en gebiede van visuele, historiese of kulturele belang, bewaar sal word, en
 - daar simpatieke reaksie op bestaande uitsigte van aangrensende geboue en grondeenhede sal wees;
- (iv) Die hoogste punt van enige gebou mag nie bokant 'n siglyn, wanneer dit van die grens van 'n grondeenheid besigtig word, uitsteek nie, tensy deur die Raad goedgekeur;
- (v) Waar 'n keermuur na 'n openbare straat front, moet die muur met esteties bevredigende materiaal soos natuurlike rots of natuurlike plante bedek word.

2.2 Vloedgebiedbepalings

In die afwesigheid van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan, mag die Raad die volgende bepalinge op grond in of aanliggend tot 'n rivier, vleiland of vloedvlakte, toepas:

- (a) Alle oorskrydings in 'n vloedgebied, insluitend invulling, nuwe konstruksie, omvangryke verbetering en ander ontwikkeling, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad, word verbied;
- (b) Geen natuurlike waterweg mag sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Raad verlê word op so 'n wyse om die ligging te verander nie;
- (c) Geen ontwikkeling wat na die mening van die Raad die waterdrakapasiteit van enige vloedweg uitermate mag affekteer, mag sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad onderneem word nie;
- (d) Die Raad mag gebiede met spesiale vloedisiko of erosierisiko wat met vloede verband hou, identifiseer en mag ontwikkeling in sulke gebiede beheer of verbied. Die Raad mag spesiale bepalinge insluit wat verband hou met die gebied soos deur die 1 in 50 jaar vloedlyn gedefinieer en die gebied wat tussen die 1 in 50 jaar vloedlyn en die 1 in 100 jaar vloedlyn val;
- (e) Ten opsigte van enige nuwe geboue en aansienlike verbeterings aan bestaande geboue, moet die laagste vloer verhoog word tot 'n vlak bokant die basisvloedvlak.

2.3 Kuslynbepalings

In die afwesigheid van 'n goedgekeurde omgewingsbestuursplan of ander verordeninge, mag die Raad die volgende bepalinge toepas op grond wat naasliggend is tot die hoogwatermerk of naasliggend is tot 'n openbare oopruimte wat langsaaan die hoogwater-merk geleë is:

- (a) Geen toegang vir voertuie of bote sal tot die strand of kuslyn oor 'n sy- of agtergrens-boulyn toegelaat word nie;
- (b) Geen voetpad of voetgangertoegang tot die strand of kuslyn sal toegelaat word sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad nie;
- (c) Waar die Raad sy goedkeuring verleen in terme van (b) hierbo, mag hy voorwaardes oplê ten opsigte van ligging, afbakening en konstruksie-materiale vir sulke voetpaie of toegange, asook voorwaardes wat verband hou met die bewaring van plantegroei en die stabilisering van sandduine;
- (d) 'n Voetpad of toegang wat nie deur die Raad goedgekeur is nie, moet gesluit word en die plantegroei op skriftelike aanmaning, deur die eienaar herstel word tot bevrediging van die Raad, by gebreke waarvan die Raad die nodige werk mag uitvoer en die kostes redelikerwys aangegaan, van die eienaar verhaal;
- (e) Die eienaar of okkuperder van 'n grondeenheid mag nie die sensitiewe natuurlike kenmerke van die kussone op daardie grondeenheid, soos primêre duine, strande, primêre plantegroei, vleilande, riviermondings of stroombanke, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad, destabiliseer, vernietig of beskadig nie. Indien die Raad toestemming verleen, moet die Raad vereistes neerlê om skade aan die omgewing tot die minimum te beperk;
- (f) Indien, volgens die mening van die Raad, 'n duin of gedeelte van 'n duin op 'n grondeenheid 'n gevaar inhou as gevolg van die onstabielheid of waarskynlike onstabielheid daarvan, mag die Raad die eienaar van daardie grondeenheid versoek om stabiliseringmaatreëls, tot bevrediging van die Raad, te onderneem.

2.4 Brandbestuurgebiedbepalings

Die Raad mag spesiale brandbestuurbeplings vir 'n gebied aangewys as 'n brandbestuursgebied, in terme van die oorlegsone, oplê.

2.5 Ander unieke omgewingskenmerke

Die Raad mag addisionele bepalinge oplê as riglyn vir ontwikkeling in 'n gebied wat aan die bepalinge van 'n omgewingsbewaringsone onderworpe is, en wat spesiale omgewings-kenmerke wat nie deur die voorafgaande paragrawe gedek word nie, bevat.

Bylae A. 3:	Spesiale Bestuursgebied Oorlegsone (SBgOS)
--------------------	---

Doel

Die doel met die spesiale bestuursgebied oorlegsone is om 'n geleentheid vir spesiale bestuursbepalings te skep, in besonder in landbou- en landelike gebiede, en om goeie ontwerp of innoverende idees onder beheerde omstandighede te akkommodeer ten einde nie skadelike presedente te skep nie. Die sonering word ondersteun deur die plasing van 'n kontraktuele verpligting op grondeienaars aan wie addisionele grondgebruikregte verleen is.

3. Oorlegsone

Die bepalinge van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalinge wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is, en

- (a) mag meer of minder beperkend wees as die bepalinge wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is, en
- (b) indien die bepalinge van 'n spesiale bestuursgebied oorlegsone in konflik is met die bepalinge van die basissones, sal die meer beperkende bepalinge geld.

3.1 Aanwysing

Spesiale bestuursgebiede mag aansienlike landskappe, omgewingsgebiede of kulturele gebiede omvat, wat die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

- (a) boerderygebiede wat sekere patrone van ontwikkeling en landskappe, soos wynplase met tradisionele wingerdnodusse, vertoon;
- (b) natuurskoongebiede wat 'n besondere waarde as toeriste-atraksies het as gevolg van die patroon van die landskap of die karakter van nedersettings binne daardie landskap, en
- (c) boerderygebiede wat aansienlike flora en fauna bevat.

3.2 Grondgebruikbepalings

3.2.1 Die grondgebruikbepalings vervat in die spesiale bestuursgebied oorlegsone mag tussen gebiede varieer en mag die volgende aangeleenthede insluit maar is nie beperk daartoe nie:

- (a) bepalinge om verlangde tipes van grondgebruik en vlakke van bewaring, insluitend die volgende, aan te moedig:
 - (i) vrywillige reservate, waar grond beskikbaar is, of geskik is vir, belangrike ekosisteme en habitate en waar eienaars saamwerk om die natuurlike karakter van sulke reservate te behou;
 - (ii) bestuursooreenkomsreservate, waar grondgebiede skaars en bedreigde habitat bevat en waar ontwikkelingsregte gedeeltelik beperk is, en
 - (iii) kontraktuele reservate, waar grondeenhede van genoegsame grootte is om selfonderhoudende ekosisteme te wees, en ontwikkelingsregte beperk is maar bewaring en toepaslike toerisme-verwante gebruike aangemoedig word;
- (b) bepalinge om 'n sekere patroon en tipe van landbou te beskerm en aan te moedig, en
- (c) bepalinge om 'n sekere patroon en tipe van nedersetting te beskerm en aan te moedig.

3.2.2 Die Raad mag 'n kontraktuele verpligting op 'n grondeenaar aan wie addisionele grondgebruikregte toegestaan is, plaas, om die volgende aangeleenthede te dek:

- (a) implementering van 'n omgewingsbestuurstelsel om te verseker dat grondgebruik en hulpbronne op so 'n wyse bestuur word dat omgewingsvolhoubaarheid en biodiversiteit bevorder word;
- (b) implementering van 'n trustfonds om te verseker dat die nodige finansiële bronne vir effektiewe langtermyn bestuur van die gebied beskikbaar is;
- (c) beskerming of verbetering van die estetiese kwaliteit van die gebied, en
- (d) bepalinge vir omgewingsoudit, monitering en regstellende aksie.

Bylae A. 4:	Biostreekbeplanning Oorlegsone (BOS)
--------------------	---

Algemene Beleidstelling

Die beplanning- en omgewingsbestuursbenadering bekend as biostreekbeplanning, sluit 'n proses en 'n stel beginsels om biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling te bevorder, in. Die doel met hierdie benadering is om 'n gebalanseerde integrasie van bewarings- en ontwikkelingsbelange te fasiliteer en in besonder om 'n program van biosfeerreservate regdeur die Kaapse Plantkoninkryk, wat internasionaal erken word en die kleinste van die ses plantkoninkryke van die wêreld is, te

ondersteun. Die Kaapse Plantkoninkryk word gekenmerk deur sy besondere rykdom en verskeidenheid, en vereis spesiale behandeling as gevolg van die relatiewe klein geografiese omvang daarvan en die ontwikkelingsdruk wat op hierdie gebied uitgeoefen word.

Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap bevorder die biosfeerprogram en die biostreekbeplanningsproses aktief. Verskeie meganismes om die proses te ondersteun is beskikbaar, insluitend geïntegreerde ontwikkelingsplanne asook hierdie Regulasies met 'n verskeidenheid van onderliggende sones om volhoubare ontwikkeling en bewaring te bestuur. 'n Addisionele meganisme is die oorlegsone wat 'n meganisme is wat die Raad in staat stel om gebied-spesifieke vereistes ter ondersteuning van die biostreek-benadering, te implementeer.

Doel

Die doel met die biostreek oorlegsone is om 'n meganisme te verskaf om biostreek-beplanning, biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling, te ondersteun. Die oorlegsone besorg aan die Raad die geleentheid om grondgebruikbepalings, wat verband hou met spesifieke vraagpunte en karaktertrekke van verskillende biostreekgebiede, insluitend kern-, buffer- en oorgangsgebiede, op te lê.

4. Oorlegsone

Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepaling wat op die onderliggende sone van die betrokke grond, van toepassing is, en

- (a) mag meer of minder beperkend wees as die bepaling wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is;
- (b) indien die bepaling van 'n biostreekbeplanning-oorlegsone in konflik is met die bepaling van die onderliggende sone, sal die meer beperkende bepaling geld.

4.1 Grondgebruikbepalings

4.1.1 Die biostreekbeplanning-oorlegsone mag verder in subsones onderverdeel word, in ooreenstemming met gevestigde biostreekbeplanningsbeginsels, naamlik:

- (a) kerngebiede;
- (b) buffergebiede, en
- (c) oorgangsgebiede.

4.1.2 Die grondgebruikbepalings vervat in die biostreekbeplanning-oorlegsone mag tussen verskillende biostreke en verskillende subsones verskil en mag bepaling vir die volgende insluit, maar is nie beperk daartoe nie:

- (a) bewaring van haalbare natuurlike ekosisteme en biodiversiteit;
- (b) bevordering van goeie omgewingsbestuur en volhoubare grondgebruik;
- (c) versekering dat ekologiese korridors oopgelaat word om biodiversiteit te ondersteun en uit te bou;
- (d) bevordering van buitlugontspanning en omgewingsopvoeding;
- (e) aanmoediging van volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne;
- (f) aanmoediging van bewaring en natuurverwante ekonomiese ontwikkeling;
- (g) die skep van effektiewe buffers tussen kern- en oorgangsgebiede;
- (h) die neerlê van minimum onderverdelingsgroottes om ekosisteme van voldoende grootte te in stand te hou;
- (i) beperking van onvanpaste vergunnings- of sekondêre gebruike;
- (j) bevordering van toepaslike argitektoniese, stedelike-ontwerp en plekmakende beginsels, en
- (k) bevordering van ander biostreekbeplanningsbeginsels.

Bylae A. 5: Stedelike rand Oorlegsone (SROS)

Algemene Beleidstelling

Die volgende algemene beleid en beginsels sal in die stedelike rand oorlegsone van toepassing wees tensy die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Die stedelike rand oorlegsone is ontwerp om die Raad te help om ontwikkeling langs die stedelike rand te bestuur. Die stedelike rand verwys na daardie gebied van oorgang in grondgebruik en sosio-ekonomiese karaktereienskappe wat tussen die stedelike en landelike landskappe geleë is;
- (ii) Die stedelike rand is vir die volgende redes belangrik:
 - dit dien as 'n toegangspoort na stedelike gebiede, en beklemtoon die kwaliteit van landelike landskappe;
 - dit integreer stedelike oopruimte stelsels met die landelike hinterland;
 - dit dien as interaksie tussen meervoudige-gebruik stedelike gebiede en ekologies sensitiewe natuurlike gebiede, hetsy dit bewarings- of landbou-gebiede is;

- dit voorsien beskerming aan hulpbronne wat onontbeerlik is ten opsigte van die funksionering van stedelike gebiede, soos byvoorbeeld ontspannings-, landbou-, infrastruktuur- en minerale hulpbronne;
 - dit voorsien aantreklikheidsruimtes rondom stedelike gebiede, en
 - dit voorsien landskappe vir die bewaring van sekere historiese buurte en dien as 'n aansienlike visuele bron;
- (iii) Ter nastrewing van volhoubare ontwikkeling, besorg die vestiging van 'n stedelike rand oorlegsone aan die Raad 'n geleentheid om:
- stadskruip te beperk;
 - betekenisvolle en sensitiewe omgewings en hulpbronne te beskerm;
 - groeiverwagtinge te heroriënteer;
 - beboude omgewings te verdig in navolging van effektiwiteit;
 - groeipatrone te herstruktureer, en
 - diensleweringgebiede te rasionaliseer.
- (iv) Die vestiging van die stadsrand-oorlegsone besorg aan die Raad addisionele grondgebruikbepalings om die bostaande beginsels na te volg.

Doel

Die doel met die stedelike rand oorlegsone is om ontwikkeling in die stedelike randgebied te rig om 'n sensitiewe oorgang tussen stedelike en landelike ontwikkelings moontlik te maak, stadskruip te beperk en sensitiewe landelike gebiede naasliggend tot stedelike ontwikkeling te beskerm.

5. Oorlegsone

Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepaling wat op die onderliggende sone van die betrokke eiendom, van toepassing is.

5.1 Aanwysing van die stedelike rand oorlegsone

Die stedelike rand oorlegsone moet uit die volgende komponente bestaan:

- (a) 'n afgemerkte lyn, wat die stedelike rand is, wat die buitengrens van stedelike ontwikkeling definieer oor 'n tydspanne soos deur die Raad vasgestel, en
- (b) bestuursone, op een of beide kante van die stedelike rand, waarbinne grondgebruikbepalings die gebruik van grond rig en beheer.

5.2 Bepaling van die stedelike rand

Die Raad moet, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende riglyne oorweeg wanneer die stedelike rand afgebaken word:

- die geografiese omgewing;
- die biofisiese en ekologiese omgewing;
- rivier- en vleilandstelsels;
- infrastruktuur-plasing en -kapasiteit;
- grondgebruik- en verwante patrone;
- demografiese en sosio-ekonomiese profiele en neigings;
- die wetlike, grondgebruikbeplanning- en grondeienaarskap-situasie;
- die kulturele en historiese omgewing, en
- visuele bronanalise.

5.3 Bepaling van bestuursone

Die Raad moet, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende bestuursone bepaal:

- (a) **Stedelike oorgangsones**
 - (i) Die stedelike oorgangsones moet 'n gebied binne die stedelike rand wat naasliggend tot bestaande of beplande stedelike ontwikkeling en geassosieerde fasiliteite geleë is, afbaken;
 - (ii) Die Raad mag, wanneer 'n stedelike oorgangsones afgebaken word, die grondgebruikbepalings wat op 'n stedelike oorgangsones van toepassing is, bepaal sodat dit meer of minder beperkend kan wees as die bepaling vir die onderliggende sone;
 - (iii) Die grondgebruikbepalings van toepassing op 'n stedelike oorgangsones mag, sonder om daartoe beperk te wees, maatreëls insluit om:
 - digtheid, brandrisiko en die visuele impak van ontwikkeling te verminder, en
 - natuurlike plantegroei, gebiede van kulturele of omgewingsbelang en ekologiese korridors te beskerm.

- (b) **Nie-stedelike sone**
- (i) Die nie-stedelike sone moet 'n gebied wat buite die stadsrand val, afbaken;
 - (ii) Die Raad mag, wanneer 'n nie-stedelike sone afgebaken word, die grondgebruikbepalings wat op 'n nie-stedelike sone van toepassing is, bepaal, wat meer of minder beperkend kan wees as die bepalings vir die onderliggende sone;
 - (iii) Die grondgebruikbepalings van toepassing op 'n nie-stedelike sone mag, sonder om daartoe beperk te wees, maatreëls insluit om:
 - brandrisiko en die visuele impak van ontwikkeling te verminder, en
 - landbougebiede, natuurgebiede, besondere landelike landskappe, natuurlike plantegroei, gebiede van kulturele of omgewingsbelang en ekologiese korridors te beskerm.
- (c) Aparte bestuursbepalings mag bepaal word vir:
- 'n stedelike oorgangsones;
 - 'n nie-stedelike sone, en
 - Verskillende areas langs die stedelike rand in of die stedelike oorgangsones of nie-stedelike sone.

5.4 Grondgebruikbepalings

Die Raad mag 'n aansoeker versoek om 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die Raad, in terme van paragraaf 12.6, vir alle nuwe ontwikkeling binne die stedelike rand oorlegsone in te dien.

Bylae A. 6:	Uitsigroete Oorlegsone (NOS)
--------------------	-------------------------------------

Algemene Beleidstelling

Die visuele aantreklikheid van die Wes-Kaap is 'n besondere hulpbron wat bewaar moet word ten einde die kwaliteit van die omgewing in geheel te verseker, asook die toerisme- en die ontspanningspotensiaal van die provinsie te bevorder. Dit is daarom belangrik dat ontwikkeling, in besonder langs belangrike toeriste- en hoofvervoerroetes, bestuur word om ontwikkeling wat afbreuk kan doen aan die natuurlike skoonheid van die landskap of aan die kulturele belangrikheid van die beboude omgewing, te verhoed. Die doel van die sone is daarom toegespits op die bewaring en voortbestaan van ons erfenis, terwyl redelike ontwikkeling tegelykertyd toegelaat word. Die uitsigroete-oorlegsone moet daarom verseker dat nuwe ontwikkeling wat goedgekeur mag word, op 'n sensitiewe wyse ontwikkel word sodat belangrike uitsigte van uitsigroetes nie belemmer word nie.

Doel

Die doel met die uitsigroete-oorlegsone is om die uitsigbronne aanliggend tot belangrike toeriste- en vervoerroetes te bewaar en om 'n volhoubare balans tussen bewaring en ontwikkeling te vestig.

6. Oorlegsone

Die bepalings van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalings wat op die onderliggende sone van die betrokke grond, van toepassing is.

6.1 Aanwysing van 'n uitsigroete

Die Raad mag 'n openbare straat of pad of gedeelte van 'n openbare straat of pad aanwys as 'n uitsigroete en:

- (a) moet die uitsigroete-korridor wat met die uitsigroete geassosieer word, bepaal;
- (b) mag die grense van die uitsigroete-korridor wysig nadat 'n uitsigroete-korridor studie gedoen is ten einde ander gebiede met 'n belangrike visuele kwaliteit, te inkorporeer, of gebiede weg te laat wat nie belangrik vir die visuele kwaliteit van die uitsigroete is nie.

6.2 Grondgebruikbepalings

Die Raad mag die volgende grondgebruikbepalings op grond in die uitsigroete-korridor van toepassing maak:

(a) Terreinontwikkelingsplan

- (i) Die Raad mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die Raad, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring, voorgelê word;
- (ii) Addisioneel tot die standaardvereistes, moet, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende op die terreinontwikkelingsplan geïdentifiseer te kan word:
 - die aard van die uitsig-aantreklikheid van die grond;
 - die spesifieke uitsigte wat bewaar en verbeter moet word;
 - die ligging, aard en vorm van die ontwikkeling, en
 - 'n aanduiding van nakoming van die bepalings van (b) en (g) hieronder.

- (b) **Gebou-plasing**
- (i) Geboue en strukture moet sodanig geplaas word om boomverwydering, grondwerke en die verandering van die natuurlike topografie en landvorme, te beperk;
 - (ii) Geboue moet ontwerp word om met die natuurlike opset, of indien van toepassing, die kulturele opset in te skakel;
 - (iii) Geboue moet geplaas word om bestaande panoramiese en aantreklike uitsigte soos gesien van die uitsigroete, te behou.
- (c) **Hoogte van geboue**
- (i) Aan die onderkant van die helling van 'n uitsigroete mag geen gedeelte van 'n gebou of struktuur tot 'n hoogte bokant die voetweg in die openbare straat strek nie, tensy die Raad sy goedkeuring verleen op grond van:
 - buitengewone omstandighede wat bestaan wat die grond, geboue of gebruik ter sake, regstreeks beïnvloed;
 - die gebou-ontwerp van 'n unieke karakter of landmerk soos van die uitsigroete gesien, is, of
 - omstandighede bestaan wat dit onmoontlik maak om 'n gebou op die grondeenheid op te rig;
 - (ii) Aan die bokant van die helling van 'n uitsigroete mag geen gedeelte van 'n gebou sodanig projekteer dat dit die uitsig op die hoogste punt van 'n rant, heuwel of berg, wat as besonder deur die Raad geïdentifiseer is, sal belemmer wanneer dit bekyk word van 'n punt 1m bokant die middellyn van die uitsigroete by 'n ligging of liggings soos deur die Raad bepaal, nie;
 - (iii) Gebouhoogtes moet na die mening van die Raad, versoenbaar wees met bestaande ontwikkeling, en die skep van skerp kontraste met aanliggende strukture of met die landskap, moet vermy word;
 - (iv) Alle loodgieterswerk, daktoerusting, lugversoringseenhede, hysbakskagte en ander meganiese elemente moet uit die sig, soos van 'n uitsigroete gesien, afgeskerm word.
- (d) **Buffergebiede**
- (i) Buffergebiede moet langs enige straatgrens wat aan 'n uitsigroete front, voorsien word en die wydte van die buffergebiede moet nie minder wees nie as:
 - 5m in stedelike gebiede;
 - 10m in voorstedelike gebiede, en
 - 30m in landelike gebiede, endie Raad moet bepaal watter gebied 'n stedelike, voorstedelike of landelike gebied is;
 - (ii) Geboue en parkering sal nie binne die buffergebied toegelaat word nie;
 - (iii) Binne die buffergebied, moet enige gedeelte van 'n draad of muur wat 1,2m in hoogte oorskry, van sodanige konstruksie wees dat dit visuele deursigtigheid, tot bevrediging van die Raad, sal toelaat;
 - (iv) Grondwalles en sagte landskapering mag gebruik word om privaatheid en afskerming te verskaf.
- (e) **Parkering en laai**
- (i) Vir grondgebruike wat baie parkering benodig, mag die Raad vereis dat parkeergebiede opgebreek word in kleiner eenhede wat nie 50 parkeerplekke per gebied sal oorskry nie, wat 'n reeks van kleiner parkeergebiede tot gevolg sal hê;
 - (ii) Laaionese, kamers vir vullis en onooglike toebehore moet op so 'n wyse geplaas word dat dit uit die sig van 'n uitsigroete afgeskort sal wees;
 - (iii) Alle oppervlakte-parkering wat van 'n uitsigroete sigbaar is, moet ten minste een boom vir elke ses parkeerplekke, insluit, en sulke bome moet sodanig geplaas word dat dit sal meehelp om die geparkeerde voertuie af te skerm.
- (f) **Landskapering**
- (i) Plante, struie en bome moet gekies word om in te pas by die oorheersende landskapkarakter van die gebied, met die klem op inheemse, lae-instandhouding spesies of plaaslike toepaslike spesies;
 - (ii) Besondere natuurlike eienskappe moet bewaar word en die ontwikkeling op 'n grondeenheid moet rantlyne, klofies, stroompies, vleilande, rotsdagsome, bedreigde spesies en bewaringswaardige bome, in ag neem;
 - (iii) Waar bestaande bome of struie verwyder moet word, moet 'n gelyke getal bome of struie op die grondeenheid herplant word en die soort plante wat herplant word, moet tot bevrediging van die Raad versoenbaar wees met die omliggende plantegroei en mikroklimate-toestande.
- (g) **Buitenshuise beligting**
- (i) Alle buitenshuise beligting moet sodanig geplaas en beheer word dat direkte beligting, gloede of weerkaatsing op enige aanliggende grondeenheid of uitsigroete, vermy sal word;
 - (ii) Alle nie-residensiële buitenshuise beligting moet gedurende nie-besigheidsure afgeskakel word, behalwe beligting soos deur die Raad goedgekeur wat nodig geag word vir openbare veiligheid of vir sekuriteit op die grondeenheid.

- (h) **Grondwerke en gelykmaking**
- (i) Gelykmaking mag toegelaat word slegs tot die mate wat nodig is vir die konstruksie van geboue en toegangspaaie en mag nie die sig van 'n uitsigroete negatief beïnvloed nie;
 - (ii) Gelykmaak van hellings moet afgerond word om saam te smelt met die bestaande topografie, om in te pas met die natuurlike kontoere van die grond en om 'n oorgang tussen geboue en bestaande hellings te bewerkstellig;
 - (iii) Die natuurlike-oppervlakte dreineringsstelsel moet in stand gehou word;
 - (iv) Snyderings-en-opvul oppervlaktes moet gestabiliseer word met die aanplant van lae-instandhouding inheemse of geskikte plaaslike grondbedekking en struik.

6.3 Alternatiewe grondgebruikbepalings

As 'n alternatief vir paragraaf 6.2, mag die Raad spesiale grondgebruikbepalings formuleer en toepas vir spesifieke uitsigroete-korridors of gedeeltes van die korridors.

Bylae A. 7:	Plaaslike gebied Oorlegsone (PgOS)
--------------------	---

Algemene Beleidstelling

- (i) Alhoewel dit een van die doelwitte van die Soneringskema is om eenvormigheid in grondgebruikbeheer na te streef, gee die Soneringskema ook erkenning aan die verskeidenheid wat ons samelewing karakteriseer, sowel as die verskeidenheid van gebiede en gemeenskappe wat dit moet akkommodeer. Dit moet dus ook voorsien daarvoor dat verskillende gemeenskappe verskillende behoeftes mag hê en dat plaaslike gebiedseienskappe bydra tot die verskeidenheid en rykdom van die stedelike en sosiale samestelling. Die plaaslike gebied oorlegsone word as 'n meganisme voorgestel om plaaslike gemeenskappe die geleentheid te bied om spesifieke plaaslike ontwikkelingsbestuurbepalings te neer te lê om plaaslike omstandighede te weerspieël;
- (ii) Daar moet op gelet word dat die bedoeling met hierdie sone nie slegs is om 'n meganisme te voorsien waarvolgens meer beperkende ontwikkelingsbeheer uitgeoefen mag word nie. Dit skep ook die geleentheid waarvolgens grondgebruikriglyne verslap mag word om ontwikkeling te bevorder en om sosio-ekonomiese behoeftes aan te spreek. Dit mag as 'n instrument gebruik word om die implementering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en stedelike hernuwing, te fasiliteer;
- (iii) Publieke deelname en veral gemeenskapkonsultasie is 'n belangrike komponent in die vestiging van 'n plaaslike gebied oorlegsone, hetsy die inisiatief om die plaaslike gebied oorlegsone te vestig van die gemeenskap of die Raad kom.

Doel

Die doel met die plaaslike gebied oorlegsone is om gemeenskappe die geleentheid te bied om spesifieke plaaslike ontwikkelingsbestuurbepalings te bepaal om die plaaslike omstandighede te weerspieël. Dit word erken dat verskillende gemeenskappe verskillende behoeftes mag hê en dat plaaslike gebiedseienskappe tot die verskeidenheid en welstand van die stedelike en sosiale samestelling bydra. Die plaaslike gebied oorlegsone bied ook aan die Raad die geleentheid om spesifieke plaaslike ontwikkelingsbestuurbepalings neer te lê om ontwikkeling, ter ondersteuning van die plaaslike ekonomie, aan te moedig.

7. Oorlegsone

Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepaling wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is, en

- (a) mag meer of minder beperkend wees as die bepaling wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is, en
- (b) indien die bepaling van 'n plaaslike gebied oorlegsone in konflik is met die bepaling van die onderliggende sone, sal die meer beperkende bepaling geld.

7.2 Grondgebruikbepalings

Die grondgebruikbepalings vervat in die plaaslike gebied oorlegsone mag tussen gebiede varieer en mag die volgende aangeleenthede insluit, maar is nie beperk daartoe nie:

- (a) vereistes vir die minimum-grootte van nuwe onderverdelings om sodoende die karakter van 'n gebied te bewaar;
- (b) beperkings op die maksimum toelaatbare digtheid of maksimum toelaatbare vloeroppervlakte van nuwe ontwikkeling ten einde die karakter van 'n gebied te bewaar of die kapasiteit van nutsdienste te optimaliseer;
- (c) vereistes vir 'n minimum digtheid of minimum toelaatbare vloeroppervlakte van nuwe ontwikkeling ten einde effektiwiteit en hoëdigtheid-ontwikkeling te bevorder;

- (d) spesifikasies vir grensmure en grensheinings om sodoende die karakter van 'n gebied te bewaar en om 'n visuele verhouding tussen die strate en aanliggende ontwikkeling te behou;
- (e) beperkings op die maksimum hoogte van geboue ten einde die karakter van 'n gebied te bewaar, belangrike sig te beskerm of 'n geskikte skaal van ontwikkeling te behou;
- (f) riglyne vir argitektoniese ontwerp, wat vir nuwe ontwikkeling benodig word ten einde goeie ontwerp te bevorder, om nuwe ontwikkeling met bestaande ontwikkeling te harmoniseer en om die spesiale argitektoniese karakter van 'n gebied te bevorder;
- (g) beperkings op die Raad se diskresie om gespesifiseerde vergunningsaansoeke binne die plaaslike gebied toe te staan om te verseker dat sulke vergunningsgebruike nie binne die betrokke plaaslike gebied ontwikkel word nie;
- (h) beleidsriglyne en vereistes vir die goedkeuring van vergunningsgebruike en voorwaardes om deur die Raad opgelê te word, en
- (i) beperkings, en riglyne vir ontwerp, vir buitenshuise advertering in 'n plaaslike gebied.

Bylae A. 8: Spesiale Beplanningsgebied Oorlegsone (SBOS)

Doel

Die doel met hierdie sone is om 'n meganisme te voorsien om groot of strategiese projekte te bestuur, en om instemming oor toekomstige ontwikkeling, vloerruimte en grondgebruik te fasiliteer, sonder dat daar vereis word dat gedetailleerde beplanning met die aanvang daarvan in plek moet wees. 'n Gefaseerde proses van beplanning en goedkeuring word ingestel waarvolgens geskikte vlakke van detail, onderworpe aan voorwaardes, goedgekeur word en waardeur die projek bestuur kan word totdat bevestiging van formele grondgebruikbepalings van toepassing op sekere grondgedeeltes, in terme van die soneringskema, bevestig is. Die spesiale beplanningsgebied oorlegsone skep 'n raamwerk vir beplanning en ontwikkeling wat aksie-geïntereerd is, strategies is en opdatering moontlik maak van tyd tot tyd soos omstandighede vereis. Dit is nie 'n poging om 'n bloudruk-plan te skep nie, maar om 'n buigsame plan te voorsien wat binne voorgeskrewe perke, ontluikende behoeftes kan akkommodeer, op vraag in die mark kan reageer, die basis vir delegasie van besluite kan vorm en die basis vir goedkeuring van gedetailleerde ontwikkelingsplanne kan verskaf.

8. Aanwys van 'n spesiale beplanningsgebied oorlegsone

Onderworpe aan die bepalinge van Bylae A mag die Raad 'n gebied as 'n spesiale beplanningsgebied oorlegsone aanwys en die aanwysing moet dan in 'n bylae aangeteken word.

8.1 Grondgebruikbepalings

Grond gesoneer as 'n spesiale beplanningsgebied sal vir die doel van ontwikkelingsbestuur onderworpe wees aan die plannepakket-benadering. Die Raad mag vereis dat enige of almal van die volgende ses komponente van die plannepakket-benadering deur 'n eienaar of ontwikkelaar van grond in die spesiale beplanningsgebied, vir sy goedkeuring voorgelê word, en mag uitklaring vir oordrag van grond of bouplangoedkeuring weier totdat die plannepakket goedgekeur is.

8.2 Pakket van planne

Die pakket van planne bestaan uit die volgende ses komponente wat in 'n hiërargie van hoër- tot laerorde-planne gerangskik is.

- (a) **'n Verwysingsraamwerk**
Die verwysingsraamwerk lê breë beleid vir die spesiale beplanningsgebied en omliggende gebiede neer. Dit mag beginsels of breë trekke van 'n ooreenkoms insluit, wat die algemene verpligtinge van die Raad en die ontwikkelaar met betrekking tot die spesiale beplanningsgebied, opsom. Die verwysingsraamwerk mag deur die Raad of onder toesig van die Raad, deur 'n grondeienaar of ontwikkelingsinstelling voorberei word.
- (b) **'n Ontwikkelingsraamwerk**
Die ontwikkelingsraamwerk moet oorhoofse beleid, breë doelwitte en beginsels vir ontwikkeling in die spesiale beplanningsgebied as geheel, identifiseer. Die ontwikkelingsraamwerk moet die reeks van gebruike, die algemene ruimtelike verspreiding van gebruike en die digtheid soos voorgestel, neerlê. Grootse verbindings en enige beperkings met betrekking tot ontwikkeling in die spesiale beplanningsgebied moet gespesifiseer word, insluitend digtheid en maksimum vloerruimte sonder om daartoe beperk te wees.
- (c) **Buurtplanne**
Buurtplanne is van toepassing op gebiede binne die ontwikkelingsraamwerk wat gemeenskaplike kenmerke of funksionele verhoudings het. Daar mag verskeie buurtplanne wees wat die totaliteit van die spesiale beplanningsgebied uitmaak. Terwyl dit steeds 'n mate van buigsamheid verskaf, beskryf 'n buurtplan die doelwitte vir 'n spesifieke buurt in meer detail en ook die beginsels vir stedelike ontwerp, grondgebruik, beweging en strategiese implementering.

- (d) **Terreinontwikkelingsplanne**
Terreinontwikkelingsplanne beskryf meer gedetailleerde ontwerp- en ontwikkelingsriglyne vir individuele grondeenhede of groepe van grondeenhede. Hierdie riglyne mag detail wat verband hou met grondgebruik, vloerfaktor, boulyne, hoogte en parkeervereistes insluit, sowel as detail wat verband hou met die posisie en voorkoms van geboue, oopruimtes en bewegingstelsels, sonder om daartoe beperk te wees.
- (e) **Onderverdelingsplanne**
Indien nodig moet onderverdelingsplanne geprosesseer word in terme van die Ordonnansie om nuwe kadastrale grense te vestig en die oordrag van grondeenhede te fasiliteer. Onderverdelingsplanne mag op enige stadium goedgekeur word nadat die ontwikkelingsraamwerk goedgekeur is. Bo en behalwe die skep van kadastrale grense, mag onderverdelingsgoedkeuring-voorwaardes, soos deur die Raad opgelê, met betrekking tot ontwikkeling- en soneringsbeperkings soos op die spesifieke grondeenheid van toepassing is, insluit. By die bevestiging van die onderverdelings-plan vir grond gesoneer as onderverdelingsgebied, moet alle soneringsriglyne wat deur die Raad goedgekeur is as deel van die onderverdelingsgoedkeuring, as 'n vervangingskema geag te wees.
- (f) **Bouplanne**
Bouplanne bevat die gedetailleerde spesifikasies in ooreenstemming waarmee bouwerk, sodra dit deur die Raad in terme van die Nasionale Bouwet goedgekeur is, uitgevoer mag word.

8.3 Goedkeuring en wysiging van planne

Die volgende bepalings sal op die goedkeuring en wysiging van planne met betrekking tot die plannepakket, van toepassing wees:

- (a) Goedkeuring van die ontwikkelingsraamwerk sal die verantwoordelikheid van die Raad wees. Aansoeke vir goedkeuring van buurtplanne, terreinontwikkelingsplanne, onderverdelingsplanne en bouplanne moet tot bevrediging van die Raad, aan die Raad, die munisipale bestuurder of ander gedelegeerde amptenare, gerig word;
- (b) Alle planne in die plannepakket mag van tyd tot tyd aangepas word om veranderende omstandighede te reflekteer. Laerorde-planne moet voldoen aan die beginsels soos deur hoërorde-planne gevestig;
- (c) Waar laerorde-planne in ooreenstemming is met die beginsels wat deur hoërorde-planne gevestig is, mag die Raad sy oordeel gebruik om advertering en proseduriële verdragings in die prosessering van sulke laer orde-planne, te minimaliseer;
- (d) Waar 'n laerorde-plan wesentlik van die beginsels wat in 'n hoërorde-planne gevestig is, verskil, moet die toepaslike veranderings wat nodig is, aan die planne gemaak word voordat ontwikkeling mag voortgaan. Tot die mate wat daar wel 'n wesentlike verskil is, sal die hoërorde-planne die laerorde-planne oorheers, tensy die hoërorde-planne gewysig word.

8.4 Voorwaardes

Met goedkeuring van die ontwikkelingsraamwerk, buurtplanne, terreinontwikkelingsplanne en onderverdelingsplanne, mag die Raad voorwaardes soos wat in die Ordonnansie beoog word, oplê, wat 'n voorwaarde mag insluit dat 'n dienste-ooreenkoms tussen die betrokke twee partye, gesluit word.

8.5 Dienste-ooreenkoms

Die Raad mag, as 'n voorwaarde van goedkeuring van 'n ontwikkelingsraamwerk, buurtplan of terreinontwikkelingsplan, 'n bindende ooreenkoms bekend as 'n diensteooreenkoms, vereis, wat:

- (a) verbintenisse en verpligtinge wat die partye ooreenkom om na te kom, moet identifiseer;
- (b) verbintenisse met betrekking tot die voorsiening, fasering en finansiering van dienste kan insluit, en
- (c) bepalings met betrekking tot die proses van beplanning, implementering en hersiening en die uitoefen van bestuursfunksies kan insluit.

8.6 Toewysing van vloerruimte

Met die goedkeuring van 'n ontwikkelingsraamwerkplan mag die Raad die totale ontwikkelingsregte of vloerruimte wat in 'n spesiale beplanningsgebied toegelaat sal word, neerlê, met dien verstande dat:

- (a) die toewysing van vloerruimte, die drapasiteit van interne en eksterne infrastruktuur insluitend paaie en nutsdienste, en enige stedelike-ontwerp beginsels deur die Raad goedgekeur as deel van 'n hersonering of verwysingsraamwerk, in ag moet neem, en
- (b) die vloerruimte in die ontwikkelingsraamwerk aan sekere buurte toegewys mag word, of as vlottende vloerruimte beskou mag word wat op 'n later stadium aan grondeenhede of geboue toegewys kan word soos wat die ontwikkeling van algemene fases van beplanning na gedetailleerde fases van beplanning, beweeg.

Bylae A. 9: Aktiwiteitsas Oorlegsone (AAOS)

Algemene Beleidstelling

Ontwikkelingsraamwerke bevorder dikwels konsepte soos aktiwiteitskorridors of -asse as deel van die ruimtelike beplanning van 'n gebied. Die aktiwiteitsas-oorlegsone besorg aan die Raad 'n tegniek waarvolgens die beginsels van 'n aktiwiteitsas bevorder en ondersteun kan word deur middel van die Soneringskema. Hierdie beginsels sluit 'n mengsel van grondgebruike met 'n deurlopende bouvorm en klem op die voetgangeromgewing in.

Doel

Die doel met hierdie oorlegsone is om 'n aktiwiteitsas wat deur die Raad aangewys is, te versterk en te beklemtoon ten einde:

- 'n aantreklike, selfonderhoudende omgewing wat deur gemengde-gebruik aktiwiteite gekenmerk word, te skep;
- voetgangeraktiwiteit aan te moedig deur 'n positiewe voetganger-ondervinding te skep en die gebruik van openbare vervoer aan te moedig;
- trots en vertroue deur middel van ontwerp kwaliteit te wek, en
- die waarde en aantreklikheid van eiendom deur middel van kwaliteitbeheer te verbeter.

9. Oorlegsone

- (a) Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepaling wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is;
- (b) Die bepaling van hierdie oorlegsone is algemeen van aard en mag met 'n mate van buigsamheid deur die Raad beoordeel word in die toepassing daarvan op spesifieke terreine, met dien verstande dat die doelwitte van hierdie sone in ag geneem sal word.

9.1 Grondgebruikbepalings

Die Raad mag die volgende grondgebruikbepalings op grond in die aktiwiteitsas oorlegsone van toepassing maak:

(a) Boulyne en terugsetlyne

Die Raad mag vereis dat die eerste twee verdiepings van enige gebou regstreeks langs die straatgrens gebou word, tensy:

- (i) 'n harde gelandskapeerde plein (vir tot en met 50% van die aansig van die gebou) tussen die aansig van die gebou en die straatgrens voorsien word;
- (ii) daar bewys kan word dat die bogenoemde verhouding onredelike ongerief veroorsaak, in welke geval die Raad mag vereis dat slegs 50% van die gebou se aansig regstreeks langs die straatgrens geplaas moet word, of
- (iii) die Raad toestem tot 'n onderhandelde ontwerp oplossing met verskillende terugsette, voetgangersypaadjies en afdakke, wat ruimte tussen die gebou en straatgrens benodig.

(b) Straathoekverpligtinge

Enige gebou wat op 'n hoekinterseksie geleë is, moet argitektoniese kenmerke wat die belangrikheid van voetgangerbeweging beklemtoon, op die grondvloer inkorporeer. Hierdie kenmerke mag gebou-afskuinsing, bedekte deurlooparkades en ander elemente wat visuele aandag op die hoeke fokus, insluit. Hoekinterseksies sluit die hoek aanliggend tot 'n openbare straat, 'n privaatstraat, 'n oprit of voetgangerstaproeite-interseksies in.

(c) Afdakke en sonskerms

- (i) Afdakke, sonskerms, traliewerke en ander bykomende gebou-strukture wat relatief oop is en nie voetganger- of voertuigbeweging beperk nie, mag met die vooraf verkreeë toestemming van die Raad oor die straatgrens uitsteek onderworpe daaraan dat 'n oorskrydingssooreenkoms tussen die Raad en die betrokke partye gesluit word;
- (ii) Afdakke behoort alle openinge op die grondvloer van elke gebou van son en reën af te skerm.

(d) Parkering-oriëntasie

- (i) Die Raad mag groot parkeergebiede tussen die straatgrens en die hoofaansig van die gebou verbied. Parkering behoort primêr aan die agterkant van die gebou geplaas te word;
- (ii) Voertuigtoegangspunte tot parkeergebiede moet spesiale aandag kry (byvoorbeeld die plavei daarvan waar die inrit die sypaadjie kruis);
- (iii) Waar parkering tussen die straatgrens en die hoofaansig van 'n gebou toegelaat word, mag die Raad van die eienaars en ontwikkelaars vereis om bome te plant en harde landskaperingselemente aan te bring.

- (e) **Straataansigverbeterings**
Eienaars of ontwikkelaars word aangemoedig om die straataansig aan die voorkant van hul geboue met plaveisel, plantbakke, banke, beligting en landskapering, te verbeter.
- (f) **Pleinbepalings**
'n Gebou mag op grondvlak teruggeplaas word van die straatgrens indien die gebied aangewys is as 'n voetgangerplein. Vir grond om as 'n voetgangerplein te kwalifiseer, moet die volgende spesifikasies in die ontwerp geïnkorporeer word:
- (i) die minimum-grootte van die plein moet 4m diep wees vir die volle lengte van die hele gebou-aansig wat van die straatgrens teruggeplaas is;
 - (ii) 'n minimum van 80% van die plein moet geplavei word met 'n dekoratiewe plaveisteen van gekleurde beton of steentekstuur of stene soos deur die Raad goedgekeur. Asfalt of gewone beton is nie as plavei-materiaal vir 'n plein aanvaarbaar nie, en
 - (iii) landskapering in ooreenstemming met 'n landskaperingsplan wat deur die Raad goedgekeur moet word, word vereis.
- (g) **Argitektoniese ontwerp**
- (i) Ten minste 50% van die oppervlakgebied van die aansig van die grondvloer van 'n gebou langs 'n openbare straat moet van 'n deursigtige materiaal, soos ongetinte glas, wees om voetgangers toe te laat om die binnekant van die gebou te kan sien;
 - (ii) Skoon soliede mure of kantlyne wat van 'n openbare straat sigbaar is, behoort vermy te word. Indien sulke mure wel nodig is vir binneshuise redes, moet die buitestruktuur van die muur 'n vorm van artikulasie ontvang, soos sonskerms of kroonlidsbande;
 - (iii) Die fasades van aangrensende strukture moet in die ontwerp van nuwe ontwikkeling in ag geneem word ten einde botsings in argitektoniese styl en materiale te voorkom.
- (h) **Beligting**
- (i) Die eienaar of ontwikkelaar word aangemoedig om beligting aan te bring as 'n element om 'n veilige en aantreklike aandomgewing te skep;
 - (ii) Buitenshuise beligting moet as deel van die oorhoofse argitektoniese tema van 'n gebou of ontwikkeling, ontwerp word. Vaste elemente, standaarde en blootgestelde bybehore moet in harmonie met die ontwerp van die gebou, die ontwerp van beligting en kenmerke van die naasliggende openbare ruimtes, wees;
 - (iii) Vir veiligheid, identifikasie en gemak, moet alle ingange van geboue, parkeergebiede en pleine deeglik belig word.

Bylae A. 10: Lughawe Oorlegsone (LHOS)

Algemene Beleidstelling

Lughawens is 'n belangrike deel van die moderne ekonomie en vervoerstelsel en vereis groot bedrae aan kapitaal-uitgawe om te bou en in stand te hou. Dit is belangrik om ontwikkeling rondom lughawens te bestuur om te verseker dat hul bedrywighede nie deur onvanpaste ontwikkeling benadeel word nie. Terselfdertyd kan lughawens 'n aansienlike impak op omliggende gebiede hê en hou dit ook potensieel gevaar in vir ontwikkeling binne die vlugstrokke van vliegtuie. Ontwikkeling rondom lughawens behoort versoenbaar te wees met lughawebedrywighede, terwyl die lughawe-operateurs kennis moet dra van die potensieële impak van hul operasies en dit moet temper.

Doel

Die doel met hierdie oorlegsone is om die veiligheid en algemene welstand van mense wat in die omgewing van lughawens woon, te bevorder deur eerstens, menslike blootstelling aan potensieële vliegtuigongelukke en hoë geraasvlakke veroorsaak deur lughawebedrywighede, te verminder en tweedens, deur te verseker dat ontwikkeling en grondgebruik versoenbaar is met die bedryf van lughawens. Grondgebruikbestuur in die omgewing van 'n bestaande lughawe moet toekomstige lughawe-ontwikkeling in ag neem sodat wanneer sulke ontwikkeling wel plaasvind, potensieële konflikte beperk kan word. Hierdie oorlegsone dien ook om voornemende inwoners in te lig dat hulle binne of in die nabyheid van 'n lughawe woon en dien ook om die gebied van potensieële impak en konflik aan te dui.

10. Toepassing van hierdie Regulasies

- (a) Die bepalinge van hierdie oorlegsone is bykomend tot die bepalinge wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is;
- (b) Hierdie bepalinge doen op geen manier afbreuk aan enige verpligtinge of vereistes in terme van nasionale en provinsiale wetgewing rakende lughawens nie.

10.1 Aanwys van vliegtuig-geraaskontoere

Vir doeleindes van grondgebruikbestuur, mag die Raad geraaskontoere binne die lughawe-oorlegsone aanwys.

- (a) Waar geraaskontoere deur die Raad aangewys is vir die bestaande bedrywighede en geprojekteerde bedrywighede oor die volgende 15 jaar, moet dit op 'n soneringskaart aangedui word;
- (b) Geraaskontoere moet deur die lughawe-eienaar of lughawe-operateur ingevolge nasionale beleid vir vliegtuiggeraas en -enjinuitlating, aan die Raad voorsien word;
- (c) Die Raad mag die perke van geraaskontoere van tyd tot tyd aanpas nadat die lughawe-eienaar of lughawe-operateur versoek is om die geraaskontoere te herbereken.

10.2 Grondgebruikbepalings

Die Raad mag die volgende grondgebruikbepalings op grond in 'n lughawe-oorlegsone toepas:

- (a) **Gebruike van grond**
Gebruike wat volgens die mening van die Raad die volgende karaktereenskappe het, kan nie toegelaat word nie:
 - (i) gekonsentreerde residensiële gebruike, arbeidsverwante gebruike of konsentrasie van ander kategorieë van mense vir langdurige tydperke;
 - (ii) gebruike wat die konsentrasie van mense wat nie in staat is om op noodsituasies te reageer nie, soos kinders, bejaardes en siek of gestremde persone, tot gevolg het;
 - (iii) gebruike wat verband hou met plofstowwe, brand, giftige materiaal, materiaal wat roes of ander materiaal wat gevaarlik vir lughawebedrywighede kan wees, en
 - (iv) gebruike wat noemenswaardige gevaar vir vliegtuie, vliegtuigkommunikasiesistelsels of sig van die loods inhou, soos bedrywe wat gasse afgee of direkte lig, indirekte weerkaatsing of elektroniese sturing van lughawebedrywighede veroorsaak.
- (b) **Voëlgevaaroorwegings**
Om die vestiging van groot getalle voëls in die omgewing van 'n lughawe te ontmoedig, mag die Raad vereis dat geen aktiwiteite soos varkboerdery en vrugteboerdery binne 'n radius van 3km van 'n lughawe plaasvind nie en dat geen voëltoevlugsoorde binne 'n radius van 8km van 'n lughawe gevestig word nie. Waar hierdie aktiwiteite wel binne hierdie gebiede toegelaat word, mag die Raad vereis dat die lughawe-eienaar redelike en praktiese maatreëls implementeer om te verseker dat die aanloopbaan en vlugroetes skoongehou word van voëls.
- (c) **Hoogte**
Addisioneel tot die bepaling van hierdie Regulasies, mag geen struktuur in 'n lughawe-oorlegsone op 'n hoogte hoër as die toepaslike hoogtebeperking soos deur die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Owerheid bepaal, opgerig word nie.
- (d) **Temper van geraas**
Geraasbeheerregulasies vir die vasstelling van geraasvlakke rondom lughawens word in terme van die Geraasbeheerregulasies, afgekondig ingevolge NEMA, gereël. Die geraasbeheerregulasies verwys, inter alia, na die standaard uiteengesit in die SABS publikasie (0117-1974) getiteld: "Gebruikskode vir die bepaling en beperking van steurnis om 'n vliegveld as gevolg van vliegtuiggeraas". Die volgende tabel identifiseer kategorieë van grondgebruike wat binne verskillende geraaskontoere geskik is en dien as 'n gids vir grondgebruike in verhouding tot vliegtuiggeraas in die nabyheid van lughawens.

Geraasindeks	Aanvaarbare grondgebruike
≤ 65dBA	Residensiële gebruike
≤ 75dBA	Residensiële gebruike met akoesties geïsoleerde geboue wat 'n afname van ten minste 20dBA van geraas tussen die buitekant en die binnekant van die gebou tot gevolg het
≤ 85dBA	Industriële en geassosieerde gebruike
> 85dBA	Geen ontwikkeling behoort toegelaat te word nie

Waar geboue op 'n bevredigende wyse geïsoleer kan word met 'n verskil van ten minste 20 dBA tussen die binnekant en die buitekant van die gebou, mag dit in 'n hoër geraaskontoer toegelaat word. Die geraasbeheerregulasies plaas 'n algemene verbod op die oprigting van opvoedkundige, residensiële, hospitaal-, kerk- of kantoorgeboue binne die "beheerde gebied", tensy akoestiese afskermingsmaatreëls getref is om aanvaarbare binneshuise geraasvlakke tot 40 dBA binne die gebou gemeet, te verseker. 'n "Beheerde gebied" word gedefinieer as 'n grondgebied toegewys deur die plaaslike owerheid, in die geval van vliegtuiggeraas in die nabyheid van 'n lughawe, geprojekteer vir 'n 15-jaar periode, en oorskry 65 dBA.

(e) **Daarstel van 'n lughawe omgewingskomitee**

- (i) Die Raad mag 'n lughawe omgewingskomitee stig ten einde die Raad te adviseer met betrekking tot ontwikkeling rondom die lughawe en om openbare bewusmaking te bevorder;
- (ii) Die verwysingsraamwerk vir die lughawe omgewingskomitee moet deur die Raad bepaal word.

BYLAE B:**Kaart van die gebied vir die Swartland Soneringskema regulasies**

